# Riglyne vir die implementering van 'n portuurhelpersprogram in universiteitskoshuise


**Riana du Plooy**

B. Log. (UP)

B.Ed. (PU vir CHO)


Verhandeling voorgelê vir die graad Magister Educationis in Leer en Onderrig aan die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus).

Studieleier: Mev J.A. Rens

Medestudieleier: Prof. NJ Vreken

2005

Potchefstroom

# INHOUDSOPGAWE


Bedankings ........ ix

Opsomming ........ x

Abstract ........ xii

**Hoofstuk 1 Inleiding ........ 1**

1.1 Probleemstelling ........ 1

1.2 Probleemvrae ........ 2

1.3 Navorsingsdoelstellings ........ 3

1.4 Metodes van ondersoek ........ 3

1.4.1 Literatuurstudie ........ 3

1.4.2 Empiriese ondersoek ........ 3

1.4.2.1 Vraelyste ........ 4

1.4.2.1.1 Vraelys A ........ 4

1.4.2.1.2 Vraelys B ........ 4

1.4.2.1.3 Vraelys C ........ 4

1.4.2.2 Onderhoude ........ 4

1.4.2.3 Waarneming ........ 5

1.4.2.4 Statistiese tegnieke ........ 5

1.5 Navorsingsprogram ........ 5

1.6 Hoofstukindeling ........ 6

**Hoofstuk 2 Die aard en omvang van probleme wat studente ervaar ........ 7**

2.1 Inleiding ........ 7

2.2 Uitbranding ........ 8

2.3 Depressie ........ 11

2.4 Selfmoord ........ 14

2.5 Eetversteurings ........ 16

2.5.1 Anorexia Nervosa ........ 17

2.5.2 Bulimia nervosa ........ 19

2.6 Rook ........ 20

2.7 Dwelmmisbruik en -afhanklikheid ........ 21

2.8 Drankmisbruik ........ 23

2.9 Aggressie en geweld ..... 26
2.10 Seksuele aktiwiteite ..... 28
2.11 MIV/VIGS ..... 31
2.12 Ten slotte ..... 32
**Hoofstuk 3 Portuurhulp ..... 33**
3.1 Inleiding ..... 33
3.2 Begripsomskrywing ..... 33
3.2.1 Wat is portuurhulp? ..... 33
3.2.2 Wat is 'n portuurhelper? ..... 36
3.2.3 Wat behels 'n portuurhelpersprogram? ..... 38
**Hoofstuk 4 Riglyne vir die ontwerp en implementering van 'n portuurhelpersprogram in universiteitskoshuise ..... 49**
4.1 Inleiding ..... 49
4.2 Plomp se algemene onderwyskundige ontwerpmodel ..... 49
4.2.1 Die voorondersoekfase ..... 51
4.2.2 Die ontwerpfase ..... 52
4.2.3 Ontwikkelingsfase ..... 53
4.2.4 Evalueringsfase ..... 54
4.2.5 Implementeringsfase ..... 55
4.2.6 Bestuur ..... 55
4.3 Riglyne vir die ontwerp en implementering van 'n portuurhelpersprogram in universiteitskoshuise ..... 56
4.3.1 Behoeftebepaling ..... 56
4.3.2 Riglyne vir die ontwikkeling van 'n opleidingsprogram ..... 57
4.3.3 Seleksie van portuurhelpers ..... 58
4.3.4 Riglyne vir opleiding ..... 61
4.3.5 Portuurhelperportfolios ..... 63
4.3.6 Effektiewe bestuur ..... 64
4.3.7 Evalueringsproses ..... 64
4.3.8 Bemarking/reklame ..... 65
4.3.9 Gedragskode ..... 66
4.4 Samevatting ..... 66

**Hoofstuk 5 Empiriese ondersoek** .......... **67**
5.1 Inleiding .......... 67
5.2 Doel van die empiriese ondersoek .......... 67
5.3 Navorsingsmetode .......... 69
5.3.1 Navorsingsontwerp .......... 69
5.3.2 Meetinstrumente .......... 69
5.3.2.1 Vraelyste .......... 69
5.3.2.2 Kenmerke van die vraelyste .......... 69
5.3.2.2.1 Geldigheid en betroubaarheid van die vraelyste .......... 71
5.3.2.2.2 Semi-gestruktureerde onderhoude .......... 71
5.3.2.3 Waarneming .......... 72
5.3.3 Populasie .......... 72
5.3.4 Statistiese tegnieke .......... 72
5.4 Resultate .......... 73
5.4.1 Resultate van die behoeftebepaling: Vraelys A .......... 73
5.4.1.1 Aantal respondente per koshuis .......... 73
5.4.1.2 Samestelling van die ondersoekpopulasie .......... 74
5.4.1.2.1 Samestelling van die respondente ten opsigte van geslag .......... 74
5.4.1.2.2 Samestelling van die respondente ten opsigte van jaargroepe .......... 75
5.4.1.2.3 Samestelling van die respondente volgens moedertaal .......... 75
5.4.1.2.4 Samevattend .......... 76
5.4.1.2.5 Verskillende wyses van probleemoplossing .......... 76
5.4.1.3 Aantal respondente wat al van professionele hulp gebruik gemaak het .......... 81
5.4.1.4 Vereistes wat aan portuurhelpers gestel word .......... 81
5.4.1.5 Bereidheid om van portuurhulp gebruik te maak .......... 84
5.4.1.6 Aard en frekwensie van probleme wat studente ervaar .......... 86
5.4.2 Resultate van die evaluering van 'n portuurhelpersopleidingsgeleentheid vir universiteitskoshuisstudente .......... 92
5.4.2.1 Resultate van Vraelys B: Verwagtinge van die kursus .......... 92
5.4.2.1.1 Aantal vraelyste ingevul .......... 92
5.4.2.1.2 Beskrywing van die respondentgroep .......... 92
5.4.2.1.3 Beskrywing van die respondente volgens geslag .......... 93

5.4.2.1.4 Deelname aan die opleidingsgeleentheid ... 94
5.4.2.1.5 Houding teenoor die opleidingsgeleentheid ... 95
5.4.2.1.6 Beskikbare inligting oor die opleidingsgeleentheid ... 96
5.4.2.1.7 Verwagtinge van die kursus ... 97
5.4.2.1.8 Hulpverlening deur respondente ... 100
5.4.2.1.9 Die omskrywing van die begrip portuurhelper ... 102
5.4.2.1.10 Laaste opmerkings ... 103
5.4.2.2 Resultate van Vraelys C: Evalueringsvraelys na afloop van die portuurhelpersopleidingsgeleentheid ... 103
5.4.2.2.1 Aantal vraelyste ingevul ... 103
5.4.2.2.2 Beskrywing van die respondentgroep ... 103
5.4.2.2.3 Beskrywing van die respondente volgens geslag ... 103
5.4.2.2.4 Houding na afloop van die opleidingsgeleentheid ... 104
5.4.2.2.5 Verwagtinge oor die kursus ... 105
5.4.2.2.6 Evaluering van die kursusinhoud ... 107
5.4.2.2.7 Metode van aanbieding ... 110
5.4.2.2.8 Algemene tevredenheid met die opleidingsgeleentheid ... 113
5.4.2.2.9 Riglyne vir die ontwerp en implementering van 'n portuurhelpersprogram ... 114
5.4.2.3 Resultate van semi-gestruktureerde onderhoude met fasiliteerders van die portuurhelpersopleidingsgeleentheid vir universiteitskoshuisstudente ... 118
5.4.2.3.1 Agtergrond: ... 118
5.4.2.3.2 Terugvoer: ... 119
5.4.2.4 Waarneming tydens die portuurhelpersopleidingsgeleentheid vir universiteitskoshuisstudente ... 122
5.4.3 Resultate van semi-gestruktureerde onderhoude met kundiges ... 124
5.4.3.1 Semi-gestruktureerde onderhoude met persone by drie tersiêre opleidingsinstansies waar reeds op bepaalde wyses van portuurhulp gebruik gemaak word. ... 125
5.4.3.1.1 Opleidingsinstansie 1 ... 125
5.4.3.1.2 Opleidingsinstansie 2 ... 129
5.4.3.1.3 Opleidingsinstansie 3 ... 131

5.4.3.2 Semi-gestruktureerde onderhoud met 'n persoon wat as koördineerder dien van 'n portuurhelpersprogram wat by 'n sekondêre skool geïmplementeer is ... 131
5.4.4 Samevattende bevindings uit die empiriese ondersoek ... 133
5.4.5 Samevatting ... 135
**Hoofstuk 6 Samevatting, algemene gevolgtrekkings en aanbevelings ... 136**
6.1 Inleiding ... 136
6.2 Samevatting ... 136
6.3 Aanbevelings ... 138
6.3.1 Aanbevelings vir verdere navorsing ... 139
6.4 Ten slotte ... 139
**Bronnelys ... 140**
**Bylaes ... 147**
Bylaag A: Vraelys oor die moontlike behoefte aan portuurhulp in koshuise ... 147
Bylaag B: Vraelys oor die verwagtinge van die kursus ... 152
Bylaag C Evalueringsvraelys na afloop van die kursus ... 154
Bylaag D: Opleidingsgeleentheid van portuurhelpers vir die universiteitskoshuis-opset te Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit op 20-21 Februarie 2004: besonderhede van die fasiliteerders ... 156
Bylaag E: Besonderhede van kundiges by tersiêre opleidinginstansies waarmee semi-gestruktureerde onderhoude gevoer is. ... 157
Bylaag F: Besonderhede van kundige by sekondêre opleidinginstansies waarmee semi-gestruktureerde onderhoud gevoer is ... 159

**LYS VAN FIGURE**

Figuur 3.1 Die hulpverleningsproses binne 'n Portuurhelpersprogram ... 40
Figuur 4.1 Die verskillende fases van Plomp se algemene onderwyskundige ontwerpmodel ... 50
Figuur 5.1 Verskillende wyses van probleemhantering van studente in universiteitskoshuise ... 80

## LYS VAN TABELLE


Tabel 3.1 'n Groepering van verskillende portuurhelpersprogramme .... 42
Tabel 5.1 Aantal respondente per koshuis .... 73
Tabel 5.2 Geslag van respondente .... 74
Tabel 5.3 Jaargroep van die respondente .... 75
Tabel 5.4 Taalgroep van die respondente .... 75
Tabel 5.5 Mate waarin respondente van verskillende wyses gebruik maak om meer ernstige tipe probleme te hanteer .... 77
Tabel 5.6 Professionele hulpverlening .... 81
Tabel 5.7 Vereistes wat aan portuurhelpers gestel word .... 82
Tabel 5.8 Die mate waarin respondente bereid sou wees om van goed opgeleide portuurhelpers gebruik te maak .... 85
Tabel 5.9 Aard en frekwensie van probleme wat studente ervaar .... 86
Tabel 5.10 Top 20 probleme .... 88
Tabel 5.11 Geslag van respondente .... 93
Tabel 5.12 Woon jy die kursus vrywillig by? .... 94
Tabel 5.13 Is daar enige druk geplaas om by te woon? .... 95
Tabel 5.14 Sien jy uit na die kursus? .... 95
Tabel 5.15 Sou jy vooraf meer wou geweet het oor die kursus? .... 96
Tabel 5.16 Verwag jy dat die kursus interessant gaan wees? .... 97
Tabel 5.17 Verwag jy dat die inhoude relevant gaan wees? .... 97
Tabel 5.18 Verwag jy dat jy baie sal moet sit en luister? .... 98
Tabel 5.19 Sou jy graag wou hê dat jy aktief deelneem aan die kursus? .... 98
Tabel 5.20 Verwag jy a) dat jy nuwe kennis gaan opdoen, b) jy bepaalde vaardighede gaan ontwikkel, c) jy bepaalde waardes gaan aanleer, d) jou gesindheid teenoor mede-studente gaan verander? .... 99
Tabel 5.21 Ervaar jy dat mense na jou toe kom met hulle probleme? .... 100
Tabel 5.22 Voel jy bevoeg om hulle te help? .... 101
Tabel 5.23 In watter hoedanigheid kom mense na jou toe? .... 101
Tabel 5.24 Geslag van respondente .... 104
Tabel 5.25 Het jy die kursus geniet? .... 104
Tabel 5.26 Het die kursus aan jou verwagtinge voldoen? .... 105

Tabel 5.27 Het jy a) bepaalde vaardighede ontwikkel, b) bepaalde waardes aangeleer? .......... 105
Tabel 5.28 Was die inhoude van die kursusse relevant en interessant? .......... 107
Tabel 5.29 Is daar enige areas wat volgens jou nie aangespreek is in die kursus nie? .......... 109
Tabel 5.30 Was die metode van aanbieding effektief? .......... 110
Tabel 5.31 Was die aktiwiteite van die kursus effektief? .......... 111
Tabel 5.32 Was die kursusmateriaal voldoende en effektief? .......... 111
Tabel 5.33 Sou jy verkies dat die kursus oor 'n langer tydperk strek? .......... 112
Tabel 5.34 Sou jy die kursus aanbeveel aan iemand anders? .......... 113
Tabel 5.35 Dink jy 'n Portuurhelpersprogram a) is nodig en b) kan werk? .......... 115
Tabel 5.36 Dink jy daar is 'n behoefte aan 'n Portuurhelpersprogram a) op kampus, b) in koshuise en c) op ander plekke? .......... 115
Tabel 5.37 Wie op kampus dink jy moet almal betrokke wees by 'n Portuurhelpersprogram? .......... 117

# BEDANKINGS

***Met opregte dank en waardering aan:***

- Mev. J. A. Rens wat as studieleier opgetree het, vir haar motivering en ondersteuning
- Prof. N.J. Vreken wat as mede-studieleier opgetree het, vir sy inspirasie en geduld
- Mev. Rinske Vreken van Grafiese Dienste by die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit vir die ontwerp van die grafiese voorstellings en die tegniese versorging van hierdie verhandeling
- Die Statistiese Konsultasiedienste van die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit vir die statistiese verwerking van die data
- Al die kundige persone waarmee onderhoude gevoer is, vir die tyd wat hulle afgestaan het en die entoesiasme waarmee hulle hulle kennis gedeel het
- Al die studente wat aan die ondersoek deelgeneem het

***En dan 'n spesiale dankie aan:***

- Koos, Dries, Nico en Rinske-Mari, my lag en my lewe
- Jan, vir liefde, aansporing en onwrikbare geloof
- Ma en Pa, vir julle onvoorwaardelike liefde en begrip
- Ma Mart en Pa Jan, vir soveel aanmoediging en ondersteuning
- My hele familie, vir julle belangstelling
- My vriendinne Jules en Magda
- Marie, my linker- en regterhand

DEUR GENADE ALLEEN

# OPSOMMING


Die doel van hierdie studie was om 'n omvattende beskrywing te gee van wat 'n portuurhelpersprogram behels en om riglyne daar te stel vir die ontwerp en implementering van 'n portuurhelpersprogram in universiteitskoshuise.

Ten einde hierdie doelstellings te bereik, is daar eerstens 'n omvattende literatuurstudie gedoen om die aard en omvang van probleme wat studente van tersiêre opleidingsinstansies ervaar, te bepaal. Daar is tot die gevolgtrekking gekom dat studente vandag voor baie probleme en uitdagings te staan kom en dat daar 'n groot behoefte aan effektiewe hulpverlening bestaan. Verder is die begrippe portuurhulp, portuurhelper en portuurhelpersprogram vanuit die literatuur beskryf en portuurhulp is as 'n effektiewe wyse van hulpverlening binne die universiteitskoshuisopset geïdentifiseer. Riglyne vir die suksesvolle en effektiewe ontwerp en implementering van 'n portuurhelpersprogram vir universiteitskoshuise is vanuit die literatuur opgestel en Plomp se algemene onderwyskundige ontwerpmodel is hier as vertrekpunt gebruik.

Die empiriese ondersoek het die vorm van 'n gevallestudie aangeneem aangesien dit slegs by die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit uitgevoer is. Die empiriese ondersoek het ten doel gehad om vas te stel of daar werklik 'n behoefte by studente in universiteitskoshuise bestaan om van 'n portuurhelpersprogram in die koshuis gebruik te maak, om riglyne vir die effektiewe ontwerp en implementering van 'n portuurhelperstelsel te ondersoek en om ondersoek in te stel na die doeltreffende opleiding van portuurhelpers vir universiteitskoshuise. Daar is van vraelyste, waarneming en semi-gestruktureerde onderhoude met kundiges op die terrein van portuurhulp, gebruik gemaak om tot die volgende algemene gevolgtrekkings te kom:

- Studente is tot 'n groot mate geneig om probleme van 'n meer ernstige aard te hanteer deur dit met vriende/inne waarmee hulle in 'n noue persoonlike verhouding staan, te deel.
- Daar bestaan 'n behoefte aan 'n portuurhelpersprogram vir universiteitskoshuise, studente is bereid om van so 'n program gebruik te maak en studente sou graag self aan die voorpunt wil staan van die organisering en bestuur van so 'n program.

- Ten einde 'n portuurhelpersprogram in 'n universiteitskoshuisopset suksesvol en toepaslik te ontwerp en te implementeer, gestelde riglyne vir die ontwerp en implementering van so 'n program gevolg behoort te word.

Aan die einde van die studie word aanbeveel dat 'n portuurhelpersprogram in elke universiteitskoshuis of –kampus geïmplementeer behoort te word ten einde die groeiende behoefte aan hulpverlening onder studente van tersiêre opleidingsinstansies in Suid-Afrika effektief aan te spreek. Verskeie aanbevelings vir verdere navorsing word gemaak.



Sleutelwoorde: peer helping, peer helpers, natural helpers, peer relationships, peer helping programmes, university students and college students problems: health; mental health; burnout; depression; suicide; alcohol disorders; smoking; drug abuse; eating disorders; violence; HIV/AIDS; sexual activities; rape.

# ABSTRACT

The purpose of this study is to provide a comprehensive description of what a peer helper programme is and to set guidelines for the design and implementation of a peer helping programme for university residence students.

In order to achieve these objectives a literature study was firstly conducted to attain a good understanding of the problems that students of tertiary institutions are currently experiencing. The conclusion was made that students are today faced with a lot of frustrations, problems and challenges resulting in a need for care, support and effective help. Secondly the terms "peer helping", "peer helper" and "peer helper programmes" were defined and peer helping was consequently identified as an effective way of addressing the need for help in the student community. This was followed by a description of guidelines for the design and implementation of a peer helper programme for students in university residences. Plomp's general educational design model was used as a point of reference in the setting of these guidelines.

An empirical study was done in the form of a case study as it was exercised only at the Potchefstroom Campus of the North-West University. The aims of the empirical research were to determine firstly if there was a real need for the implementation of a peer helper programme among students in university residences; secondly, to look into and examine the guidelines set for the design and implementation of a peer helpers' programme in university residences, and finally to evaluate the efficacy of the training of peer helpers for university residences. Questionnaires, observations and semi-structured interviews were used in the empirical study in order to come to the following general conclusions:

- Students tend to confide in friends when they experience problems of a more serious nature. In other words they share their problems and concerns with people whom they are in a close relationship with.
- There is a definite need for a peer helpers' programme in university residence environments. Students are willing to take part and make use of such a programme and students want to take the lead in organising and managing such a programme.

- In order to design and implement a peer helpers' programme successfully in a university residence, the set guidelines for the effective designing and implementation of such a programme should be followed.

Finally it is recommended that a peer helpers' programme should be implemented in every residence or on the campus of every university or tertiary institution in South Africa in order to address the growing need for help among students, effectively. Various recommendations for further research were made.


Key words: peer helping, peer helpers, natural helpers, peer relationships, peer helping programmes, university students' and college students' problems, health, mental health, burnout, depression, suicide, alcohol disorders, smoking, drug abuse, eating disorders, violence, HIV/AIDS, sexual activities, rape.

# HOOFSTUK 1

# INLEIDING

## 1.1 PROBLEEMSTELLING

Gedurende die afgelope tyd het die openbare media in Suid-Afrika sterk gefokus op die studentelewe van veral koshuisstudente op universiteitskampusse. Daar het verskeie insidente by universiteitskoshuise plaasgevind wat vrae laat ontstaan het oor die sedelike en morele lewe van studente in koshuise. "Wat word van ons studente?" vra 'n populêre tydskrif (Els, 2003:54) in 'n spesiale verslag oor studentepraktyke wat op Suid-Afrikaanse kampusse heers. Al hoe groter kommer word uitgespreek oor die welstand van koshuisstudente op verskeie universiteitskampusse.

Tydens gesprekke met huisouers (inwonende personeel) van die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit is dit gestel dat probleme onder studente in koshuise aan die toeneem is. Die algemene gevoel is dat drankmisbruik, emosionele probleme, finansiële probleme, onsedelike gedrag, interpersoonlike probleme, geweld, selfmoord-pogings, ensomeer, elke jaar toeneem (Vreken, Vreken, Rens, Rens & Du Plooy, 2003). Tydens 'n ondersoek na die waarde-oriëntering van koshuisstudente aan die Potchefstroomskampus van die Noordwes-Universiteit (Vreken & Rens, 2001) is bevind dat daar 'n geweldige diskrepansie tussen die prioritisering en die uitleef van studente se religieuse en morele waardes bestaan. Betekenisvolle inligting is verkry oor probleme wat in universiteitskoshuise geïdentifiseer is. So byvoorbeeld het dit geblyk dat 40,9% van studente, maar veral manstudente, geweld as 'n aanvaarbare manier sien om van aggressie en frustrasie ontslae te raak. 31% van manstudente en 18% van damestudente het aangedui dat hulle alkohol op 'n gereëlde basis (1-3 keer 'n week) gebruik en 40% van mansrespondente het erken dat hulle een tot twee keer per maand te veel drink. Dit het verder geblyk dat daar 'n aansienlike persentasie van die studente was wat gevoel het dat hulle drinkgewoontes vir hulle 'n probleem geword het. 16% van die studiepopulasie sou graag hulp wou ontvang teen drankmisbruik, terwyl 'n verdere 7% onseker was of hulle hulp nodig het of nie. Die ondersoek na die studente se waardes het verder aangetoon dat 31% van die studente al op een of ander tydstip

seksueel aktief was. Dit het die gevaar om MIV/VIGS op te doen al hoe groter laat word (Vreken & Rens, 2001:13).

Die vraag ontstaan gevolglik waarheen studente gaan wat probleme ervaar. Tans is daar verskeie professionele dienste op universiteitskampusse beskikbaar wat na probleme van studente omsien. Hierdie dienste word egter op vrywillige basis deur studente besoek en hulle moet self aanmeld vir hulpverlening. Uit die literatuur blyk egter dat studente waarskynlik hulle probleme meestal eerder met vriende of lede van hulle portuurgroep sal bespreek (Tanaka & Reid, 1997:29; Anon., 2003; De Jager, 2004).

Volgens die huisouers is die studente spontaan besig om sogenaamde omgeegroepe te stig wat poog om uit te reik na ander studente in nood (Vreken *et al.*, 2003). Die probleem is egter dat hierdie studente nie opgelei is vir hierdie taak nie en dat hulle op 'n lukraakwyse te werk gaan. Dit kan moontlik dramatiese gevolge hê. Daar is reeds in 1996 (Lewis & Lewis, 1996:307) 'n vergelykende studie gedoen na die gevolge, hetsy positief of negatief, van verskillende portuurhelpersprogramme. Hierdie studie het bevind dat by instansies waar programme voorkom waar portuurhelpers nie goed geselekteer en opgelei is nie, asook nie ondersteun en geëvalueer word deur professionele persone nie, meer selfmoordpogings voorgekom het as by enige ander opset.

'n Deeglike opleidingsprogram is dus nodig om studente toe te rus met die nodige hulpverleningsvaardighede om mede-studente wat probleme, bekommernisse en frustrasie ervaar, te ondersteun en te help (Anon., 2003; De Jager, 2003a). Elke koshuis se hulpprogram behoort behoorlik gestruktureer te word (De Jager, 2003a; Lewis & Lewis, 1996:314). Na hierdie hulpprogram sal vervolgens verwys word as 'n portuurhelpersprogram.

In die volgende afdeling gaan probleemvrae geformuleer word wat direk spruit uit die probleemstelling.

## 1.2 PROBLEEMVRAE

i) Wat behels 'n portuurhelpersprogram?

ii) Watter riglyne kan gestel word om 'n portuurhelpersprogram effektief binne 'n universiteitskoshuisopset te laat funksioneer?

## 1.3 NAVORSINGSDOELSTELLINGS

Die doel van hierdie studie was om:

i) 'n Omvattende beskrywing te gee van wat 'n portuurhelpersprogram behels.

ii) Riglyne te stel vir die implementering van 'n portuurhelpersprogram in universiteitskoshuise.

## 1.4 METODES VAN ONDERSOEK

### 1.4.1 Literatuurstudie

'n Literatuurstudie is onderneem om eerstens ondersoek in te stel na die probleme wat studente aan tersiêre opleidingsinstansies ervaar. Tweedens om op hoogte te kom van navorsing wat al op die terrein van portuurhulp gedoen is. Daar is veral gefokus op programme wat by sekondêre en tersiêre opleidingsinstansies geïmplimenteer is. 'n Literatuursoektog is op die Internet uitgevoer en die Ferdinand Postma Biblioteek was behulpsaam gewees om bronne met 'n DIALOG-soektog en bronne op die NEXUS- en ERIC-databasisse na te slaan. Die volgende trefwoorde het vir die soektogte gegeld: peer helping, peer helpers, natural helpers, peer relationships, peer helping programmes, university students and college students problems, health, mental health, burnout, depression, suicide, alcohol disorders, smoking, drug abuse, eating disorders, violence, HIV/AIDS, sexual activities, rape.

### 1.4.2 Empiriese ondersoek

Die empiriese ondersoek het die vorm aangeneem van 'n gevallestudie aangesien dit slegs by die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit uitgevoer is.

Ten einde aan doelstelling 1.3 ii te voldoen is van die volgende metodes gebruik gemaak:

#### 1.4.2.1 Vraelyste

##### 1.4.2.1.1 Vraelys A

Vraelys A is ontwikkel om die behoefte aan portuurhulp in universiteitskoshuise te bepaal. Daar is gepoog om ongeveer duisend koshuisstudente aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit by die vraelysondersoek te betrek. Die doel van die vraelys was om vas te stel wat die aard en omvang van die probleme is wat studente ervaar, hoe hulle dit probeer hanteer en wat die vereistes is wat hulle aan 'n portuurhelper sou stel.

##### 1.4.2.1.2 Vraelys B

Vraelys B is ontwikkel met die doel om die verwagtinge, gesindhede en houdings van kursusgangers voor die aanvang van 'n portuurhelpersopleidingsgeleentheid vir universiteitskoshuistudente te evalueer

##### 1.4.2.1.3 Vraelys C

Vraelys C is ontwikkel om na afloop van die opleidingsgeleentheid van portuurhelpers vir die universiteitskoshuisopset die sukses van die opleiding te evalueer.

#### 1.4.2.2 Onderhoude

Semi-gestruktureerde onderhoude is met kundiges op die gebied van portuurhulp gevoer. Hierdie kundiges het ingesluit:

- Persone by drie tersiêre opleidingsinstansies waar reeds op bepaalde wyses van portuurhulp gebruik gemaak word.
- 'n Persoon wat as koördineerder dien van 'n portuurhelpersprogram wat by 'n sekondêre skool geïmplementeer is.
- Persone wat verantwoordelik was vir die opleiding van portuurhelpers vir universiteitskoshuise aan die Noordwes-Universiteit se Potchefstroomkampus.

#### 1.4.2.3 Waarneming

Waarneming het plaasgevind tydens 'n opleidingsgeleentheid van portuurhelpers vir universiteitskoshuise.

#### 1.4.2.4 Statistiese tegnieke

Die Statistiese Konsultasiediens van die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit is geraadpleeg met die opstel van die vraelyste. Geskikte statistiese tegnieke (hoofsaaklik beskrywende statistiek) is gebruik met die verwerking van die data.

## 1.5 NAVORSINGSPROGRAM

- Literatuurstudie
- Toestemming om vraelys A in koshuise af te neem
- Samestelling van vraelys A
- Afneem van vraelys A
- Toestemming om Vraelys B en C tydens 'n portuurhelpersopleidingsgeleentheid vir universiteitskoshuisstudente af te neem
- Samestelling van Vraelys B en C
- Afneem van Vraelys B en C tydens 'n portuurhelpersopleidingsgeleentheid vir universiteitskoshuisstudente
- Waarneming tydens 'n portuurhelpersopleidingsgeleentheid vir universiteitskoshuisstudente
- Samestelling van onderhoudskedule
- Afneem van onderhoude
- Bespreking en interpretering van resultate
- Gevolgtrekkings en aanbevelings

## 1.6 HOOFSTUKINDELING

Hoofstuk 1: Inleiding

Hoofstuk 2: Die aard en omvang van probleme wat studente ervaar

Hoofstuk 3: Portuurhulp

Hoofstuk 4: Riglyne vir die ontwerp en implementering van 'n Portuurhelpersprogram in Universiteitskoshuise

Hoofstuk 5: Empiriese ondersoek

Hoofstuk 6: Samevatting, algemene gevolgtrekkings en aanbevelings

# HOOFSTUK 2

# DIE AARD EN OMVANG VAN PROBLEME WAT STUDENTE ERVAAR

## 2.1 INLEIDING

Studentejare word dikwels beskryf as die beste jare van jou lewe! Dit word geassosieer met sorgvryheid en plesier, of 'n tydperk van absolute vryheid voordat die verantwoordelikhede van die beroepswêreld aanbreek. Dit is egter ook 'n kritiese tydperk van aanpassing, uitdagings en verandering wat al hoe meer probleme onder studente tot gevolg het. Daar word dikwels kommer uitgespreek oor die welstand van studente op Suid-Afrikaanse kampusse. In hierdie hoofstuk gaan daar gepoog word om die aard en omvang van die mees algemene probleme wat onder studente voorkom vanuit die literatuur te beskryf, ten einde 'n meer volledige beeld van die huidige situasie op universiteitskampusse te kry.

Alvorens daar met die bespreking van die bevindinge van die literatuurstudie voortgegaan word, is dit belangrik om te noem dat, alhoewel daar heelwat navorsing beskikbaar is oor die voorkoms van probleme onder studente aan tersiêre opleidingsinstansies in oorsese lande, soos byvoorbeeld die Verenigde State van Amerika (VSA), daar baie min navorsing beskikbaar is oor probleme wat studente van tersiêre opleidingsinstansies in Suid-Afrika ervaar. 'n Rede wat hiervoor aangevoer kan word, is dat navorsingsresultate dikwels as sensitiewe inligting beskou word en nie gepubliseer word nie. Verder moet dit genoem word dat nie alle navorsing by tersiêre opleidingsinstansies in Suid-Afrika in hierdie studie gebruik kan word nie. Aangesien die empiriese ondersoek tot die studente van koshuise van die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit beperk is waar die oorgrote meerderheid van studente blank en Afrikaanssprekend is, is navorsings wat onder oorwegend Swart-, Kleurling- en Indiërstudente in Suid-Afrika gedoen is nie altyd relevant nie. Daar sal egter sover moontlik gepoog word om vanuit die beskikbare literatuur algemene tendense aan te dui rondom die probleme wat studente ervaar.

Die verskillende probleme sal die volgende insluit naamlik: uitbranding, depressie, selfmoord, eetversteurings, rook, dwelmmisbruik of -afhanklikheid, drankmisbruik, aggressie en geweld, seksuele aktiwiteite en MIV/VIGS.

## 2.2 UITBRANDING

Uitbranding, meer algemeen bekend as "burnout", is 'n toestand wat ontstaan as gevolg van 'n lang periode van voortdurende spanning of stres. Die persoon word al hoe moeër totdat sy/haar energievlakke totaal uitgeput raak en daar van uitbranding gepraat kan word. 'n Persoon se energie en interne hanterings- of "coping"-meganismes word getap as gevolg van uitermatige eise wat deur die persoon aan hom/haarself gestel word, of as gevolg van eise deur byvoorbeeld familie, vriende, die werksomgewing, akademie, die samelewing (byvoorbeeld die koshuis waarin die persoon bly), ensomeer. Hierdie totale emosionele uitputting het 'n direkte impak op 'n persoon se motivering, houding en gedrag (Wholistic Stress Control Institute, 2004).

Tipiese gedragskenmerke van iemand wat geneig sal wees om aan uitbranding te ly, word soos volg uiteengesit (Repak, 2004):

- doen 'n aantal dinge gelyktydig (byvoorbeeld praat op die telefoon, skryf iets op 'n boek, draai en swaai in die stoel, wink iemand nader)
- voel skuldig as hy/sy ontspan
- is gou verveeld met ander se gesprekke, wil hulle aanjaag, sinne voltooi, onderbreek
- stuur gesprekke na eie belangstellings of onderwerpe in plaas daarvan om na ander persone se gesprekke te luister
- kom angstig en gespanne voor wanneer besig is met 'n taak, fokus net om dit af te handel sodat die volgende taak aangepak kan word
- is slegs gefokus op die taak waarmee besig is, vergeet van die omgewing
- verkies om iets te besit eerder as om iets te beleef
- doen alles teen 'n vinnige tempo (eet, praat, loop)
- beleef sekere mense as 'n uitdaging maar ander as 'n frustrasie

- kom fisies gespanne en assertief voor
- die wenmotief is baie belangrik eerder as deelname
- vind dit moeilik om vir hom-/haarself te lag
- kan nie delegeer nie
- vind dit byna onmoontlik om 'n vergadering by te woon sonder om 'n spreekbeurt te neem
- verkies aktiewe vakansies
- dryf om gestelde doelwitte te bereik sonder om werklik te weet wat hulle van die lewe wil hê

In die akademiese gemeenskap kom moegheid al hoe meer voor. Daar word tans meer aandag aan hierdie verskynsel gegee, omdat dit 'n al hoe groter probleem op universiteitskampusse word.

Min navorsing is al gedoen om die probleem van uitbranding by studente te omskryf. Dit blyk egter dat studente eerstens uitbranding ervaar as gevolg van 'n akademiese leeromgewing waar uitermatige hoë insette verwag word van studente, maar waar daar nie steunstrukture bestaan wat die effektiewe hantering van hierdie druk moontlik maak nie. Twee faktore wat verantwoordelik is vir die voorkoms van uitbranding as gevolg van akademiese druk, is emosionele uitputting en die gebrek aan die gevoel van kundigheid of prestasie. Emosionele moegheid het 'n groot invloed op 'n student se prestasie en affekteer persoonlike toewyding. Hoe moeër die student voel, hoe minder sien hy/sy kans vir die aanpak van studie-opdragte of leerwerk vir toetse, hoe swakker vaar hy/sy op akademiese gebied, hoe harder probeer die student om die gevoel van beheer oor sy akademiese prestasie terug te kry, wat weer tot verdere emosionele en fisiese uitputting lei (Repak, 2004).

Uitputting vind in verskillende fases plaas. Dit begin by 'n intense dryf om in beheer te wees. Die persoon is bereid om homself dinge te ontsê soos byvoorbeeld rus, 'n gesonde eetpatroon of slaap, asook om enige opoffering te maak wat nodig is (Wholistic Stress Control Institute, 2004). Volgens Repak (2004) is daar ook sigbare fisiese gevaartekens wat waargeneem kan word naamlik: verminderde stamina, slaapprobleme, gewigsverlies en verlies aan aptyt, geneigdheid tot ongelukke of selfbe-

serings, verhoogde vatbaarheid vir siektes, psigosomatiese simptome soos hoofpyn, rugpyn, maagsere, die misbruik van alkohol of dwelmmiddels, verhoogde bloeddruk en hartprobleme. Na die fisiese waarneembare tekens volg 'n proses van onttrekking, isolasie, konflik met ander, byvoorbeeld 'n kamermaat, en sigbare gedragsveranderings. Gevoelens van ontkenning, depressie, angstigheid en woede gaan dikwels met die proses gepaard. Die gevolg is dat die persoon aan totale uitputting en uitbranding ly (Repak, 2004; Wholistic Stress Control Institute, 2004).

In 'n ondersoek na die voorkoms van uitbranding by 'n groep van 404 na-graadse studente van verskeie tersiêre opleidingsinstansies in die VSA, is bevind dat die oorgrote meerderheid van hierdie studente geneig is tot emosionele uitputting en uitbranding. 55% van die respondente wat aan die studie deelgeneem het, het gevoel dat die hantering van stres en uitbranding vir hulle 'n geweldige uitdaging bied. 70% van die respondente het aangedui dat hulle grootste bekommernis die behoud van 'n "gebalanseerde lewe" is, met ander woorde om ook tyd te hê vir vriende, sosiale aktiwiteite, familie en om beheer te kan hê oor hulle lewens (Repak, 2004).

Die gebrek aan kontakgeleenthede en verminderde kontaktyd met dosente het 'n belangrike nadelige invloed op akademiese sukses. Nagraadse studente ervaar dikwels nie ondersteuning en rigtinggewing nie en dit bring 'n gevoel van hulpeloosheid by die studente mee (Repak, 2004). Hierdie gevoel geld egter nie net vir nagraadse studente nie, dikwels word kontaktyd by voorgraadse kursusse ook tot die minimum beperk en kom dosente ontoeganklik voor. Eerstejaarstudente veral moet by die hoë tempo, groot werkslading en minimum steungewing van die akademiese omgewing van die universiteit aanpas.

'n Tweede faktor wat bydra tot die ervaring van emosionele uitputting en uitbranding is die omgewing. Aangesien nagraadse of seniorstudente dikwels aktief betrokke is by koshuis- en kampusaktiwiteite (byvoorbeeld as huiskomiteelede, studenteraadslede, organiseerders van projekte, ensomeer) het hulle 'n oorvol program en word daar vanuit verskeie oorde op hulle tyd aanspraak gemaak. Vryetyd om aandag te gee aan persoonlike behoeftes soos byvoorbeeld om uit te rus, te oefen of tydsbeplanning te doen, is baie min (Repak, 2004).

'n Ander faktor wat bydra tot die verhoogde ervaring van emosionele uitputting by studente is finansiële druk. 46% van studente in die bogenoemde studie onder nagraadse studente in die VSA het aangedui dat hulle finansiële druk ervaar. Studies

bring dikwels 'n groot skuldlas mee en baie studente moet ekstra werk doen om hulle finansiële verpligtinge na te kom (Repak, 2004). Hierdie aspek bring dus mee dat studente nie alleen akademiese en sosiale druk moet hanteer nie, maar ook die druk, verantwoordelikheid en verpligtinge van 'n ekstra werk.

Dit is dus duidelik dat studente 'n hoë-risikogroep vir emosionele uitputting en uitbranding is. Die mate waartoe emosionele uitputting ervaar word, hang af van elke individu se individuele aanpasbaarheid, die mate waarin die student kontak het met en ondersteuning kry van sy/haar fakulteit, asook die mate waartoe die student steun van vriende of familie ontvang.

## 2.3 DEPRESSIE

Alle mense ervaar van tyd tot tyd 'n gevoel van neerslagtigheid, twyfel en pessimisme, soos byvoorbeeld wanneer 'n verhouding opbreek, swak toets- of eksamenresultate behaal is, of daar dood van 'n naby-persoon is. Sulke reaksies is in die reël normaal. Kliniese (abnormale) depressie kan egter geïdentifiseer word wanneer 'n groter variasie in simptome voorkom, die simptome meer ernstig is en die toestand langer duur. Die persoon se hele wese word geaffekteer aangesien die simptome vir lang tydperke voortduur en nie "opklaar" nie (Louw & Van Jaarsveld, 1990:167).

**Tekens/simptome van depressie:**

- Die belangrikste kenmerk van depressie is 'n gevoel van intense neerslagtigheid. Hierdie gevoel kan wissel van 'n relatief ligte terneergedruktheid tot 'n gevoel van totale hulpeloosheid, wanhoop en eensaamheid (Louw & Van Jaarsveld, 1990:168).
- Huil maklik (Louw & Van Jaarsveld, 1990:168; Holland, 2004; USF, 2004).
- Die verlies aan hoop vir die toekoms. 'n Student sal dus twyfel aan die sin van die lewe en aan die sin van sy/haar studies. Daar sal ook getwyfel word oor moontlike loopbaanvooruitsigte en kommer sal bestaan dat daar nie 'n toekoms is na sy/haar studies afgehandel is nie (Louw & Van Jaarsveld, 1990:168; Holland, 2004; USF, 2004).

- Eet- en gewigsversteurings. Die meeste depressiewe persone het 'n swak eetlus en verloor gewig, terwyl dit soms gebeur dat die depressiewe persone weer meer eet en hul gewig toeneem (Louw & Van Jaarsveld, 1990:168; Holland, 2004; USF, 2004).
- Slaapversteurings. Versteurings in die slaappatroon is 'n algemene klagte van persone met depressie. Dit word veral gekenmerk deur vroegdag wakker te word, probleme om aan die slaap te raak, onrustige slaap met gereeld wakker word, of te veel slaap. Die persone is dus altyd moeg, rusteloos en geïrriteerd en voel nooit uitgerus nie (Louw & Van Jaarsveld, 1990:168; Holland, 2004; USF, 2004).
- Psigomotoriese versteurings. Daar bestaan twee vorme van hierdie versteurings, naamlik psigomotoriese vertraging en psigomotoriese agitasie. In die eerste geval skep die persoon 'n beeld van uiterste moegheid en word daar oor die algemeen stadig geloop, gereageer, gepraat, asof dit baie moeite is. Die tweede vorm is weer 'n toestand van rusteloosheid. Die persoon vind dit moeilik om te ontspan en stil te sit (Louw & Van Jaarsveld, 1990:168).
- Verlies aan belangstelling en genot. Die persoon vind geen plesier in dinge wat hy/sy voorheen baie geniet het nie, toon geen belangstelling in byvoorbeeld stokperdjies nie en geniet nie meer sosiale verkeer nie (Louw & Van Jaarsveld, 1990:168; Holland, 2004; USF, 2004).
- 'n Sterk daling in energievlakke kom voor (Louw & Van Jaarsveld, 1990:168; Holland, 2004; USF, 2004).
- Lae eiewaarde en skuldgevoelens. Dit wissel van gevoelens van ontoereikendheid tot heeltemal onrealistiese negatiewe selfevaluerings (Louw & Van Jaarsveld, 1990:169).
- Onrealistiese en oordrewe skuldgevoelens (Holland, 2004; USF, 2004).
- Probleme om te konsentreer of te dink. Dit is dus moeilik om besluite te neem en dinge te onthou (Louw & Van Jaarsveld, 1990:169; USF, 2004).
- Herhalende gedagtes rakende die dood of selfmoord (Louw & Van Jaarsveld, 1990:169; Holland, 2004; USF, 2004).

Nie almal wat depressie het, vertoon al bogenoemde simptome nie. Die simptome en die graad van erns waarmee dit presenteer wissel van persoon tot persoon. Dit is daarom belangrik om die graad van erns en duur van spesifieke simptome te monitor om 'n onderskeid te kan maak tussen 'n gewone terneergedruktheid en kliniese depressie (Holland, 2004). Depressie begin gewoonlik tussen adolessensie en vroeë volwassenheid, maar word dikwels eers heelwat later geïdentifiseer en behoorlik gediagnoseer. Depressie word dikwels onbehandeld gelaat, juis omdat die persoon wat depressie het, nie self in staat is daartoe om tot die nodige stappe vir hulpverlening oor te gaan nie. Dit terwyl depressie inderwaarheid baie maklik behandelbaar is en tussen 80 en 90% van mense met depressie groot verligting van hulle simptome ervaar indien dit wel behandel word (USF, 2004).

Die hoogste voorkoms van depressie is onder die ouderdomsgroep 24 tot 44 jaar. Daar is wêreldwyd gevind dat depressie twee keer meer onder vroue voorkom as mans (USF, 2004). Volgens inligting op die webtuiste van die National Mental Health Association's (NMHA, 2004) is ongeveer 10% van kollegestudente in die VSA gediagnoseer met depressie, insluitend 13% van damestudente. In 1999 berig die Sunday Times (Oppelt, 1999) dat, in 'n ondersoek onder 1500 studente van 12 verskillende Suid-Afrikaanse Universiteite, gevind is dat 56% van die respondente mede-studente ken wat medikasie gebruik om depressie teen te werk. Vier uit elke tien van die studente het ook aangedui dat hulle al 'n punt in hulle lewe bereik het waar hulle gevoel het dat die lewe nie meer die moeite werd is nie.

Die belangrikste oorsake van depressie onder studente wat uit 'n ondersoek van die NMHA (2004) aangedui is, blyk die volgende te wees naamlik:

- Stres in die algemeen.
- Om weg te wees van die huis af, dikwels vir die eerste keer en om in die nuwe omgewing (koshuis en universiteitskampus) aan te pas. Meer as 30% van manstudente in hulle eerstejaar en 38% van damestudente in hulle eerstejaar het, in 'n studie oor studente se ervaring van stres en depressie, aangedui dat hulle voortdurend oorweldig voel (Patterson, 2003).
- Nuwe verantwoordelikhede.
- Onafhanklike besluitneming op 'n hoër vlak as waaraan die student gewoond is.

- Alkohol- of dwelmmisbruik.
- Veranderinge in die persoon se sosiale lewe.
- Akademiese probleme.

Ander faktore wat by hierdie lys gevoeg kan word is byvoorbeeld: verhoudingsprobleme, ernstige verlies, kroniese siekte bv. kanker of MIV/VIGS, asook finansiële probleme. Studente wat 'n familiegeskiedenis van depressie het, val ook in 'n hoërisikogroep om depressie te kry (USF, 2004).

Uit bogenoemde inligting kan daar gesien word dat depressie 'n algemene probleem onder studente is en dat hierdie probleme aan die toeneem is. Navorsing het getoon dat die persentasie studente wat depressie en emosioneel-verwante probleme ervaar, jaarliks toeneem (Patterson, 2003). Aangesien depressie een uit elke tien studente op universiteitskampusse raak, het dit belangrik geword om na die aard en omvang van hulpverlening wat aan hierdie studente gebied word, te kyk ten einde hierdie probleem in die studentegemeenskap effektief te hanteer.

## 2.4 SELFMOORD

Selfmoord is agtste op die lys van doodsoorsake in die westerse wêreld, derde op die lys van doodsoorsake onder jongmense tussen 15-24 jaar en tweede op die lys van doodsoorsake onder studente by tersiêre opleidingsinstansies (Holland, 2004; USF, 2004). Elke jaar sterf ongeveer 5000 jongmense in hierdie ouderdomsgroep in die VSA deur selfmoord te pleeg (Holland, 2004). Volgens Sharma (1996) is daar 10 000 kollegestudente in die VSA wat elke jaar poog om selfmoord te pleeg, waarvan ongeveer 10% daarin slaag. Daar is verder bevind dat universiteitstudente oor die algemeen meer geneig is om selfmoord te pleeg. In Suid-Afrika is die geskatte selfmoordsyfer vir 2004 meer as 5000 mense. Hierdie statistieke sluit kinders so jonk soos tien jaar in (SABCNEWS, 2004). Volgens ander skattinge is die jaarlikse selfmoordsyfer in Suid-Afrika selfs hoër naamlik 7000-8000 per jaar (Salzwedel, 2004). Daar word geskat dat daar tussen 134 000 en 160 000 selfmoordpogings per jaar in Suid-Afrika voorkom. In Suid-Afrika is ongeveer 80% van die selfmoordegevalle manlik, maar in die onder negentien jaar ouderdomsgroep is daar meer meisies wat selfmoord

pleeg (Salzwedel, 2004). Uit hierdie statistieke blyk dit duidelik dat die omvang van selfmoord in die studentegemeenskap baie groot kan wees. Dit is 'n probleem wat al hoe meer studente raak en dit word met verskeie risikofaktore geassosieer.

Ten eerste het navorsing aangetoon dat depressie 'n onderliggende faktor by die oorgrote meerderheid selfmoordpogings is (USF, 2004). Wanneer 'n persoon herhaalde episodes van depressie ervaar, word die risiko om selfmoord te pleeg op 15% bereken. Die persoon ervaar gevoelens van totale wanhoop, hulpeloosheid en eensaamheid, asook fisiese simptome soos ernstige slaapversteurings wat hulle meer selfmoord-geneigd maak. Wanneer daar na die hoë insidensie van depressie onder studente gekyk word (verwys 2.3), kan verstaan word waarom die selfmoordrisiko vir hierdie populasie so hoog is (Sharma, 1996; USF, 2004).

Ander faktore wat by studente kan bydra tot die oorweging van selfmoord as die enigste uitkoms of oplossing, word soos volg beskryf (Sharma, 1996):

- alkoholisme
- hoë stresvlakke
- verhoudingskrisisse
- dwelmmisbruik
- mislukking en self-devaluasie
- innerlike konflik
- verlies aan die sin en doel van die lewe
- druk om aan akademiese eise te voldoen
- aanpassingsprobleme in 'n nuwe omgewing
- onsekerheid oor beroepskeuses en toekomsverwagtinge
- konflik in waardes
- isolasie en eensaamheid

Wanneer daar na bogenoemde faktore gekyk word, kan gesien word dat dit probleme insluit wat oor die algemeen met die lewe van 'n student geassosieer word. So byvoorbeeld ervaar die meeste eerstejaarstudente in 'n sekere mate aanpassingsprobleme, maar die meeste van hierdie studente het die nodige "coping"-vaardighede om hierdie probleme te kan hanteer. Dit is egter wanneer al hierdie faktore te veel word en die persoon beheer en perspektief verloor, dat die moontlikheid van selfmoord al groter word.

Selfmoord kan meestal voorkom word deur die vroeë identifikasie van risikofaktore by hierdie persone en tydige professionele hulpverlening. Minder as een derde van persone wat selfmoord oorweeg soek vrywillig hulp, terwyl die res betyds deur familie en vriende uit die afwaartse spiraal geruk word as gevolg van 'n tydige reaksie op die persoon se depressie en/of dreigemente om selfmoord te pleeg (Prinsloo & Louw, 1990:200). Dit is gevolglik belangrik dat die gevaartekens van selfmoord nie deur die omgewing geïgnoreer word nie. So byvoorbeeld kan depressie suksesvol behandel word en daarmee saam word die selfmoordrisiko aansienlik verlaag (Sharma, 1996; USF, 2004).

Die meeste mense wat binne 'n hegte vriendekring of familie leef, kan hulle probleme en depressie suksesvol hanteer omdat hulle deur hierdie persone ondersteun word en van moontlike selfmoordgedagtes kan afstand doen (Sharma, 1996; Holland, 2004). Dit is egter dikwels in 'n koshuissituasie waar studente uit hierdie hegte vriende- of familiekring verwyder is, dat hulle met verskeie probleme gekonfronteer word en nie betyds die nodige hulp en ondersteuning ontvang nie. Dit plaas die fokus weer terug op die vraag of studente wel effektiewe en toepaslike hulpverlening ontvang sodat alle moontlike selfmoordpogings onder studente voorkom kan word.

## 2.5 EETVERSTEURINGS

Suid-Afrikaanse studente blyk op die oog af selfversekerd en doelgerig te wees. Maar wanneer dit by hulle voorkoms kom, is hulle alles behalwe ongeërg. Voorkoms blyk volgens 'n Sunday Times-opname (Oppelt, 1999) so belangrik te wees vir studente, dat dit heelwat gevaartekens inhou. So blyk dit dat slegs 10% van die vroulike respondente in die opname gelukkig was met hulle voorkoms in vergelyking met 92% van die manlike respondente. Ongeveer vier uit elke tien damestudente het aangetoon dat hulle

eet wanneer hulle depressief voel, gereeld bekommerd voel oor hulle gewig en wens dat hulle maerder was. Verdere ontstellende resultate het aangedui dat sewe uit elke tien studente (73%) in hierdie ondersoek van mening was dat eetversteurings 'n probleem onder jongmense is en ses uit tien (62%) aangedui het dat jongmense van hulle ouderdom eetlusdempers neem om gewig te verloor. Meer as die helfte van die respondente was van mening dat hulle iets van hulself sal wil verander as hulle die geleentheid sou kry. Hierdie resultate word verder ondersteun deur die resultate van die waarde-ondersoek gedoen aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit. Volgens hierdie ondersoek is die liggaamlike waarde (voorkoms, liggaamsbou en aantreklikheid) deur die studente self as veertiende uit 'n moontlike twintig waardes geplaas, maar as tweede belangrikste waarde vir hulle mede-studente (Vreken & Rens, 2001:13). Studente wil dus voorgee asof hulle voorkoms nie as belangrik ag nie, maar intussen is dit 'n aspek in veral damestudente se lewe wat baie prominent en problematies is.

Eetversteurings word beskryf as ernstige versteurings in eetgedrag. Daar kan in die studentegemeenskap veral onderskei word tussen twee tipe eetversteurings naamlik anorexia nervosa en bulimia nervosa.

### 2.5.1 Anorexia Nervosa

Die essensiële kenmerke van hierdie versteuring is 'n weiering om die minimum normale gewig (t.o.v. ouderdom en lengte) te handhaaf, 'n versteurde liggaamsbeeld, intense vrees om gewig op te tel of om "vet" te wees en in die geval van damestudente, amenoree (Louw & Louw, 1990:472; National Eating Disorders Association, 2004).

Volgens verskeie bronne blyk die algemene voorkomsyfer onder damestudente 1% te wees, maar daar word beweer dat dit selfs hoër kan wees (Powell & Sharpe, 2002). Die versteuring kom meestal tussen die ouderdomme van 17 en 30 jaar voor (Louw & Louw, 1990:472). In 'n studie onder 1435 Suid-Afrikaanse damestudente van ses verskillende universiteite, is bevind dat 9% van die ondersoekgroep anorexia-agtige gedrag vertoon het (Le Grange, Telch & Tibbs, 1998). Ongeveer 90-95% van persone wat aan anorexia nervosa ly is vroulik (Louw & Louw, 1990:472; National Eating Disorders Association, 2004). Daar is ook vroeër beweer dat die versteuring hoofsaaklik onder westerlinge voorkom, maar studies het aangetoon dat hierdie tipe versteurings

ook 'n al hoe groter wordende probleem onder swart, kleurling en indiërstudente word (Le Grange *et al.*, 1998). Dit is dus belangrik om kennis te neem van hierdie probleem wat toenemend meer voorkom onder veral damestudente.

Die oorsake van anorexia is onbekend alhoewel dit aanvaar word dat inherente biologiese faktore en die sosiale omgewing waarin die persoon beweeg, 'n rol speel. Die volgende gevaartekens (Powell & Sharpe, 2002; National Eating Disorders Association, 2004) word met anorexia nervosa geassosieer:

- dramatiese gewigsverlies van ongeveer 15% onder die normale ideale gewig van persone van dieselfde ouderdom en lengte.
- pre-okkupasie met gewig, kos, kalorieë, vetinhoude, diëte.
- die gebruik van diuretiese- en/of lakseermiddels, eetlusdempers of ander dieet-middels.
- oormatige en oordrewe oefening.
- ander fisiese simptome soos byvoorbeeld moegheid, konstante koudkry, of maag-pyn kom voor.
- konstante vrees dat hulle gewig kan optel ten spyte van die feit dat hulle gewig verloor.
- konstante opmerkings oor en vrees dat hulle vet is.
- weiering om sekere voedselsoorte te eet.
- konstante verskonings om etes en ander aktiwiteite waar kos ter sprake is te vermy.
- ontken honger.
- verloor belange en onttrek hulle van vriende.

5-20% van mense met anorexia nervosa sterf as gevolg van die versteuring. Dit is dus uiters belangrik om die simptome van hierdie versteuring gou raak te sien en vinnig daarop te reageer. In ernstige gevalle van anorexia nervosa kan langtermynskade opgedoen word naamlik skade aan die hart, lewer, niere en brein. Groei kan in jonger gevalle belemmer word en osteoperose kan voorkom. Mense met anorexia nervosa ervaar ook dikwels depressie en het 'n groter risiko om selfmoord te pleeg (Powell & Sharpe, 2002; National Eating Disorders Association, 2004).

### 2.5.2 Bulimia nervosa

Die essensiële kenmerke van bulimia nervosa, of bulimia in kort, is herhaalde episodes van oormatige eet, 'n gevoël dat kontrole oor eetgedrag tydens hierdie periodes verloor word, gevolg deur selfgeïnduseerde vomering, die gebruik van lakseermiddels of diuretikums, streng dieet of vas en volgehoue, oormatige kommer oor liggaamsvorm en gewig (Louw & Louw, 1990:475; UCPS, 2002). Die presiese voorkomsyfer van hierdie probleem onder studente is onbekend, maar word op tussen 2-10% vir die algemene bevolking gereken (Louw & Louw, 1990:475). Bulimia is moeilik identifiseerbaar aangesien die oormatige eetepisodes gewoonlik in die geheim plaasvind en die persone 'n normale gewig vir hulle ouderdom en lengte het en gesond voorkom. Bulimia word veral by jong vrouens aangetref. 5% van die damestudente in die ondersoek van Le Grange, Telch en Tibbs (1998) het volgens die toetsresultate gedrag getoon wat met bulimia geassosieer kan word. Dit beteken een uit elke twintig damestudente!

Navorsing het getoon dat diëte die hoofoorsaak van bulimia is. Dit begin gewoonlik by persone wat ongelukkig voel oor hulle gewig, liggaamsvorm en grootte en vir wie hulle voorkoms van groot belang is. Persone met bulimia is geneig om perfeksionisties te wees, maar het 'n baie lae selfbeeld en voel dikwels onbevoeg en emosioneel onseker. Hulle weet nie hoe om die aanslae van die lewe te hanteer nie en aanvalle van depressie kom voor. Hierdie persone gaan op 'n dieet om gewig te verloor, maar die dieet lei tot honger en sogenaamde "cravings". Hierop volg 'n oormatige etery, wat wissel tussen 3 tot 27 keer die aanbevole daaglikse inname en wat tydelik verligting en vertroosting bring. Kos word dus 'n troosmiddel en oormatige etery word gebruik om gevoelens soos angs, frustrasie, eensaamheid, verveling, neerslagtigheid, verwerping, ensomeer, te verlig. Die oormatige etery het weer ongemak, skuldgevoelens en vrees vir gewigstoename tot gevolg, wat lei tot self-geïnduseerde vomering en die oormatige gebruik van lakseermiddels om van die voedsel ontslae te raak. Gou verval die persoon in 'n bose kringloop waaroor die bulimiese persoon beheer verloor (Louw & Louw, 1990:475; UCPS, 2002).

Die simptome of gevaartekens van bulimia kan as volg saamgevat word (Louw & Louw, 1990:475; UCPS, 2002):

- geheimsinnigheid oor kos en eetgewoontes
- uitermatige dieet en oefenprogram

- obsessie met liggaamsgrootte en –gewig
- fluktuerende gewig
- geswelde wange, nek en ken
- seerkeel
- droë hare en vel
- gastroïntestinale versteurings soos gastriese en rektale irritasie
- nier- en blaasinfeksies
- menstruele probleme
- vernietiging van tandemalje en verwante probleme
- verlies aan kalium lei tot verswakking van die hart
- dehidrasie
- versteuring in impulskontrole soos diefstal, dwelmmisbruik, alkoholisme
- depressie, verhoogde irritasie en huilerigheid.

Die goeie nuus is dat bulimia nervosa met groot sukses behandel kan word. Aangesien hierdie probleem soveel studentedames raak, asook 'n klein persentasie manstudente, moet ondersoek ingestel word na die hulpverlening aan hierdie studente sodat hierdie versteuring vroegtydig opgespoor kan word, alvorens dit ernstige en permanente skade veroorsaak.

## 2.6 ROOK

Tabakafhanklikheid (meer spesifiek nikotien) kan in dieselfde klas as enige ander vorm van afhanklikheid geplaas word, behalwe dat hierdie 'n sosiaal-aanvaarbare dwelmmiddel is, maar steeds 'n dwelmmiddel in volle reg (Louw, 1990:362). Jongmense begin dikwels om dieselfde redes rook naamlik as gevolg van druk van portuurgroeplede, die demonstrasie van selfstandigheid, nuuskierigheid, of die begeerte om meer soos volwassenes op te tree. Dit is egter nie so maklik om van hierdie gewoonte ontslae te raak nie, veral nie as rook sosiaal aanvaarbaar is en daar nie werklik druk geplaas word

op 'n individu om op te hou nie. Rook is deel van die sosiale gebeure op kampus. Daar word by funksies, partytjies, tussen klasse, ensomeer gerook en rook verlig eksamenstres, probleme met vriende/inne of 'n kamermaat (Hall, 2004).

Volgens die ondersoek van Vreken en Rens (2001:5) is daar gemiddeld 23,4% van die studente wat rook, met die mans wat effens meer rook as die dames, naamlik 28,4% teenoor 21,1%. Dit blyk verder dat 60% van die rokers een tot tien sigarette daagliks rook, terwyl 28% elf tot twintig sigarette per dag rook, 7% een-en-twintig tot dertig sigarette rook en 5% dertig plus sigarette rook. Dit het ook uit die ondersoek geblyk dat mans gemiddeld meer sigarette per dag as dames rook. As in ag geneem word dat iemand sy lewe met 14 minute verkort met elke sigaret wat hy/sy rook (Louw, 1990:362), dan verkort die studente in die ondersoekgroep wat dertig sigarette daagliks rook, hulle lewens met sewe ure daagliks!

Dit is egter positief dat 43% van die respondente wat rook aangetoon het dat hulle graag nou sal wil ophou rook, terwyl 35% aangetoon het dat hulle nie nou nie maar tog later sou wou ophou. Daar kan dus heelwat meer moeite op kampus gedoen word om hierdie rokers te ondersteun om hierdie gewoonte hok te slaan.

## 2.7 DWELMMISBRUIK EN -AFHANKLIKHEID

Dwelm- of substansieafhanklikheid word gekenmerk deur 'n groep kognitiewe, gedrags- en fisiologiese simptome wat daarop dui dat die persoon gebrekkige kontrole oor die gebruik van 'n betrokke middel het en met die gebruik voortgaan ongeag die nadelige gevolge daarvan. Dwelmmisbruik kan as 'n minder ernstige versteuring beskou word deurdat dit spesifiek gekenmerk word deur voortgesette gebruik van 'n middel ongeag die besef dat dit volgehoue of herhaaldelike sosiale, beroeps-, psigologiese of fisieke probleme veroorsaak, of die middel herhaaldelik gebruik word in situasies wat fisiek gevaarlik is. Die simptome moet vir 'n redelike tydperk voortduur (Louw, 1990:342).

Daar word dikwels bespiegel oor die mate waartoe studente dwelmmiddels gebruik. Aangesien dit onwettig in Suid-Afrika is, sal studente nie openlik erken dat hulle dwelmmiddels gebruik nie en is statistieke dikwels nie akkuraat nie. Daar word egter gepoog om wel by syfers uit te kom deur anonieme opnames te doen. In Vreken en Rens se ondersoek (2001:5) is daar bepaal dat 22% van die studiepopulasie bewus was van mede-studente wat dwelms gebruik en dat 11% self al met dwelms geëksperi-

menteer het. Dit blyk dat daar meer mansstudente (16%) as damestudente (8%) wat al met dwelms geëksperimenteer het en dat dit toegeneem het vanaf eerste (7%) na vierdejaar (19%). 2,4% van die studente in die ondersoekgroep het aang dat hulle steeds dwelms gebruik.

In die VSA blyk syfers heelwat hoër te wees. Hier is bevind dat ongeveer 55,6% persone tussen 18 en 25 jaar erken dat hulle al dwelms gebruik het, 31,9% in die van die ondersoek en 18,8% in die laaste 30 dae voor die ondersoek. 16% jongmense tussen 18 en 25 jaar het aangedui dat hulle in die laaste maand voor ondersoek dagga gebruik het. Daar is ook bevind dat 3% van persone tussen 18 en jaar in 2002 behandeling vir dwelmmisbruik moes ondergaan (ONDCP, 2002).

In Suid-Afrika blyk dagga (cannabis) die mees algemeen gebruikte middel by jo mense onder 20 jaar te wees (van 47% in Kaapstad tot 64% in Gauteng). In ondersoek onder na-skoolse jeug in KwaZulu-Natal is bevind dat ongeveer 'n de gereeld dagga gebruik. Hierdie resultate is bevestig deurdat dieselfde persenta besoekers van 'n "rave"-partytjie in Gauteng bevestig het dat hulle weekliks da gebruik (National Institute on Drug Abuse, 2003).

Die gebruik van veral dagga is geleidelik aan die toeneem onder jongmense. Hie toename in die gebruik van dagga is 'n bron van groot kommer aangesien dit voorloper vir die gebruik van ander dwelmmiddels is en gebruikers bekend stel aan sogenaamde "drug scene" (HECAODP, 2004a). So word dagga dikwels in kombin met Mandrax gebruik ("White Pipe") en later Mandrax alleen. Resultate van 'n st wat onder 44 265 studente gedoen is, toon aan dat nege uit elke tien studente dagga gebruik ook deelneem aan ander hoë-risiko aktiwiteite soos oorm drankgebruik en sigaretrook (HECAODP, 2004a).

Daar is verskeie faktore wat geassosieer kan word met die gebruik van dagg studente. Hierdie faktore sluit die volgende in (HECAODP, 2004a):

- meer tyd word gespandeer aan partytjies en sosialisering met vriende.
- minder tyd word gespandeer aan studie-aktiwiteite (minder as twee ure daag
- swak akademiese prestasie.
- voorheen belangrike aspekte soos geloof en diens aan die gemeenskap w onbelangrik geag.

- konflik en geweld, asook vandalisme.
- seksuele losbandigheid en MIV/VIGS.
- ongemotiveerdheid, wil aan geen kampus-aktiwiteite deelneem nie, of akademiese of persoonlike doelwitte nastreef nie.
- op die langtermyn kom faktore soos die onvermoë om probleme op te los en spanning te hanteer, sowel as swak langtermyngeheue en konsentrasievermoë voor.
- verskeie fisiese probleme word ook met die langtermyngebruik van dagga geassosieer.

Ander substansies wat baie algemeen in Suid-Afrika gebruik word, is oor-die-toonbank- of voorgeskrewe medikasie (bv. hoesstrope, pynstillers, verslankingstablette) en inhaleermiddels soos gom, verfverdunners, ensomeer. Dwelmmiddels soos Ecstasy, LSD en Speed word meer algemeen onder jongmense gebruik (National Institute on Drug Abuse, 2003).

Dit is algemeen bekend dat die misbruik van enige substansie ernstige gevolge vir die persoon inhou. Die mistieke aanloklikheid van dwelmmiddels verdwyn wanneer daar na die behandeling van die probleem gekyk word. Nie alleen sterf talle misbruikers nie, maar dit blyk dat die talle beskikbare terapeutiese metodes nie baie suksesvol is nie (Louw, 1990:368). Dit blyk egter uit bogenoemde statistiek dat dwelmmisbruik 'n al hoe groter probleem onder jongmense is en dat dit van 'n al hoe jonger ouderdom begin gebruik word. Aangesien dit 'n gewoonte is wat dikwels begin as 'n grappie of eksperiment tussen 'n groep vriende, is dit belangrik om studente voortdurend bewus te maak dat hierdie "speletjies" dodelike gevolge inhou.

## 2.8 DRANKMISBRUIK

Die gebruik, of eerder misbruik, van alkohol is 'n algemene verskynsel onder studente. Volgens Fitzsimons en Warren (2004) is die oormatige gebruik van alkohol 'n meer prominente kenmerk van tersiêre onderrig as wat die akademiese werk self is. Byna elke sosiale aksie wat deur koshuise gehou word gaan met die gebruik van alkohol

gepaard, klubhuise waar alkohol bedien word is 'n algemene tendens by veral manskoshuise en aktiwiteite soos JOOL en Intervarsity staan lankal nie meer om die regte redes bekend nie. In 'n studie na die siening van studente oor alkohol is gevind dat ongeveer twee derdes van die studente glo dat alkohol bydra tot 'n gemaklike, ontspanne atmosfeer en tot die pret of genieting van 'n sosiale aktiwiteit. Hulle glo verder dat dit jou iets gee om te doen en dat dit help om met portuurlede verhoudings te bou ("bonding") (Grace-Kobas, 1998). "Drink-stories" en deelname aan sogenaamde "drinkaksies" is erkende maniere veral onder manstudente om nuwe vriende te maak of om deur die portuurgroep aanvaar te word (Fitzsimons & Warren, 2004). Biertente, promosies van nuwe alkoholiese produkte en die verskaffing van alkohol teen lae pryse is maar net 'n paar maniere waarop die alkoholindustrie munt slaan uit die hoë mate van alkoholgebruik onder studente (Vreken *et al.*, 2003; Fitzsimons & Warren, 2004).

In 'n resente studie deur die Harvard School of Public Health College Alcohol Study (About, 2002) is daar ondersoek ingestel na die drinkgewoontes van studente. 14 000 studente by 119 verskillende tersiêre instansies (vier jaar kolleges) het aan die ondersoek deelgeneem. Daar is bevind dat 31% van die studente aan die kriteria vir alkoholmisbruik voldoen het en 6% aan die kriteria voldoen het vir alkoholafhanklikheid (ook genoem alkoholisme). Verder het twee uit elke vyf studente ten minste een simptoom van hierdie toestande getoon wat hulle in 'n hoë-risikogroep plaas om ook 'n alkoholverwante probleem te ontwikkel.

Daar is verder gevind dat een uit elke vyf studente gereelde episodes van hewige drinkery (ook genoem "binge drinking") het. "Binge drinking" kan beskryf word as die gebruik van vyf of meer drankies in 'n ry vir mans en vier of meer drankies in 'n ry by dames. Die genoemde hoeveelheid drankies is al bevraagteken, maar daar is genoeg bewyse dat net soveel drankies nodig is om in 'n hoë-risikogroep vir alkoholisme te val. Een uit elke vyf persone wat gereelde episodes van hewige drinkery ervaar, met ander woorde wat drie keer in twee weke "binge", word as alkohol-afhanklik beskou. Hierdie probleem kan dus nie afgemaak word en weggesteek word deur studente-owerhede nie, aangesien daar geskat word dat in die VSA een uit elke tien manstudente onder 24 jaar alkoholafhanklik is en een uit twintig damestudente. Hierdie diagnose is na waarneming oor 'n periode van 12 maande gemaak (About, 2004).

In die ondersoek van Vreken en Rens (2001:6) is vasgestel dat die resultate wat hulle gevind het baie ooreenstem met bogenoemde resultate. Slegs 14% van die studente

het aangedui dat hulle nooit drank gebruik nie. Die meerderheid van die studente (61%) het aangedui dat hulle een tot twee keer per maand drank gebruik, 22% drink drie keer per week alkohol en 2% drink daagliks sterk drank. Dit blyk ook uit hierdie resultate dat 25% van die studente en soveel as 40% van die mansrespondente, een tot twee keer per maand te veel drink ("binge drinking") en 6% van die mansrespondente een tot drie keer per week te veel drink. Hierdie resultate dui dus ook op die verskynsel dat 'n hoë persentasie van studente alkohol misbruik en reeds alkoholafhanklik is. Dit blyk ook uit hierdie ondersoek dat mans meer gereeld en ook groter hoeveelhede as dames drink.

Ten spyte van die hoë voorkoms van alkoholmisbruik en alkoholafhanklikheid onder studente is daar slegs 'n klein persentasie van die studente wat uitreik vir hulp. Volgens Vreken en Rens (2001:6) het 16% van die studiepopulasie aangedui dat hulle graag hulp sou wou ontvang en dat hulle drinkgewoontes vir hulle 'n probleem geword het. Ook die navorsing deur die Harvardgroep het bevind dat slegs 6% van die studiepopulasie vir hulp en behandeling gegaan het (About, 2004).

Indien daar nie ernstig gekyk word na en meer gedoen word aan die drinkgewoontes van studente nie, sal universiteite en ander tersiêre instansies voedingsbronne word van alkoholafhanklike jongmense vir die samelewing en arbeidsomgewing (About, 2004).

Die misbruik van alkohol het nie net nadelige fisiese gevolge vir die drinker self nie, maar dit word met heelwat ander negatiewe aspekte geassosieer naamlik (Shalala, 1995; Fitzsimons & Warren, 2004; HECAODP, 2004b):

- aggressie/geweld
  - 50 tot 80% van kampusgeweld (in die VSA) is alkoholverwant
  - 600 000 studente (in die VSA) word jaarliks deur dronk mede-studente aangerand
- vandalisme
- seksuele aggressie soos byvoorbeeld seksuele aanranding, verkragting of sogenaamde "date rape"
  - 68% van die aanvallers was onder die invloed van drank en ongeveer 50 % van die slagoffers het drank gebruik ten tyde van die insident
- seksuele losbandigheid

- dwelmmisbruik
- padongelukke
  * by bykans 60% van padongelukke in Suid-Afrika blyk alkohol 'n direkte of indirekte rol te speel (Louw & Gouws, 1990:369)
- ander vorme van misdaad byvoorbeeld sogenaamde "hate crimes"

Van hierdie probleme sal in die volgende afdelings bespreek word.

## 2.9 AGGRESSIE EN GEWELD

Die voorkoms van geweld en aggressiewe gedrag is aan die toeneem onder universiteitstudente (Foley, 2004). In Vreken en Rens se ondersoek (2001:7) is gevind dat 8,8% van die ondersoekgroep, naamlik universiteitstudente, geweld as 'n aanvaarbare wyse beskou om van aggressie ontslae te raak, 40,9% vind dit in 'n mate aanvaarbaar en 50,3% is daarteen gekant. Ongeveer die helfte van die ondersoekgroep sal dit dus tot 'n mate toe aanvaarbaar vind as een student 'n ander fisies aanrand omdat hulle 'n meningsverskil het. Heelwat meer mans as damestudente vind geweld aanvaarbaar. Die oorgrote meerderheid het egter aangedui dat die mate van geweld wat op kampus heers onaanvaarbaar hoog is, tog het 22,7% van die mansrespondente nie 'n probleem met die geweld op kampus nie. Op die vraag na die mate waarin daar van verbale geweld gebruik gemaak word, het 50,7% van die ondersoekgroep aangedui dat hulle soms daarvan gebruik maak. Dit word bevestig deur die feit dat 65% van die respondente aangedui het dat mede-studente gereeld van kru- en/of vloektaal gebruik maak. 26,9% van die mansrespondente het ook aangedui dat hulle soms van fisiese geweld gebruik maak (dames 8,2%). Hierdie resultate is dus aanduidend van die probleme rondom aggressie en geweld wat onder studente voorkom.

Uit navorsing by universiteitskampusse in die buiteland blyk die tendens dieselfde te wees. Dit blyk dat studente self vir sowat 70% van geweldsmisdaad op kampus verantwoordelik is en dat dit nie soos algemeen geglo wil word, toegeskryf kan word aan elemente van buite wat die kampus betree nie. Die oorsake van hierdie insidente van geweld word toegeskryf aan onder andere alkoholmisbruik, koshuisontgroeningspraktyke en intoleransie van individuele verskille (HECAODP, 2004c).

Drie van die mees algemene vorme van interpersoonlike geweld by universiteite is (HECAODP, 2004c):

- verkragting en seksuele aanranding.
- fisiese aanranding wat insluit: gevegte, ontgroening, roof, fisiese aanranding van 'n verhoudingsmaat (25% van studentemans in die VSA het in 'n ondersoek erken dat hulle al aan 'n meisie geslaan, rondgestamp of vasgedruk het).
- "hate crimes" oftewel haatmisdaad.

So is daar byvoorbeeld gevind dat 26% van alle haatmisdaadinsidente wat aangemeld is in 1999 in die VSA, op universiteits- of kollegekampusse plaasgevind het. Die aard van hierdie tipe misdaad sluit fisiese aanranding, verkragting en selfs moord in. Groepe wat veral slagoffers van hierdie tipe misdaad is, is studente wat op grond van etnisiteit, ras, godsdiens en seksuele voorkeur van die meerderheidsgroep verskil, of op een of ander wyse gestremd is. So is daar byvoorbeeld 20-25% van anderskleurige studente (Afro-Amerikaanse, Arabiese, Asiatiese, Joodse, en Latyns-Amerikaanse studente) jaarliks in die VSA slagoffers van haatmisdaad. 42% van homoseksuele studente ervaar gedurende hulle studiejare een of ander vorm van fisiese aggressie (Alvarez, 2000; HECAODP, 2004c). In Suid-Afrika is haatmisdaad en haatspraak ook 'n algemene probleem. Talle insidente deur die media gerapporteer, dui daarop dat mense op grond van ras, etnisiteit, geslag en seksuele voorkeur steeds slagoffers is van haatmisdaad en haatspraak (SAHRC, 2003).

Daar word gespekuleer dat die ware omvang van dade van geweld en aggressie op universiteitskampusse veel groter is wat die beskikbare statististiese informasie aandui. Daar is gevind dat in 1999 selfs so min as 10% van insidente van geweld en aggressie amptelik by kampusowerhede aangemeld is, terwyl 30% van studente wat op kampus (koshuise) woon aangedui het dat hulle ten minste een insident van fisiese geweld gedurende dieselfde jaar ervaar het (Hong & Luckey, 2000). Studente wat slagoffers van geweldmisdaad is, is dikwels te bang om hierdie misdade te vermeld aangesien hulle bang is vir vergelding en viktimisasie, asook omdat hulle voel dat owerhede en die polisie nie toepaslik optree nie (HECAODP, 2004c). So sal 'n eerstejaarstudent nie maklik 'n klag van aanranding lê teen 'n seniorstudent wat hom tydens 'n ontgroenings-aksie geslaan het nie weens die vrees dat hy dan deur die res van die koshuislede

geteiken en "uitgewerk" gaan word. Die meeste slagoffers van geweld en aggressie kry dus nie die nodige hulpverlening om hierdie probleem te hanteer nie, aangesien studente nie kans sien om na bestaande steunstrukture op kampusse uit te reik nie (Hong & Luckey, 2000). Daar is dus heelwat studente wat met emosionele en soms fisiese letsels rondloop wat nooit die geleentheid kry om hulle situasies behoorlik te verwerk nie.

## 2.10 SEKSUELE AKTIWITEITE

Die seksuele akitiwiteite van studente op kampus verskil dikwels van een instelling na die volgende. In die ondersoek van Vreken en Rens (2001:7) op die Potchefstroom-kampus van die Noordwes-Universiteit het slegs 3% van die ondersoekgroep aangedui dat hulle seksueel aktief is. 'n Groot persentasie van die groep (81%) beweer dat hulle nog nooit seksueel aktief was nie en verder is daar die ander 16% wat aangedui het dat hulle al wel seksueel intiem was, maar soos die geleentheid hom voorgedoen het of as 'n "glipsie". Dit blyk verder uit die ondersoek dat mans oor die algemeen meer geneig is tot seksuele aktiwiteite (29% teenoor 14% by die dames) en minder gekant is teen voorhuwelikse seksuele gemeenskap (44% teenoor 60% by die dames). Resultate van die verskillende jaargroepe en koshuise het ook verskil. Van die hele respondentgroep was 54,8% gekant teen voorhuwelikse seksuele gemeenskap. Dit blyk dus dat net meer as die helfte van die studente op hierdie kampus waar Christelike waardes en norme voorgestaan word, nie saamstem met voorhuwelikse seksuele gemeenskap nie. Dit is moontlik dat die aantal studente wat wel seksueel aktief is heelwat meer kan wees aangesien dit tans nog nie 'n sosiaal-aanvaarde aspek van gedrag op hierdie kampus is nie en nie maklik deur studente erken word nie (Vreken *et al*, 2003). Waar studente wel al seksueel aktief was en dit nie met hulle waardes en normes strook nie, kom daar dikwels selfverwyt en skuldgevoelens voor, wat weer kan lei tot ander meer ernstige emosionele probleme soos depressie.

In teenstelling met bogenoemde resultate wat vir die studente van die Potchef-stroomkampus van die Noordwes-Universiteit geld waar slegs 3% van die studente aangedui het dat hulle seksueel aktief is, is daar in 'n onlangse ondersoek na die seksuele aktiwiteite van studente by die Universiteit van Wisconsin-River Falls (VSA) vasgestel dat die hoeveelheid studente tussen 18 en 23 jaar wat seksueel aktief is 75%

van die manstudente en 60% van die damestudente is (University of Wisconsin-River Falls, 2003). In 'n nasionale ondersoek onder koshuisstudente in die VSA wat tussen 18 en 22 jaar oud is en by tersiêre opleidingsinstansies 'n vier jaar kursus studeer, is bevind dat 56% van die studente aangedui het dat hulle seksueel aktief is. 73% van hierdie groep neem aan seksuele aktiwiteite deel sonder enige beskerming ("unprotected sex"). 95% van die studente in hierdie ondersoek was ook van mening dat hulle dinge doen (op kampus en saam met mede-studente) waarvan hulle nie wil hê hulle ouers moet weet nie en 52% het gevoel dat, indien hulle vanuit die huis gestudeer het, hulle nooit aan hierdie aktiwiteite sou deelgeneem het nie (ICT, 2003).

In Suid-Afrika is min akkurate syfers beskikbaar vir onder andere seksueel-verwante faktore en -probleme onder die jeug. Wanneer daar na die beskikbare statistiek vir die ouderdomsgroep 14-35 jaar in Suid-Afrika gekyk word, blyk dit dat daar 'n groot aantal jeugdiges is wat reeds van 'n baie jong ouderdom seksueel aktief raak. Daar word beweer dat ongeveer 50% van die Suid-Afrikaanse jeug teen 16 jarige ouderdom seksueel aktief is. Hierdie persentasie verhoog na ongeveer 80% teen die ouderdom 20 jaar. Daar is ook bevind dat seuns vroeër seksueel aktief raak as dogters en dat die swart jeug vroeër as enige ander etniese groep in Suid-Afrika seksueel aktief raak. Van die groep wat seksueel aktief is, maak 50-60% nie van metodes om veilige seksuele te beoefen soos kondome gebruik nie en het 1-5% dames/meisies en 10-25% van die manlike jeug meer as vier seksmaats per jaar. Hierdie groep staan dus 'n groot kans om onder andere seksueel oordraagbare siektes of MIV/VIGS te kry (Eaton, Flishera & Aarob, 2002).

Om seksueel aktief te wees gaan gepaard met die risiko vir die volgende: onbeplande swangerskappe, seksueel oordraagbare siektes (STD's) en MIV/VIGS.

- Volgens 'n studie wat deur die University Health Centre van die Universiteit van Oregon gedoen is, is bevind dat 16,5% van studente in die ondersoekgroep swanger was of iemand swanger gemaak het (Sauve, 2003). Daar kom dus heelwat onbeplande swangerskappe voor onder studente in die VSA. Studente wat swanger is kom voor drie keuses te staan, naamlik om die baba te hou en self groot te maak, om die baba te hê en vir aanneming op te gee of om die swangerskap te termineer. Daar is bevind dat een uit elke vyf aborsies wat gedoen word op studentedames gedoen word. Die voorkoms van aborsies onder studente is steeds aan die toeneem. Dikwels is daar geen vorm van berading om hierdie

studentedames deur hierdie traumatiese episode in hulle lewe te begelei nie en bly hierdie insident lewenslank by hulle spook (Sauve, 2003).

In Suid-Afrika styg die aborsiesyfers jaarliks. Volgens Johnston (2004) is daar 70 000 wettige aborsies in 2003 uitgevoer, teenoor 26 401 wettige aborsies in 1997. Daar word verder aangetoon dat ongeveer 8% van swangerskappe in 2003 deur 'n wettige aborsie beëindig is, teenoor 2,5% in 1997.

- Een uit elke vyf voltydse/koshuisstudente in die VSA het in 'n ondersoek aangedui dat hulle van mede-studente bewus is wat al 'n seksueel oordraagbare siekte (STD's) opgedoen het (ICT, 2003). Hierdie bevinding word bevestig deur nog 'n ondersoek waar 20-25% van studente aangedui het dat hulle al 'n STD gehad het (Google Answers, 2004).
- Laastens is die risiko om MIV/VIGS op te doen baie groot. Hierdie aspek sal breedvoerig in paragraaf 2.11 bespreek word.

Nie alle seksuele aktiwiteite op kampus is egter vrywillig nie. Daar kom 'n baie hoë insidensie van verkragting en pogings tot verkragting op kampusse voor en dit word as een van die drie mees algemene vorme van geweld op kampusse beskou. Volgens ondersoeke is daar bepaal dat 20-25% van damestudente slagoffers van verkragting of poging tot verkragting in hulle studiejare is (HECAODP, 2004c). In nog 'n studie is bepaal dat ongeveer een uit elke ses damestudente jaarliks slagoffers van verkragting of poging tot verkragting is en dat agt uit die tien dames hulle verkragters geken het (HECAODP, 2004d). Die voorkoms van sogenaamde "acquaintance rape" waar die twee studente mekaar ken, of "date raping" waar die twee studente op 'n romantiese afspraak gaan, is dus veral hoog in die studentegemeenskap.

Dikwels gaan verkragting of poging tot verkragting gepaard met die misbruik van alkohol. Die gebruik van alkohol deur beide die slagoffer en die ander party belemmer die vermoë om te besluit wanneer 'n situasie potensieel gevaarlik word, die vermoë om konflik te vermy en te hanteer en uit die potensiële gevaarsituasie te ontsnap, asook die vermoë om op daardie moment duidelik te kommunikeer oor seksuele aktiwiteite (HECAODP, 2004d). Oormatige alkoholgebruik lei in 79% van die gevalle tot ongewensde seksuele aktiwiteite en in tot 71% van die gevalle tot geforseerde seksuele aanraking (Grace-Kobas, 1998). Alkohol word ook dikwels gesien as 'n sosiale ysbreker

en verhoog volgens manstudente die kans op seksuele toenadering (Grace-Kobas, 1998).

In Suid-Afrika vind daar jaarliks 1,7 miljoen verkragtings plaas, waarvan net 54 000 van die verkragtingslagoffers formele klagtes by die vervolgingsowerhede lê. Suid-Afrika is die land met die hoogste verkragtingsyfer ter wêreld (Smith, 2004). Hierdie probleem word egter dikwels nie aangespreek nie. Damestudente moet byvoorbeeld ingelig word oor maatreëls om moontlike verkragtingsituasies te vermy, wat om te doen as daar wel 'n verkragting plaasgevind het, ensomeer. Baie meer behoort gedoen te word om hierdie realiteit op 'n realistiese wyse te benader veral as daar na die gevolge van verkragting gekyk word naamlik: emosionele en fisiese trauma, asook die moontlikheid van swangerskap, seksueel oordraagbare siektes en MIV/VIGS. Dikwels word studies onderbreek of getermineer en die student se toekomsverwagtinge lê aan skerwe.

## 2.11 MIV/VIGS

Daar word nou al vir 'n geruime tyd in Suid-Afrika bewusmakingsveldtogte geloods om mense van die gevare van MIV/VIGS bewus te maak. Baie geld is al spandeer aan advertensies, uitdeelstukke, opvoedkundige teater ensomeer om die jeug bewus te maak van die gevare van seksuele aktiwiteite sonder die nodige beskerming teen MIV/VIGS. Hierdie pleidooie blyk egter op dowe ore te val, want mense gaan voort met hulle daaglikse lewe sonder om aan die ernstige gevolge van hierdie siekte te dink. Die volgende statistieke dui die huidige stand van sake ten opsigte van MIV/VIGS in Suid-Afrika aan (Zeelie, 2004):

- Meer mense sterf daagliks aan VIGS as wat daar daagliks besmet word met MIV. 600 mense per dag sterf aan VIGS.
- Daar word bereken dat VIGS in die jaar 2000 vir 39% van die sterftes in Suid-Afrika verantwoordelik was. Hierdie syfer kan styg na selfs 80% teen die jaar 2010.

Aan die einde van 2002 was ongeveer 5 300 000 mense MIV-positief. Tans is 3 000 000 vrouens tussen die ouderdomme van 15 en 49 jaar geïnfekteer, 2 300 000 mans van dieselfde ouderdomsgroep en omtrent 92 000 kinders. Die hoeveelheid vroue met MIV/VIGS is dus die meeste van al die groepe.

- In 2001 was omtrent 25% van Suid-Afrikaners MIV-positief en in 2002 was dit 26,5%. Indien hierdie toename voortduur behoort 6 500 000 Suid-Afrikaners teen die jaar 2010 hulle lewens verloor het as gevolg van VIGS.
- Teen 2010 sal daar ongeveer 1 300 000 weeskinders wees wat hulle ouers weens VIGS verloor het.
- In 2003 het die MIV/VIGS-pandemie die regering in Suid-Afrika R1.70 miljard kos.

Uit bogenoemde blyk dat MIV/VIGS ernstige afmetings aanneem in Suid-Afrika en dat dit nie deur die studentegemeenskap geïgnoreer kan word nie, veral nie in die lig daarvan dat soveel studente seksueel aktief is, of slagoffers van seksuele geweldmisdaad is nie.

Ook in die VSA word MIV/VIGS 'n al hoe groter probleem onder studente. Daar word gereken dat een uit elke 500 Amerikaanse studente MIV-positief is (Google Answers, 2004).

MIV/VIGS bewusmakingsveldtogte behoort op elke universiteitskampus gedoen te word, al voel baie studente dat die sindroom hulle nie raak nie. Voorkoming van die sindroom deur gesonde en sober leefgewoontes en 'n gevestigde waardestelsel is al manier om hierdie pandemie aan te spreek en moet sterk klem dra. Studente moet weet hoe hulle hulself teen die siekte kan beskerm, want as 'n student eers die siekte het, is dit so goed soos 'n getekende doodsvonnis.

## 2.12 TEN SLOTTE

Wanneer daar na al die verskillende probleme gekyk word wat studente die hoof moet bied, is dit byna ondenkbaar dat daar nie meer gedoen word om studente te bemagtig om hierdie probleme suksesvol te hanteer nie. Daar bestaan waarskynlik 'n groot behoefte onder studente aan effektiewe hulpverlening en steun. Reeds in die inleidende hoofstuk is daar egter melding gemaak dat studente nie in die eerste plek na professionele persone, of enige ander outoritêre figure gaan vir hulpgewing nie, maar eerder uitreik na vriende om hulle in hulle nood by te staan. Hierdie wyse van hulpverlening gaan in die hieropvolgende hoofstukke bespreek word.

# HOOFSTUK 3

# PORTUURHULP

## 3.1 INLEIDING

Die doel van hierdie hoofstuk is om 'n omvattende beskrywing te gee van wat 'n portuurhelpersprogram behels, asook om vas te stel uit die literatuur aan watter kriteria 'n portuurhelpersprogram moet voldoen om effektief te kan funksioneer (binne die universiteitskoshuisopset). Ten einde hierdie doelwitte te bereik sal daar eerstens 'n begripsomskrywing gedoen word om die begrippe portuurhulp, portuurhelper en portuurhelpersprogram duidelik te definieer. Daarna sal daar spesifiek gefokus word op die portuurhelpersprogram: die verskillende tipes programme, die doelwitte van die programme en laastens die kriteria waaraan 'n portuurhelpersprogram moet voldoen.

## 3.2 BEGRIPSOMSKRYWING

### 3.2.1 Wat is portuurhulp?

Portuurhulp is gebaseer op die feit dat jeugdiges na mede-portuurgroeplede uitreik wanneer hulle frustrasie, bekommernis en probleme ervaar. Hulle sal dus eerder hulle bekommernisse en probleme met mede-portuurgroeplede bespreek, alvorens hulle ander hulpbronne, soos byvoorbeeld professionele persone, raadpleeg (Tanaka & Reid, 1997:29; Anon., 2003).

Die begrip portuurhulp is saamgestel uit twee dele wat elk in eie reg bydra tot die ware betekenis daarvan. Dit is van uiterse belang dat die woord "portuur" korrek verstaan word. Wat word bedoel as daar gesê word dat jeugdiges na persone van dieselfde portuur uitreik? Die woord "portuur" word in die HAT (1984:851) beskryf as "gelyke". Dit is dus iemand wat in een of ander opsig 'n ander presies ewenaar en nog die mindere, nog die meerdere van 'n ander is (HAT, 1984:262). Dit word verder gedefinieer as iemand van dieselfde status, aansien of sosiale stand, iemand waarmee die persoon kan assosieer (COD, 1982:756).

Die woord "hulp" word in die HAT (1984:421) beskryf as "'n daad van te help, bystand en ondersteuning". Die Concise Oxford Dictionary (COD, 1982:464) plaas die klem in die beskrywing van hulp op dienslewering. Hulp word gevolglik beskryf as die verskaffing van wat nodig is waar daar 'n behoefte is – om diensbaar te wees.

Hulpverlening (Engels: "helping") is 'n onlosmaaklike deel van die daaglikse funksionering van alle mense wat besorg is oor hulle medemens. Hulpgewing word dus nie alleen deur professionele persone verskaf nie, maar hulp word daagliks op informele wyse verleen deur persone wat nie formeel in hulpgewing opgelei is nie (Brammer, 1988:4; Egan, 1990:4). In teenstelling met professionele raadgewers is die hulp wat die informele helper bied nie gekoppel aan tyd nie en ook nie probleemgeoriënteerd nie, maar hulp kom in hierdie geval afwisselend (onderbroke) voor, is langdurig van aard en het 'n breë algemene basis. Daar word dus steun gegee na gelang van die individu se veranderende behoeftes (Brammer, 1988:8).

Wanneer daar op studente gefokus word, impliseer die feit dat daar na portuurgroeplede uitgereik word vir hulp of bystand, dat vriende, huiskomiteelede of selgroeplede voortdurend as informele helpers die hulpproses betree. Hierdie informele helpers wil graag hulp, advies, ondersteuning en bystand verleen, maar is dikwels nie toegerus om die steun te bied wat nodig is nie.

Wanneer daar in die literatuur oor portuurhulp geskryf word, is daar egter 'n paar belangrike aspekte wat in gedagte gehou moet word.

Eerstens word die begrip portuurhulp altyd geassosieer met opleiding. Dit beteken dat persone (informele helpers) in basiese hulpverleningsvaardighede opgelei word om meer effektief aan hulle portuur en vriende hulp, advies, ondersteuning en bystand te kan verleen. Hierdie informele helpers word dus bemagtig met algemene vaardighede om die hulpproses te laat vloei en staan bekend as portuurhelpers (Tanaka & Reid, 1997:29; Anon., 2003; NPHA, 2004).

Tweedens sluit die doel van portuurhulp by die universele doel van hulpverlening aan, naamlik om die persoon wat om hulp aanklop in staat te stel om sy/haar probleme self te bestuur deur alternatiewe oplossings teen mekaar op te weeg, self tot die keuse van 'n oplossing te kom en verantwoordelikheid vir daardie keuse te aanvaar ten einde meer effektief binne sy/haar leefwêreld te funksioneer. Portuurhulp moet die persoon in staat stel om sy/haar selfgeformuleerde doelwitte te bereik en te groei in die rigting soos deur

hom/haarself aangedui is. Portuurhulp is nie die gee van oplossings en die neem van besluite namens die wat om hulp vra nie, maar is gefokus op self-help en uiteindelik op selfverwesenliking. (Brammer, 1988:5; Egan, 1990:5; Tanaka & Reid, 1997:29; Anon., 2003).

Derdens word dit baie sterk beklemtoon dat portuurhulp nie professionele hulpverlening deur opgeleide raadgewers en ander professionele persone vervang nie (Tanaka & Reid, 1997:29; Anon., 2003; NPHA, 2004). Portuurhulp kom eerder aanvullend tot hierdie dienste voor deurdat persone hulle probleme kan deel met iemand van dieselfde portuur voor dat die probleem ernstige afmetings aanneem. Dit is dus hoofsaaklik voorkomend van aard. Persone met ernstige probleme word vroeër geïdentifiseer wanneer hulle by 'n portuurhelper gaan aanklop vir hulp. Hierdie persone (hulpsoekers) is dikwels onwillig of onseker om uit hulle eie na professionele persone toe te gaan en kan deur die portuurhelper aangemoedig en ondersteun word om dit wel te doen. Spoedige verwysing na die regte professionele persone vind dus gouer plaas, voor die probleme ernstige- en selfs noodlottige gevolge het (Tanaka & Reid, 1997:29; Anon., 2003; NPHA, 2004).

Vierdens word daar in die literatuur slegs na "portuurhulp" verwys wanneer dit deel vorm van 'n formele portuurhelpersprogram. Wanneer vriende mekaar dus op informele vlak ondersteun en hulp gee, word daar in die literatuur nie na hulle verwys as portuurhelpers nie. Dit is bloot vriende wat vriende help, inderwaarheid ook portuurhulp, maar nie so gedefinieer nie. Die ideaal sou seker wees dat alle mense opgelei word om portuurhelpers vir mekaar te wees, want hierdie opleiding bied nie alleen vaardighede om ander in nood by te staan nie, maar daar is gevind dat individue geweldig baat daarby vind deurdat hul eie selfbeeld verbeter en daar persoonlike groei plaasvind (Brammer, 1988:18; Locke & Sabella, 2004).

Om saam te vat: portuurhulp vind sy oorsprong in die verskynsel dat persone (hulpsoekers) uitreik na hulle portuur in tye van nood en in essensie is dit dus mense wat hulle mede-mens help, vriende wat mekaar steun. De Jager (2003a) stel die volgende verkorte definisie voor naamlik dat portuurhulp formele en informele geleenthede in 'n bepaalde gemeenskap is, waar twee of meer individue wat wedersydse belange en ooreenkomste binne die bepaalde situasie gedefinieer het, in interaksie is en waar van die individue wat toepaslik opgelei is, doelbewus steun en hulp gee aan die ander.

### 3.2.2 Wat is 'n portuurhelper?

Dit is belangrik om die begrip portuurhelper duidelik te definieer aangesien daar al heelwat verwarring in die literatuur voorgekom het oor die presiese betekenis van die begrip. Aangesien formele portuurhulp altyd binne 'n portuurhelpersprogram voorkom, word die beskrywing van 'n portuurhelper dikwels bepaal deur die rol en funksie wat hy/sy binne hierdie spesifieke program as portuurhelper vervul. Elke portuurhelpersprogram het bepaalde doelwitte en die portuurhelper word na gelang van hierdie doelwitte vir sy/haar taak opgelei. Juis om hierdie rede word daar in die literatuur verskeie terme gebruik om na die portuurhelper te verwys. Dit veroorsaak dan verwarring. Dit is daarom belangrik om hierdie terme te bespreek, sodat duidelikheid verkry kan word oor wat elke term presies beteken en ook hoe elke term van die term "portuurhelper" verskil. Vervolgens 'n kort beskrywing van 'n paar terme wat redelik algemeen voorkom:

**"Peer tutors"**: Die term "peer tutor" word meesal geassosieer met die ondersteuning hulp van studente se akademiese- en sosiale vaardigheidsontwikkeling. 'n "Peer tutor" sal dus veral opgelei wees om ander met akademiese probleme te help. Binne die universiteitskoshuis sal dit tipies die akademiese raadgewers van die koshuis wees (Anon., 2003).

**"Peer counsellors"**: Hierdie persone ontvang gevorderde opleiding in berading sodat hulle in individuele of groepsverband probleemoplossing kan fassiliteer en praktiese hulp kan verskaf. "Peer counsellors" word ook dikwels gebruik in die opleiding van nuwe portuurhelpers (Anon., 2003).

**"Peer educators"**: Hierdie term word gebruik vir persone wat aangewend word veral in veral MIV/VIGS-voorligtingsprogramme waar hulle die rol beklee van inligtingverskaffers en voorligters. Die term **"Peer health educators"** sluit nou hierby aan. Hierdie jongmense word opgelei om gesonde leefgewoontes te bevorder onder portuurgroeplede en spreek veral die volgende temas aan: seksuele verhoudings, gesonde eetgewoontes, sowel as alkohol-, tabak- en dwelmgebruik (Black, Foster-Harrison, Tindall, Johnson, Varenhorst & Moscato, 2001:17).

**"Peer mediators":** Dit is opgeleide individue wat gebruik word om as bemiddelaars op te tree om konflik tussen vriende/mede-studente op te los en geskille by te lê. Hulle vorm dikwels deel van 'n "Konflikhanterings-program" in skole (Gerber, 1999:169, Black *et al.*, 2001:16).

**"Peer ministry":** Dit is jongmense wat gebruik word om mede-portuurgroeplede te beïnvloed in die waardes, optrede en opvattinge van die Bybel (Black *et al.*, 2001:18).

**"Peer mentors":** Daar word dikwels in die literatuur na hierdie term verwys in die konteks van jeugleiers wat in 'n raadgewende hoedanigheid op-tree en as rolmodelle vir mede-portuurgroeplede dien. Hulle is ook dikwels akademiese raadgewers (Black *et al.*, 2001:16).

**"Peer leadership":** Hierdie term kom voor wanneer daar verwys word na programme waar jeugleiers standpunt inneem ten opsigte van veral gesonde leefgewoontes. Hierdie programme word deur die jeugdiges self bestuur (Black *et al.*, 2001:15).

Die rol, funksie en dikwels ook die benaming van die portuurhelper word dus bepaal deur die tipe program waarin die portuurhelper 'n rol moet vervul en waarvoor hy/sy opgelei is. Dit is belangrik dat die portuurhelper gefokus bly op die areas waarvoor hy/sy opgelei is en nie buite daardie ervaringsveld optree nie. So sal die portuurhelper wat in basiese hulpverleningsvaardighede opgelei is nie in 'n formele hoedanigheid as "peer educator" optree nie, tensy daar voortgesette opleiding daarvoor ontvang is. Dit is belangrik om die rol van die portuurhelper in elke tipe portuurhelpersprogram duidelik uiteen te sit om enige verwarring te voorkom.

*Vir die doel van hierdie studie word die portuurhelper dus gedefinieer as:*

Iemand wat volgens streng kriteria geselekteer is, opgelei is in basiese hulpverlenings-vaardighede, toegewyd is ten opsigte van die hulpverleningsproses en oor bepaalde karaktertrekke beskik wat hom/haar as natuurlike helper laat uitstaan binne sy/haar portuurgroep. Dit is iemand waarmee ander kan assosieer en waarheen mense gaan om hulp te ontvang. Ware "peer", is met ander woorde 'n gelyke, maar ook een wat

toegerus is om as portuurvriend effektief hulp te verskaf, omdat daar opleiding binne 'n portuurhelpersprogram plaasgevind het.

### 3.2.3 Wat behels 'n portuurhelpersprogram?


'n Portuurhelpersprogram is 'n formele poging om op 'n gestruktureerde, georganiseerde en verantwoordbare wyse hulpverlening te verskaf aan jeugdiges deur die jeug self as primêre hulpbron te benut. Die jeug word nie net as 'n bate en aanwins beskou in die hulpverleningsproses nie, maar is die sleutel tot die sukses van hierdie tipe programme (Tanaka & Reid, 1997:29). Juis omdat jeugdiges outoritêre figure soos ouers en professionele persone vermy en eerder portuurvriende uitsoek om probleme en bekommernisse mee te deel, bied die portuurhelpersprogram 'n doeltreffende alternatief. 'n Portuurhelpersprogram het dus ten doel om die jeug te bemagtig en om binne 'n veranderende omgewing waar probleme aan die toeneem is, belangrike en tydige hulpverlening aan portuurgroeplede te verskaf (Locke & Sabella, 2004). Portuurhelpersprogramme wil die jeug toerus om effektief te luister, informasie te deel, om te gee vir ander en beter besluite te maak. Deur toepaslike opleiding word 'n individu in staat gestel om 'n ander persoon op 'n vriendelike, betroubare en empatiese wyse by te staan.

**'n Effektiewe portuurhelpersprogram voldoen aan die volgende:**

- **dit word deeglik beplan**
  - deurdat daar vooraf deeglik ondersoek ingestel word na die behoeftes van die teikengroep van so 'n program
  - deurdat duidelike doelwitte, prosedures, missie en visie gestel word voortspruitend uit die resultate van die behoeftebepaling
- **dit het 'n duidelike organisatoriese struktuur**
- **dit word verantwoordelik bestuur** deur professionele persone wat spesifiek opgelei is en ervaring het van portuurhulp

- **dit bied die geleentheid aan geselekteerde portuurhelpers om:**
  * **opleiding te ontvang**
    - deur bepaalde opgeleide, verkieslik professionele persone te gebruik
    - deur van 'n goedgekeurde kurrikulum gebruik te maak (spesifiek ontwerp na gelang van die bepaalde behoeftes en gestelde doelwitte van die program)
    - deur van interaktiewe opleidingsmetodes gebruik te maak
  * **aan mede-portuurvriende op formele en informele wyse**
    - hulp/bystand/ondersteuning te bied
    - nodige informasie te verskaf
  * **tydige en korrekte verwysings te doen na professionele persone**
  * **terugvoer te gee oor werksaamhede aan professionele persone/fasiliteerders**
  * **voortgesette steun** te ontvang
  * **voortgesette opleiding** te ontvang
  * **persoonlike groei en verryking** te ervaar
- **dit word voortdurend geëvalueer** om die sukses van die program te bepaal en aanpassings te maak sodat dit op die langtermyn suksesvol bly
- **dit word doeltreffend bemark**
- **dit word ondersteun deur die gemeenskap**.

**FIGUUR 3.1 DIE HULPVERLENINGSPROSES BINNE 'N PORTUURHELPERS-PROGRAM**



Figuur 3.1 stel die hulpverleningsproses wat binne 'n Portuurhelpersprogram vergestalt word, diagrammaties voor. 'n Belangrike kenmerk wat duidelik uit figuur 3.1 blyk, is dat 'n portuurhelpersprogram altyd binne 'n bepaalde gemeenskap bestaan. Dit word ook nie lukraak begin nie, maar dit word op die been gebring om 'n bepaalde behoefte(s) binne die spesifieke gemeenskap aan te spreek. Een van die belangrikste voorwaardes vir die sukses van 'n Portuurhelpersprogram is juis dat die stelsel se rasionaal en werkswyse gefundeer moet wees op die spesifiek gestelde behoeftes van die gemeenskap waarbinne dit gaan funksioneer (NPHA, 2002:3; De Jager, 2003a; Locke & Sabella, 2004). So gebeur dit dan dat portuurhelpersprogramme nie almal presies ooreenstem nie. Verskille is meesal te bespeur in sommige van die volgende aspekte:

- die rasionaal, dus die hooffokus en grondrede vir die program
- die gestelde missie en visie vir die program
- die gestelde doelwitte vir die program
- die aard en inhoud van die opleiding wat verskaf word
- metode van dienslewering
- en die benaming van die program

Vervolgens 'n kort opsomming van die mees algemene programme wat in die literatuur beskryf word (Tabel 3.1). Die programme sal na aanleiding van die rasionaal van die programme gegroepeer word:

**TABEL 3.1 'N GROEPERING VAN VERSKILLENDE PORTUURHELPERS-PROGRAMME**

| Tipe progam | Rasionaal/grondrede | Doelwitte | Opleiding |
|---|---|---|---|
| Portuurhelpers program<br>(Tanaka & Reid, 1997:30; NPHA, 2004) | Programme wat fokus op die bemagting van die portuurhelper om portuurvriende te help om self hulle probleme te hanteer en op te los en te voorkom dat probleme ernstige afmetings aanneem. | ▪ Die bevordering van die omgee-omgewing.<br>▪ Die verskaffing van hulp en ondersteuning deur portuurhelpers aan indivi-due met bekommernisse en probleme.<br>▪ Opleiding van die portuur-helper in basiese hulp-verleningsvaardighede.<br>▪ Ondersteuning van die portuurhelper deur professionele persone. | ▪ Basiese hulpverlenings-vaardighede in:<br>▪ Effektiewe kommunikasie<br>▪ Empatiese luister<br>▪ Vraagstellingstegnieke<br>▪ Waarde-oriëntasie<br>▪ Probleemoplossing en besluitneming<br>▪ Vertroulikheid, verwysing na professionele persone, etiek.<br>▪ Verhoudings tussen mans en dames |
| Portuurbera-dingsprogram<br>("Peer Counseling")<br>(Anon., 2003; Peer Counseling Services, 2004) | Programme waar die portuurhelper fokus op gevorderde hulpver-lening aan portuur-vriende om probleme op te los en bekommer-nisse aan te spreek. | ▪ Opleiding van die portuur-helper in basiese hulpver-leningsvaardighede.<br>▪ Voortgesette opleiding van portuurhelpers.<br>▪ Hulpverlening in indivi-duele- en groepsverband deur probleemoplossing te fasiliteer en praktiese hulp te verskaf.<br>▪ Ondersteuning van die portuurhelper deur professionele persone. | ▪ Basiese hulpverlenings-vaardighede<br>▪ Gevorderde opleiding in:<br>a. beradingstegnieke<br>b. groepsdinamika, ens. |

| | | | |
|---|---|---|---|
| Portuurtutor-program ("Peer tutoring" progamme) (Martin, 1997; Black et al., 2001:18; Duke University, 2004; NBCC Saint John, 2004) | Hierdie programme fokus op die verbetering van akademiese prestasie. Portuurhelpers word op-gelei om mede-portuur-groeplede te ondersteun en te help met veral akademiese probleme asook geassosieerde probleme soos bv. sosiale probleme. 'n Portuurhelper tree dus op as voog/leermeester/ tutor. | ▪ Die bevordering van die akademiese en algemene klimaat in 'n leeromge-wing.<br>▪ Opleiding van die portuur-helper in basiese hulp-verleningsvaardighede<br>▪ Voortgesette opleiding van portuurhelpers in akademiese hulpverlening.<br>▪ Die aanspreek van aka-demiese probleme asook geassosieerde probleme soos sosiale probleme deurdat portuurhelpers as voogde optree. Een-tot-een hulpgewing van een persoon wat werk bemeester het tot een wat daarmee sukkel.<br>▪ Ondersteuning van die portuurhelper deur professionele persone. | ▪ Basiese hulpverlenings-vaardighede<br>▪ Gevorderde opleiding in bv:<br>▪ doelwitformulering<br>▪ studiemetodes<br>▪ tydsbestuur<br>▪ aanpassing in 'n nuwe leeromgewing<br>▪ beroepsvoorligting<br>▪ groepsdinamika<br>▪ motivering<br>▪ studie-angs<br>▪ selfkognisie, ens. |

| | | | |
|---|---|---|---|
| Portuurkonflik hanterings- en bemiddelings-program ("Peer conflict management and mediation") (Gerber, 1999: 170; Black *et al.*, 2001:16; The Peace Foundation, 2004) | Programme wat fokus op die hantering en bemiddeling van konflik deur van portuurhelpers gebruik te maak. | ▪ Die bevordering van 'n gesonde konflikvrye leer-klimaat.<br>▪ Die bevordering van waardes soos respek en dissipline.<br>▪ Opleiding van die portuur-helper in basiese hulpver-leningsvaardighede.<br>▪ Gevorderde opleiding vir die portuurhelper in konflikhantering en bemiddeling sodat ander gehelp kan word om konfliksituasies te hanteer.<br>▪ Ondersteuning van die portuurhelper deur professionele persone | ▪ Basiese hulpverlenings-vaardighede<br>▪ Gevorderde opleiding in bv:<br>▪ konflikhantering<br>▪ bemiddelingsproses<br>▪ emosionele en sosiale probleme wat met geweld geassosieer word, ens. |

| | | | |
|---|---|---|---|
| Portuur-bediening ("Peer ministry") (Black *et al.*, 2001:18; Peer Ministry, 2004) | Hierdie programme het 'n teologiese onderbou. Dit fokus op geloofs-ontwikkeling, hulpver-lening en -groei, geba-seer op Christelike waardes, denke, optrede en beginsels. | ▪ Opleiding in basiese hulpverlenings- en hulp-bedieningsvaardighede.<br>▪ Hulpverlening aan mede-portuurgroeplede vanuit 'n Christelike perspektief.<br>▪ Uitleef van vaardighede binne gesinsdinamika.<br>▪ Dienslewering binne die kerk/gemeentestrukture.<br>▪ Die bevordering en uitleef van Christelike waardes, norme, beginsels en den-ke. Groei en toewyding aan die Christelike geloof.<br>▪ Dienslewering aan die gemeenskap.<br>▪ Ondersteuning en voort-gesette opleiding aan jeugwerkers deur opgeleide persone. | Basiese hulpverlenings- en bedieningsvaardighede vanuit 'n Christelike perspektief. |

| | | | |
|---|---|---|---|
| Portuur-mentore ("Peer mentors") (Black *et al.*, 2001:16; University of the Ozarks, 2004) | Portuurhelpers word ingespan om as leiers, rolmodelle, toesighouers en raadgewers op te tree en gevolglik 'n gesonde omgewing te bevorder. Dit word baie keer in akademiese hulpprogramme aangetref. | ▪ Opleiding in basiese hulpverleningsvaardighede.<br>▪ Om 'n betekenisvolle en positiewe impak op mede-portuurgroeplede te maak deur:<br>▪ probleemoplossing te fasiliteer<br>▪ oriëntasie en hulpverlening aan nuwe persone te verskaf<br>▪ inligting en raad te verskaf aan ander<br>▪ toesig te hou oor portuurgroeplede se vordering<br>▪ 'n forum te skep en as mondstuk te dien vir relevante jeugsake<br>▪ projekte te loods wat dienslewering bevorder en tot voordeel van die gemeenskap dien<br>▪ positiewe aanvaarde gedrag te modelleer. | ▪ Basiese hulpverleningsvaardighede<br>▪ Leierskapsontwikkeling, ens.<br>▪ Akademiese hulpverleningsvaardighede |

| | | | |
|---|---|---|---|
| Portuur-voorligtings-programme ("Peer educators") (Black *et al.*, 2001:16; Anon., 2003; Duke Student Health Centre, 2004) | Hierdie programme fokus op die bevordering van 'n positiewe, gesonde omgewing deur die onderrig in en bewusmaking van die waardes, optrede en beginsels van 'n gesonde leefstyl, deur van portuurgroeplede (peer educators) gebruik te maak.<br>In sekere akademiese kringe word hulle ook gebruik as studie- en loopbaanvoorligters. | ▪ Opleiding in basiese hulpverleningsvaardighede.<br>▪ Voortgesette opleiding en die verskaffing van inligting oor relevante gesondheids-, welsyn- en sosiale probleme.<br>▪ Loodsing en bestuur van bewusmakings- en inligtingsveldtogte rondom die relevante gesondheids-, welsyns- en sosiale probleme binne 'n bepaalde gemeenskap deur die opgeleide portuurvoorligters.<br>▪ Uitreiking na en hulpgewing aan portuurvriende met bepaalde probleme.<br>▪ Opleiding in studie- en loopbaanmoontlikhede.<br>▪ Voortgesette steun deur opgeleide professionele persone. | ▪ Basiese hulpverleningsvaardighede.<br>▪ Voortgesette opleiding in relevante gesondheids-, welsyns- en sosiale probleme bv:<br>▪ dwelmmisbruik<br>▪ rook<br>▪ alkoholmisbruik<br>▪ seksueelverwante aspekte soos: seksueeloordraagbare siektes, "date rapes", verkragtings, ens.<br>▪ MIV/VIGS<br>▪ eetversteurings bv. Anorexia<br>▪ Studie- en loopbaanmoontlikhede |

Noudat die verskillende tipe portuurhelpersprogramme kortliks uiteengesit is, moet daar bepaal word watter tipe program aan die vereistes wat in hierdie studie gestel sal word, voldoen. Uit die probleemstelling blyk dit dat daar 'n spesifieke behoefte is aan 'n program om persone toe te rus met basiese hulpverleningsvaardighede, sodat daar toepaslike steun en hulp gebied kan word aan mede-studente wat in nood verkeer. Uit die inligting verskaf in hoofstuk 2 blyk dit duidelik dat probleme onder die studentepopulasie aan die toeneem is. Daar is dus meer en meer studente in koshuise wat na mekaar sal uitreik om hulle frustrasies, bekommernisse en probleme te bespreek. 'n Portuurhelpersprogram in koshuise kan in hierdie behoefte aan hulpverlening voorsien deurdat portuurhelpers nie alleen deeglik opgelei sal word in basiese hulpverleningsvaardighede nie, maar ook volgehoue steun binne 'n goed gestruktureerde, amptelike

program sal ontvang. Persone met probleme kan ook vroeër geïdentifiseer word, alvorens dit ernstige of noodlottige gevolge het. Daar kan dus voorkomend opgetree word. 'n Klimaat van hulpgewing en ondersteuning moet in die koshuise geskep word, want portuurhelpers is inderwaarheid slegs mense wat ander mense help.

Die vraag ontstaan egter nou oor presies hoe so 'n stelsel moet lyk en aan watter kriteria so 'n portuurhelpersprogram moet voldoen om wel effektief binne 'n universiteitskoshuisopset te kan funksioneer. In die volgende hoofstuk gaan die riglyne vir die ontwerp en implementering van 'n portuurhelpersprogram bespreek word.

# HOOFSTUK 4

# RIGLYNE VIR DIE ONTWERP EN IMPLEMENTERING VAN 'N PORTUURHELPERSPROGRAM IN UNIVERSITEITSKOSHUISE


## 4.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk gaan die riglyne vir die ontwerp en implementering van 'n portuurhelpersprogram in universiteitskoshuise bespreek word. Eerstens gaan Plomp se algemene onderwyskundige ontwerpmodel bespreek word, aangesien dit as vertrekpunt dien vir die ontwerp en implementering van 'n portuurhelpersprogram in universiteitskoshuise. Daarna gaan daar vanuit die literatuur riglyne gestel word vir die ontwerp en implementering van so 'n program.

## 4.2 PLOMP SE ALGEMENE ONDERWYSKUNDIGE ONTWERPMODEL

Vir die ontwerp van die Portuurhelpersprogram vir Universiteitskoshuise gaan daar voorkeur gegee word aan die algemene onderwyskundige ontwerpmodel van Plomp (Plomp, 1992:19; Van de Wolde, 1992:65) aangesien hierdie model aan al die vereistes vir die ontwerp van 'n opleidingsprogram voldoen. Hierdie model is ideaal vir die hantering van probleme in die onderwys- en opleidingspraktyk. Dit word beskryf as 'n sistematiese wyse waarop 'n opleidingsprogram ontwerp en geïmplementeer word as oplossing van 'n gestelde probleem binne die onderwys- en opleidingsomgewing. Daar is verskillende fases waaraan die algemene onderwyskundige ontwerpmodel gekenmerk word. Figuur 4.1 dui die verskillende fases van Plomp se algemene onderwyskundige ontwerpmodel aan.

**FIGUUR 4.1 DIE VERSKILLENDE FASES VAN PLOMP SE ALGEMENE ONDERWYSKUNDIGE ONTWERPMODEL**




(Plomp, 1992:25)

Elke fase van die algemene onderwyskundige ontwerpmodel is volgens Van de Wolde (1992:73) van kritiese belang en al die fases moet altyd deurloop word om tot die optimale oplossing van 'n gestelde probleem te kom. Elke fase word ook gekenmerk aan spesifieke aktiwiteite wat bepaalde uitkomste of produkte tot gevolg het. So byvoorbeeld word die voorondersoekfase gekenmerk aan analitiese aktiwiteite wat lei tot 'n aantal ontwerperspesifikasies en aan die ander kant vorm aktiwiteite van sintese weer deel van die ontwerpfase met 'n bloudruk van die oplossing as resultaat. Die verloop van die onderwyskundige ontwerpmodel stel die navorser dus in staat om stapsgewys 'n oplossing te laat realiseer wat bevredigend is en suksesvol aan die behoeftes van die teikengroep vir wie dit ontwerp word, voldoen (Van de Wolde, 1992:74).

### 4.2.1 Die vooronderso ekfase

Die eerste fase van die algemene onderwyskundige ontwerpmodel is die voorondersoek. Dit behels die versameling en analisering van informasie, die definiëring van die probleem en die beplanning van die ontwerpproses. Die eerste stap in die voorondersoekfase is om 'n probleem duidelik te omskryf en insig te verkry in die werklike aard en omvang van die probleem.

Daar is verskeie definisies om die probleem te probeer omskryf. Volgens Plomp (1992:20) kan 'n probleem gedefinieer word as 'n situasie waar daar na die mening van betrokkenes te veel van die gewensde situasie afgewyk is. Daar het dus 'n diskrepans ontstaan tussen die bestaande en die gewensde situasie. Wanneer hierdie diskrepans so groot word dat die behoefte ontstaan om die bestaande situasie weer te verander in 'n gewensde situasie, kan van 'n probleem gepraat word. Dit sluit aan by die HAT (1984:859) se beskrywing van wat 'n probleem is naamlik dat dit 'n vraagstuk is wat opgelos moet word. Daar word met ander woorde na oplossings vir die probleem gesoek.

Daar bestaan volgens Plomp (1992:21) drie verskillende tipe probleme naamlik probleme wat voortspruit uit die behoefte om :

- iets te weet: die oplossing lê daarin om **ondersoek** te doen deur relevante inligting en kennis te versamel
- iets te maak/doen: die oplossing lê daarin om iets te **ontwerp**
- uit verskillende moontlikhede te moet kies: die oplossing lê daarin om verskillende moontlikhede op te weeg en deeglik te **evalueer** sodat keuses makliker gemaak kan word.

Probleme kan nie altyd presies onder die drie hoofpunte ingedeel word nie, aangesien daar probleme bestaan wat al drie fassette van ondersoek, ontwerp en evaluering bevat. Dit is belangrik om te onthou dat 'n probleem bestaan uit die ondersoek van presies waar jy is en hoe die probleem ontstaan het, asook die ontwerp van 'n nuwe verbeterde situasie.

Verder word bepaal wie in staat sou wees om die probleem op te los en of 'n oplossing binne alle redelikheidsterme haalbaar is. Soveel moontlik relevante inligting word

versamel en geanaliseer en verkennende gesprekke met betrokkenes of kundiges kan gevoer word om tot 'n voorlopige probleemstelling te kom. Soms word daar reeds in hierdie fase van ontwerp vasgestel dat die probleem se omvang nie so erg is nie of dat sekere oplossings nie uitvoerbaar is nie om praktiese of ander redes (bv. weens te min geld, tyd of mannekrag).

Indien daar besluit word om met die probleemoplossingsproses voort te gaan, word daar dan 'n uitgebreide probleem-analise gedoen om tot 'n definitiewe probleemstelling te kom. Daar vind gevolglik 'n diepgaande literatuurstudie plaas om soveel moontlik inligting te verkry om 'n volledige en betroubare beeld van die probleem en die konteks waarin dit voorkom te verkry. Die definitiewe probleemstelling bevat dan 'n noukeurige beskrywing van die bestaande en gewenste situasie en ook die voorwaardes waaronder die probleem as opgelos beskou kan word.

### 4.2.2 Die ontwerpfase

Die aktiwiteite in hierdie fase het ten doel om 'n plan te ontwerp vir die oplos van die probleem wat tydens die vooronderSoek gedefinieer is. Die oplossing van 'n probleem lê daarin dat die diskrepans wat ontstaan het tussen die gewensde en die bestaande situasie uitgewis moet word. Die oplossing word verkry deur 'n verbeterde situasie te ontwerp. Die resultaat van die ontwerpfase is gevolglik 'n "bloudruk" van die proses/ stelsel wat tot die oplossing kan lei. Dit is dan die voorgestelde ontwerpdokument (Plomp, 1992:26; Van de Wolde, 1992:79).

In die geval van hierdie studie word 'n portuurhelpersprogram vir universiteitskoshuise as oplossing vir die gestelde probleem ontwerp en moet dit aan al die eise van 'n ware oplossing, voldoen naamlik dat dit:

- spesifiek moet wees en die probleem daadwerklik moet aanspreek,
- gebruikersvriendelik moet wees en nie nuwe probleme skep nie,
- aanvaarbaar moet wees vir alle betrokkenes en
- realiseerbaar moet wees, met ander woorde daar moet toegang wees tot alle vereiste hulpmiddele soos bv. tyd, finansies, personeel, ens.

Waar analise sentraal staan in die vooronderoekfase, stel Van De Wolde (1992:77) dat sintese die sleutelwoord in die ontwerpfase is. Die ontwerp van 'n oplossing is 'n sistematiese proses waar die totale probleem ontrafel word in deelprobleme en waarby deeloplossings voordurend in verband gebring word met die oorhoofse oplossing-struktuur. 'n Belangrike reël in die aanpak van 'n komplekse probleem is om die probleem op te deel in 'n aantal meer hanteerbare probleme. So ontstaan 'n netwerk van doelwitte en tussen-doelwitte aan die hand waarvan die ontwerp van die oplossing gestruktureer kan word. In hierdie proses word daar sterk gebruik gemaak van verkreë informasie tydens die vooronderoekfase (Van de Wolde, 1992:78).

Die volgende stap in die ontwerp van 'n oplossing is die vergelyking en opweging van alternatiewe. Alle oplossings moet getoets word aan die vraag of dit gaan lei tot die gestelde doelwitte en of dit binne die gestelde randvoorwaardes of kriteria kan realiseer. Oplossings kan nou vergelyk word ten opsigte van aspekte soos koste, realiseer-baarheid, aanvaarbaarheid en kompleksiteit. Die voor- en nadele van elke oplossing kan ook teenoor mekaar opgeweeg word. Die mees effektiewe en aanvaarbare alter-natief word gekies om by die oplossing uit te kom. Die keuse van die beste oplossing is helaas nie altyd maklik nie en dikwels voldoen selfs die beste alternatief nie aan al die kriteria van die gewensde situasie nie. Indien dit moeilik is om tussen 'n paar alternatiewe oplossings te besluit, word daar dikwels eers 'n haalbaarheid/wenslikheid/ voorkeurstudie gedoen (Van de Wolde, 1992:79).

Die aktiwiteite van die ontwerpfase lewer as resultaat 'n bloudruk van die oplossing op. Die bloudruk bevat al die elemente wat nodig is om die oplossing te laat realiseer. Hierdie ontwerp behoort so goed deurdink te wees dat slegs klein aanpassings daaraan gemaak hoef te word gedurende die implementeringfase. 'n Goeie ontwerp is 'n noodsaaklike voorwaarde vir die suksesvolle oplossing van 'n probleem. Aan die einde van die ontwerpfase word daar opnuut gekyk na die bestuursplan vir die daarop-volgende fases in die proses van probleemoplossing.

### 4.2.3 Ontwikkelingsfase

Tydens hierdie fase word die eerste voorbeeld van hoe die voorgestelde oplossing behoort te lyk gekonstrueer. Dit staan ook bekend as die prototipe. Die prototipe word in hierdie fase omskep in 'n ware opleidingsprogram deurdat alles wat nodig is om die

oplossing te laat realiseer en te implementeer ontwerp word. So sal daar byvoorbeeld tydens hierdie fase aandag gegee word aan die ontwikkeling van opleidingsmateriaal. Sekere aspekte van die ontwerp word dus ontwikkel en getoets om die haalbaarheid en realiseerbaarheid daarvan vas te stel. Die ontwerp- en ontwikkelingsfases is dikwels nou verweef en moeilik onderskeibaar (Plomp, 1992:26; Van de Wolde, 1992:80).

### 4.2.4 Evalueringsfase

Hierdie fase is gerig op die beoordeling van die geslaagdheid van die ontwikkelde oplossing en of die resultate wat behaal is. Dit is 'n proses waartydens daar vasgestel word in watter mate die produk aan die gestelde 'ontwerperspesifikasies' voldoen en of die bestaande situasie suksesvol verander is in 'n gewensde situasie. Is die oplossing werklik 'n oplossing? Voldoen dit aan die eise van 'n ware oplossing naamlik dat dit spesifiek moet wees, gebruikersvriendelik moet wees en aanvaarbaar moet wees vir alle betrokkenes, asook realiseerbaar moet wees.

Die evalueringsproses behoort so objektief moontlik gedoen te word. Dit het dus 'n kritiese aanpak nodig. Dit is belangrik om in ag te neem dat die evalueringsproses reeds tydens die eerste fase in die onderwyskundige ontwerpmodel begin. Die kwaliteit van die voorondersoek, die ontwerp en die daarstel van 'n prototipe word voortdurend onderwerp aan 'n vorm van evaluering. Die evalueringstrategie behoort dus deel te vorm van die beplanningsproses in die ontwerp van die gewensde situasie (Van de Wolde, 1992:81).

Elke geleentheid waar evaluering plaasvind moet noukeurig en onder gekontroleerde omstandighede plaasvind om seker te maak dat swak plekke in die oplossing effektief opgespoor kan word. Regstellings kan dus reeds vroeg gedoen word en die kans om dan 'n suksesvolle eindproduk te lewer word groot. 'n Voortdurende en nougesette evalueringsproses het dikwels as resultaat dat die prototipe van die oplossing net so of met min verstelling geïmplementeer kan word (Van de Wolde, 1992:82).

### 4.2.5 Implementeringsfase

Die implementering van die oplossing volg wanneer daar na afloop van die evalueringsfase vasgestel word dat die oplossing die probleem bevredigend aanspreek. Tydens die implementeringsfase word die voorgestelde oplossing nou daadwerklik toegepas of gebruik om die bestaande situasie te verander na die gewensde situasie. Die prototipe van die oplossing het nou reeds die toets- en evaluaringsfase deurloop en alle moontlike probleme of tekortkominge is reeds aangespreek. Nou is strategieë om die implementering van die oplossing suksesvol te laat verloop van groot belang. Tydens hierdie fase is verandering aan die orde van die dag en dit gaan altyd met 'n mate van teenstand gepaard. Dit is dus belangrik dat die rolspelers reeds vanaf die vertrekpunt genader is vir hulle insette, sodat die ontwerpte oplossing aanvaar word. Die hele proses kan misluk tydens hierdie laaste fase van implementering as die betrokke persone nie die implementering steun en die verandering na die gewensde situasie aanbring nie (Van de Wolde, 1992:83).

### 4.2.6 Bestuur

Die sukses van die algemene onderwyskundige ontwerpproses hang grootliks af van die wyse waarop die hele proses bestuur word. Daar kan vier hooftake van bestuur onderskei word naamlik beplanning, organisering, koördinering en evaluering (Van de Wolde, 1992:85).

*Beplanning* behels die bepaling van die algemene verloop van die ontwerpproses om konkrete doelwitte te bereik. Tipiese vrae wat gevra kan word, is byvoorbeeld: "Watter aktiwiteit moet uitgevoer word om watter doelwit te bereik?" en "Wanneer en op watter wyse moet die uitvoering plaasvind?" By die algemene onderwyskundige ontwerpmodel is dit belangrik om allereers die doelwitte en die take in die ontwerpproses duidelik uiteen te sit, sodat alle betrokkenes dit duidelik verstaan.

*Organisering* behels die proses om die regte mense, fasiliteite en middele aan die gestelde doelwitte te koppel om die doelwitte te laat realiseer.

Die *koördineringstaak* begin wanneer die beplande en georganiseerde aktiwiteite tot uitvoer gebring word. Deur koördinasie word gesorg dat die uitvoering van aktiwiteite doelgerig en effektief plaasvind.

Laastens in die bestuur van die ontwerpproses is die taak van *evaluering*. Hierdie taak behels die nagaan of die resultate van die projek suksesvol was.

## 4.3 RIGLYNE VIR DIE ONTWERP EN IMPLEMENTERING VAN 'N PORTUURHELPERSPROGRAM IN UNIVERSITEITSKOSHUISE

In hierdie paragraaf gaan daar vanuit bogemelde riglyne gestel word vir die ontwerp en die implementering van 'n portuurhelpersprogram vir universiteitskoshuise. Plomp se model sal as vertrekpunt geneem word en toegepas word op die koshuissituasie.

Die volgende riglyne behoort gevolg te word vir die effektiewe daarstel van 'n portuurhelpersprogram vir universiteitskoshuise:

### 4.3.1 Behoeftebepaling

As eerste stap in die ontwerp van 'n effektiewe portuurhelpersprogram vir die universiteitskoshuisopset moet 'n behoeftebepaling gedoen word. Die sukses van die ontwerp en implementering van so 'n program word gemeet aan die mate waarin die behoeftes binne 'n bepaalde koshuis aangespreek word. Elke koshuis se situasie is anders. Dit kan verskil in terme van veral twee aspekte, naamlik die aard en omvang van die probleme wat kan voorkom, asook die samestelling van die studentegroep in die koshuis. 'n Behoeftebepaling kan veral die verskille tussen onderskeie jaargroepe, kulturele groepe, studierigtings, asook geslagte bepaal. Die behoeftebepaling vorm deel van die voorondersoek soos in paragraaf 4.2.1 beskryf

Op grond van die inligting wat verkry word deur die behoeftebepaling word 'n akkurate probleemstelling vir 'n spesifieke koshuisopset geformuleer. Die resultate van die behoeftebepaling rig die formulering van:

- 'n duidelike rasionaal vir die program
- die doel van die program, gebaseer op die gestelde rasionaal in die vorm van 'n formele missie- en visiestelling vir die program
- uitkomste wat bereik wil word met die program, die uitkomste moet:
    - die rasionaal en doel van die program reflekteer
    - duidelik uiteengesit, uitvoerbaar en meetbaar wees.

Hierna moet daar op die prosedures en aktiwiteite wat gevolg moet word om die gestelde doelwitte vir die program te bereik, besluit word. Hierdie prosedures en aktiwiteite moet duidelik en sistematies uiteengesit word (verwys paragraaf 4.2.2).

### 4.3.2 Riglyne vir die ontwikkeling van 'n opleidingsprogram

Nadat die behoefte van die teikengroep in die koshuis bepaal is en 'n duidelike probleemstelling, rasionaal, doel en uitkomste geformuleer is, kan voortgegaan word om 'n opleidingsprogram vir portuurhelpers te ontwerp. Hierdie opleidingsprogram moet aan die volgende kriteria voldoen (NPHA, 2002:2; De Jager, 2003a; Gerrick & Sabella, 2004). Dit moet:

- die gestelde behoeftes van die studente in die koshuis aanspreek
- die grondstelling en die doel van die portuurhelpersprogram reflekteer
- die ouderdom en samestelling van die teikengroep in ag neem
- van geskikte opleidingsmetodes gebruik maak
- maksimum geleentheid bied vir vaardigheidsontwikkelling en persoonlik groei
- gespesialiseerde opleiding bied vir spesifieke dienste wat gelewer gaan word
- deurlopend wees
- eties verantwoordbaar wees en aan 'n gestelde standaard voldoen.

Daar kan verskeie temas ingesluit word by die opleidingsprogram van portuurhelpers. In die geval van universiteitskoshuise moet die temas geselekteer word na gelang van die gestelde behoeftes van die betrokke groep studente in die koshuis. Die NPHA (2002:5) stel die volgende temas voor wat as riglyne kan dien in die keuse van die inhoud van 'n effektiewe opleidingsprogram vir portuurhelpers:

- Die oriëntering van die portuurhelper ten opsigte van wat die rol en funksie van die portuurhelper is, asook die beperkinge wat op die rol van die portuurhelper geplaas word
- Die identifisering van die vaardighede van 'n effektiewe helper

- Luistervaardighede
- Kommunikasievaardighede (verbaal en nie-verbaal)
- Tipe vraagstellingstegnieke
- Besluitneming- en probleemoplossingvaardighede
- Empatie
- Waardes
- Vertroulikheid en etiek

Die volgende addisionele temas kan ook verder ingesluit word in die opleidingsprogram, of kan as temas gebruik word in voortgesette opleidingsessies (NPHA, 2002:6; De Jager, 2003a):

- Verhoudingsprobleme
- Akademiese probleme
- Emosionele en sosiale probleme
- Konflikhantering
- Spesifieke probleemareas soos die misbruik van dwelms en alkohol, rook
- Seksueel verwante probleme soos onbeplande swangerskappe, verkragting, seksueel oordraagbare siektes, ens.
- MIV/VIGS
- Groepsfasiliteringstegnieke

### 4.3.3 Seleksie van portuurhelpers

Die portuurhelpersprogram vir universiteitskoshuise word ontwerp om hulpverlening aan studente in nood te verskaf deur mede-studente as portuurhelpers op te lei. Die portuurhelper self is 'n baie belangrike sleutel tot die sukses van so 'n portuurhelpersprogram. Die portuurhelper betree die hulpverleningsproses deur reeds oor bepaalde eienskappe of karaktertrekke te beskik. Hierdie eienskappe of persoonlikheidskenmerke maak dat

die portuurhelper reeds binne die koshuisomgewing uitstaan as iemand met 'n natuurlike aanleg om te kan help. Dit is belangrik om tydens die keuringsproses van portuurhelpers hierdie eienskappe as kriteria vir seleksie te stel omdat dit reeds as bate toegevoeg kan word tot die hulpverleningsproses. Een van die voorwaardes wat geld vir suksesvolle hulpverlening is juis dat die hulpsoeker bereid sou wees om 'n verhouding met die hulpgewer te sluit (Brammer, 1988:26). 'n Portuurhelper in die koshuisopset moet dus reeds uitstaan as rolmodel, iemand met wie die ander studente graag identifiseer en hulle probleme mee wil deel.

Die seleksieprosedure van portuurhelpers in koshuise moet sorgvuldig, sistematies en doelgerig wees. Die prosedures sal tipies die volgende stappe insluit:

- Stap 1: Die daarstel van bepaalde kriteria waaraan 'n portuurhelper in die koshuis moet voldoen. Uit die literatuur is die volgende kriteria gevind waaruit 'n seleksie gemaak kan word om by elke unieke koshuisopset te pas:
  * Selfkennis en die bewustheid van eie waardes. Die portuurhelper moet duidelikheid hê oor wie hy/sy is en weet wat die waardes is wat hy/sy persoonlik uitleef (Brammer, 1988:26).
  * Sensitiwiteit vir kulturele verskille (Brammer, 1988:27).
  * Sensitiwiteit vir die populasie wat bedien word (Anon., 2002:5).
  * Emosionele stabiliteit. Die portuurhelper moet dus in voeling wees met homself en sy eie emosies kan analiseer (Brammer, 1988:27). Hy/sy moet ook bereid wees om self hulp te ontvang (Tanaka & Reid, 1997:30).
  * 'n Sterk etiese bewustheid: die portuurhelper moet dus oor die volgende kenmerke beskik:
    - eerlikheid en opregtheid (Brammer, 1988:32; Egan, 1990:74)
    - vertroulikheid (Ferreira & Mattheus, 2003:114)
    - integriteit (Egan, 1990:69; De Jager, 2003b)
  * Goeie natuurlike 'help'-vaardighede soos onder andere:
    - luistervaardighede
    - empatie

- warmte en vriendelikheid
- openheid of toeganklikheid
- respek
- konsekwentheid
- objektiwiteit en
- doelgerigtheid (Brammer, 1988:32; Egan, 1990:63; Tanaka & Reid, 1997:30; Ferreira & Mattheus, 2003:114; NPHA, 2002:5)

* Goeie interpersoonlike en kommunikasievaardighede (De Jager, 2003b)
* Aanpasbaarheid by elke unieke situasie waar hulpgewing verwag word (Egan, 1990:65).
* Effektiewe en volwasse leierskapsvaardighede (De Jager, 2003b)

- Stap 2: Nadat die kriteria waaraan die portuurhelper in die koshuis moet voldoen geselekteer is, moet daar voortgegaan word om op formele of informele wyse individue te identifiseer wat geskik sou wees om die rol van 'n portuurhelper in die koshuis te beklee. Een van die maniere wat in die literatuur voorgestel word om moontlike portuurhelpers te identifiseer, is deur 'n nominasieproses in die koshuis. Kandidate word dus deur die mede-studente in die koshuis genomineer vir die rol van portuurhelper (Tanaka & Reid, 1997:30). 'n Ander manier wat voorgestel word om portuurhelpers te werf, is om individue self te laat aansoek doen om portuurhelpers te word en hulle dan te keur. Hierdie metode word met groot sukses by die PE Technikon gebruik (De Jager, 2003a; Anon., 2004).
- Stap 3: Die volgende stap in die seleksie van portuurhelpers is om uit die genomineerde kandidate 'n seleksie te maak (papierkeuring) van individue wat aan die gestelde kriteria vir portuurhelpers in die koshuis voldoen. Onderhoude met hierdie groep kandidate moet dan gevoer word. Die onderhoude word gevoer deur die koshuisbestuur van die betrokke koshuis, asook ander betrokke persone soos byvoorbeeld die opleidingskoördineerder en 'n professionele berader van Studentevoorligtingsdiens. Tydens die finale seleksie van portuurhelpers moet die volgende kriteria in ag geneem word, aangesien die nuut geselekteerde persoon deel moet vorm van 'n portuurhelperspan. Die kandidaat moet:

* gemotiveerd wees om 'n diens te lewer
* insig hê in die diens wat verskaf gaan word en gemaklik wees met die beperkinge wat die rol van portuurhelper op hom/haar plaas (Tanaka & Reid, 1997:30; De Jager, 2003b)
* met selfvertroue tydige en korrekte verwysings na professionele hulpgewers kan doen (Tanaka & Reid, 1997:30)
* bereid wees om as deel van 'n portuurhelpersprogram op te tree - dus 'n spanspeler (De Jager, 2003b)
* die vermoë besit om onafhanklik te werk (De Jager, 2003b)
* betroubaar wees (De Jager, 2003b)
* deursettingsvermoë hê (NPHA, 2002:5)
* gemaklik wees om groepe te hanteer en opleiding binne hierdie groepe te fasiliteer (NPHA, 2002:5; De Jager, 2003b)
* as ambassadeur vir die portuurhelpersprogram kan optree en kontak met ander rolspelers in die omgewing kan bewerkstellig (NPHA, 2002:9; Anon., 2003)
* akademies goed presteer (Tanaka & Reid, 1997:30; Anon., 2004:3)

### 4.3.4 Riglyne vir opleiding

Een van die kritieke bestanddele van 'n effektiewe portuurhelpersprogram in universiteitskoshuise is dat die opleiding en werkswyses van hoë kwaliteit moet wees. Die portuurhelpers moet voel dat hulle opleiding spesiaal is en gerig is op hulle behoeftes en bestaande kennis, maar ook die behoeftes van die omgewing waarbinne hulle moet gaan funksioneer as portuurhelpers. Uit die literatuur word die volgende riglyne vir opleiding voorgestel: (NPHA, 2002:5; Fereirra & Mattheus, 2003:115; Anon., 2004:3):

- Die opleiding moet die vorm aanneem van gestruktureerde opleidingsgeleenthede waar 'n spesifieke goedgekeurde kurrikulum gevolg word.
- Die opleiding moet studente aanmoedig om dit te geniet en aktief betrokke te raak in die opleidingsproses.

- Die metodes van opleiding moet gebaseer wees op die ervaringsleermodel en is dus interaktief en ervaringsgerig van aard. Begeleidings- en besprekings-aktiwiteite, asook terugvoer vul die werkswyse verder aan. Opleidingsessies sal tipies aktiwiteite soos onder andere rolspel, groepswerk en praktiese inoefening van vaardighede insluit.
- Studente word aangemoedig om geleidelik te groei tydens die opleidingsproses en selfstandig te word in die vaardighede deur die geleenthede vir inoefening van hierdie vaardighede ten volle te benut.

Daar word verder aanbeveel dat die inisiële opleiding in basiese hulpverlenings-vaardighede eenmalig plaasvind. Tanaka en Reid (1997:30) stel voor dat die inisiële opleiding gedoen word tydens 'n wegbreeknaweek waar portuurhelpers mekaar beter kan leer ken en as groep 'n gevoel van samehorigheid ontwikkel. Hierdie idee word algemeen toegepas. Ferreira en Mattheus (2003:115) rapporteer ook dat die opleiding van portuurhelpers moet bestaan uit 'n inisiële kamp waarop die groep portuurhelpers gaan.

Voortgesette opleidingsessies moet op 'n deurlopende basis, byvoorbeeld elke vier tot ses weke, na afloop van die inisiële opleiding plaasvind en dieselfde riglyne geld vir hierdie opleidingsgeleenthede (Anon., 2003).

Die portuurhelpers binne die universiteitskoshuisopset moet na afloop van die inisiële opleiding voortgesette steun en supervisie ontvang. Hierdie vorm van supervisie sal tipies gedoen word deur 'n professionele persoon wat deur die studentevoorligtings-diens van die universiteit getaak is met portuurhulp, in samewerking met die koshuis-bestuur. Tydens supervisiesessies word die portuurhelpers se werksaamhede ge-monitor. Daar word ook geleentheid geskep vir persoonlike groei deurdat probleme met ander portuurhelpers gedeel kan word en hulle mekaar kan ondersteun. 'n Belangrike aspek van hierdie sessies is ook dat dit as 'ontladingsgeleenthede' vir die portuur-helpers dien. Portuurhelpers word dikwels blootgestel aan baie stresvolle situasies en dit is dus nodig dat die portuurhelper oor hierdie situasies kan terugvoer gee ten einde objektiwiteit te behou en nie persoonlik en emosioneel betrokke te raak by hierdie situasies nie. Die portuurhelper moet gelei word om in sulke gevalle korrekte ver-

wysings na professionele persone te doen en om stres wat hulle ervaar het te verwerk (NPHA, 2002:7).

Die taak van die portuurhelper is nie net reaktief nie, maar ook voorkomend van aard. Na afloop van hulle inisiële opleiding moet die portuurhelpers aksies in die koshuis loods as voorkomende maatreëls vir probleme. Medestudente kan deur hierdie aksies gehelp word om meer te wete te kom van probleme en gevare en om vaardighede aan te leer om probleme te hanteer, selfhandhawend op te tree (Tanaka & Reid, 1997:30; Black *et al.*, 2001:15; NPHA, 2004).

Die persone wat verantwoordelik is vir die opleiding van portuurhelpers en die voortgesette opleiding en ondersteuning van die portuurhelpers binne die koshuis, behoort aan die volgende minimum vereistes te voldoen (NPHA, 2002:10) naamlik dat hulle:

- die grondbeginsels van portuurhulp onderskryf en bekend is met die doelstellings en spesifieke behoeftes van die portuurhelpersprogram van 'n universiteitskoshuis
- opgelei en ervare is in die opleiding van portuurhelpers
- 'n sterk band met portuurhelpers in die koshuisopset opbou en rapport met hulle kan bewerkstellig
- die individu se reg op waardigheid, groei en selfontwikkeling respekteer
- met persoonlike toewyding en energie die taak as opleiers volvoer
- as rolmodelle vir portuurhelpers dien
- bekend moet wees met die sosiale samestelling van die studentegroep waar die portuurhelpersprogram gaan funksioneer.

### 4.3.5 Portuurhelperportfolios

As deel van 'n effektiewe portuurhelpersprogram in universiteitskoshuise moet portuurhelpers aangemoedig word om portfolios te skep waarin hulle werksaamhede gereflekteer word. Die portfolio dien as bewys dat die portuurhelper kennis wat hulle tydens die inisiële en opvolgopleidingsessies verwerf het, kan toepas en die beginsels van portuurhulp verstaan. Dit dien ook as 'n instrument vir die portuurhelper om sy/haar persoonlike groei te monitor en vir sy/haar eie ontwikkeling verantwoordelik te wees. Die portfolio word dan ook tydens terugvoer-/supervisiesessies gebruik om die effektiwiteit en groei

van die portuurhelper te monitor. Aan die einde van die termyn as portuurhelper in die koshuis word die portfolio ingedien om die portuurhelper se werksaamhede gedurende sy/haar termyn te evalueer. 'n Vorm van erkenning kan dan aan portuurhelpers wat deeglike werk verrig het, gegee word, byvoorbeeld in die vorm van 'n sertifikaat (Anon., 2004:4).

### 4.3.6 Effektiewe bestuur

Die portuurhelpersprogram binne 'n universiteitskoshuis moet verantwoordelik en effektief bestuur word. Aan die hoof van die bestuur van die program staan die koshuisbestuur wat in die meeste gevalle die huiskomiteelede en die huisouers van die koshuis insluit. Een huiskomiteelid, byvoorbeeld die huiskomiteelid vir Aktualiteit (die voorbeelde wat gebruik word, is verteenwoordigend van die situasie wat geld in die koshuise van die Noordwes-Universiteit se Potchefstroomkampus), moet verantwoordelik gemaak word vir die bedryf van die portuurhelpersprogram in die koshuis. Hierdie student is dus verantwoordelik vir die organisering van die keuring en benoeming van portuurhelpers in die koshuis, die organisering van opleidingsgeleenthede, asook die koördinering van terugvoer-/supervisiesessies. Portuurhelpers doen op gereelde grondslag verslag aan hierdie huiskomiteelid oor hulle werksaamhede.

Alhoewel dit nie deel vorm van hierdie studie nie moet daar in ag geneem word dat die portuurhelpersprogram oorhoofs onder die gesag behoort te staan van 'n struktuur soos byvoorbeeld die Studentevoorligtingsdiens van 'n universiteit, in samewerking met die studenteraad van die universiteit.

Duidelike taakomskrywings vir elke rolspeler in die portuurhelperspan van 'n koshuis moet geformuleer word.

### 4.3.7 Evalueringsproses

'n Belangrike aspek van die bestuur en instandhouding van 'n portuurhelpersprogram in universiteitskoshuise is evaluering. Evaluering moet op 'n gereelde grondslag plaasvind en het ten doel om die proses, impak en resultate van die portuurhelpersprogram te ondersoek. Evaluering vind deurlopend plaas om vas te stel of die program op koers is

en aan die onderliggende rasionaal en gestelde doelwitte voldoen. Onvoorsiene probleme wat opduik kan dan onmiddellik hanteer word (NPHA, 2002:8).

Tydens die evalueringsproses kan daar van proses-evaluering gebruik gemaak word. Proses-evaluering verskaf 'n duidelike beeld van die effektiwiteit van die program en die mate waarin die program geslaag het om die bepaalde doelwitte en uitkomste te bereik. Die gebruik van vraelyste en onderhoude tydens die evalueringsproses word aanbeveel. Daar kan byvoorbeeld van opvolgvraelyste gebruik gemaak word om te bepaal of die opleidingsproses van portuurhelpers suksesvol verloop het. Ander areas wat deur proses-evaluering ondersoek kan word, is byvoorbeeld die bestuursproses, die seleksieprosedures van die portuurhelpers en die aard en omvang van die hulpverlening wat plaasgevind het (NPHA, 2002:8)

Daar kan ook tydens die evalueringsproses van impak-evaluering gebruik gemaak word. Impak-evaluering evalueer meesal aspekte soos die effek wat die portuurhelpersprogram op beide die portuurhelpers en die hulpsoekers binne 'n bepaalde tydperk gehad het. Onderhoude kan met portuurhelpers, asook die studente wat hulp ontvang het, gevoer word om te bepaal of die wyse van hulpverlening effektief was en of daar enige leemtes of probleme voorkom. Dit is veral belangrik in gevalle waar daar verwysings na professionele persone gedoen is (Tanaka & Reid, 1997:30; NPHA, 2002:8).

Voortdurende evaluering lei tot verhoogde effektiwiteit en tevredenheid by die studente in die koshuis waar 'n portuurhelpersprogram geïmplementeer is.

### 4.3.8 Bemarking/reklame

Die lede van 'n portuurhelpersprogram in 'n koshuis moet aktiewe bemarking in die koshuis doen om studente bewus te maak van die voordele en suksesse verbonde aan 'n portuurhelpersprogram (NPHA, 2002:9). Die studente moet ingelig word oor die wyse van hulpverlening, wie die portuurhelpers en ander persone verantwoordelik vir die bestuur van die program is, asook hoe om vir hulp aan te klop. Bemarking/reklame kan gedoen word deur byvoorbeeld van inligtingspamflette, plakkate, die koshuis se nuusbrief, of gereelde afkondigings by huisvergaderings gebruik te maak. Die portuurhelpers moet sigbaar wees in die koshuis. Hulle kan byvoorbeeld met spesiale t-hemde aan aktiwiteite by die koshuis deelneem.

### 4.3.9 Gedragskode

Daar moet 'n gedragskode ontwikkel word vir die portuurhelpers van 'n koshuis (NPHA, 2002:11; Anon., 2004:4). Die portuurhelpers self, in samewerking met ander rolspelers soos die koshuisbestuur (huiskomitee en huisouers), studenteraad (studenteraadslid vir prinsipiële leiding) en verteenwoordigers van die universiteit se studentevoorligtingsdiens, moet hierdie gedragskode formuleer.

## 4.4 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is daar aan die hand van Plomp se algemene onderwyskundige ontwerpmodel riglyne gestel vir die ontwerp en implementering van 'n portuurhelpersprogram in universiteitskoshuise. Uit die riglyne blyk dit dat 'n voorondersoek gedoen behoort te word alvorens so 'n program ontwerp kan word. In die volgende hoofstuk sal verslag gedoen word van so 'n ondersoek wat in die koshuise van die Noordwes-Universiteit se Potchefstroomkampus gedoen is.

# HOOFSTUK 5

# EMPIRIESE ONDERSOEK

## 5.1 INLEIDING

Uit die voorafgaande hoofstukke is dit duidelik dat die jeug van vandag voor baie probleme en uitdagings te staan kom. Dit het ook geblyk dat portuurhulp 'n antwoord bied vir die voorkoming en hantering van die probleme wat voorkom. Riglyne vir die suksesvolle en effektiewe implementering van 'n portuurhelpersprogram in universiteitskoshuise is vanuit die literatuur opgestel. In hierdie hoofstuk gaan die resultate van die empiriese ondersoek bespreek word. Die empiriese ondersoek het ten doel gehad om die werklike behoefte aan portuurhulp, as 'n vorm van hulpverlening onder studente wat in universiteitskoshuise woon, vas te stel; die aard en omvang van probleme wat tans deur hierdie studente ervaar word te bepaal; ondersoek in te stel na riglyne vir die suksesvolle implementering van 'n portuurhelpersprogram in universiteitskoshuise; asook ondersoek in te stel na die doeltreffendheid opleiding van portuurhelpers vir universiteitskoshuise.

Die empiriese ondersoek het die vorm van 'n gevallestudie aangeneem aangesien dit slegs by die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit uitgevoer is.

Eerstens sal die doel van die empiriese ondersoek bespreek word, asook die metode van ondersoek wat die navorsingsontwerp, die meetinstrumente, die populasie en die statistiese tegnieke wat gebruik is om die inligting te verwerk, insluit. Daarna volg die bespreking van die navorsingsresultate.

## 5.2 DOEL VAN DIE EMPIRIESE ONDERSOEK

Die doel van die empiriese ondersoek was drie-ledig van aard.

In hoofstuk 4 is 'n literatuurstudie gedoen om die riglyne vir die ontwerp van 'n portuurhelpersprogram in universiteitskoshuise te bepaal. Hieruit blyk dat een van die belangrike riglyne in die ontwerp en implementering van 'n portuurhelpersprogram is dat daar

tydens die voorondersoekfase (Van de Wolde, 1992:75) deeglik ondersoek ingestel moet word na die behoeftes van die spesifieke populasie waar die program geïmplementeer gaan word.

Vir die doel van hierdie studie moes daar dus eerstens vasgestel word of daar werklik 'n behoefte by studente in universiteitskoshuise bestaan om van 'n portuurhelpersprogram in die koshuis gebruik te maak. Die doel van die behoeftebepaling was gevolglik om:

- die aard en omvang van probleme van studente in universiteitskoshuise te bepaal
- vas te stel hoe hierdie studente tans hulle probleme hanteer om by oplossings uit te kom
- vas te stel of studente al van professionele hulp gebruik gemaak het
- vas te stel of studente bereid sal wees om hulle probleme met iemand soos 'n portuurhelper te bespreek
- vas te stel watter vereistes studente in universiteitskoshuise aan portuurhelpers sou stel voordat hulle bereid sou wees om van hulle gebruik te maak.

Tweedens het die empiriese ondersoek ten doel gehad om terugvoer te kry oor die opleiding van portuurhelpers in universiteitskoshuise deur ten tyde van 'n opleidingsgeleentheid van portuurhelpers, die opleidingsprogram te evalueer deur van vraelyste, semi-gestruktureerde onderhoude, sowel as waarneming gebruik te maak.

Laastens het die empiriese ondersoek ten doel gehad om met kundiges op die terrein van portuurhulp onderhoude te voer, met spesifieke verwysing na die implementering en bestuur van 'n portuurhelpersprogram, ten einde vas te stel:

- of daar 'n behoefte aan portuurhulp by die onderskeie instansies bestaan
- hoe portuurhelpersprogramme geïmplementeer is en bestuur word by die onderskeie instansies.

## 5.3 NAVORSINGSMETODE

Vervolgens word die navorsingsmetode breedvoerig bespreek. Dit sluit die navorsingsontwerp, 'n beskrywing van die meetinstrumente, populasie en statistiese tegnieke in.

### 5.3.1 Navorsingsontwerp

'n Ex post facto-ontwerp is gebruik vir die behoeftebepaling. Vir die ondersoek na die opleiding van portuurhelpers in universiteitskoshuise is twee vraelyste ontwerp, naamlik 'n vraelys oor die verwagtinge van die kursus, asook 'n evalueringsvraelys na afloop van die kursus. Daar is ook van semi-gestruktureerde onderhoude en waarneming gebruik gemaak.

### 5.3.2 Meetinstrumente

#### 5.3.2.1 Vraelyste

Vraelyste is ontwikkel om die behoefte aan portuurhulp in universiteitskoshuise te bepaal, asook om die opleidingsprogram van portuurhelpers in universiteitskoshuise te evalueer. Hierdie vraelyste is ontwikkel deur van relevante inligting uit die literatuur gebruik te maak.

#### 5.3.2.2 Kenmerke van die vraelyste

**Vraelys A: Moontlike behoefte aan portuurhulp in koshuise**

Hierdie vraelys is opgestel in samewerking met Professor N.J. Vreken (Skool vir Opvoedkunde en Opleiding) en het uit sewe vrae bestaan waarop gerespondeer moes word (sien Bylaag A vir volledige vraelys).

Sekere biografiese inligting is met ***vraag 1*** ingewin naamlik: die geslag van die student, die jaargroep waarin die student is en die moedertaal van die student. Met behulp van 'n vraelysnommer kon vasgestel word in watter koshuis die respondent is.

***Vraag 2*** het die respondent se manier om probleme van 'n meer ernstige aard te hanteer, bepaal. Die respondent moes op tien stellings reageer deur op 'n vyfpuntskaal aan te dui in watter mate van die gestelde manier van probleemoplossing gebruik

gemaak word. Die metodes wat geselekteer is vir hierdie vraag is verteenwoordigend van tipiese maniere waarop studente in universiteitskoshuise tans hulle probleme hanteer (Vreken *et al.*, 2003).

***Vraag 3*** is beantwoord deurdat die respondent 'n eenvoudige ja/nee-keuse gemaak het op die stelling of hy/sy al van professionele hulp gebruik moes maak.

Met ***Vraag 4*** is daar gepoog om vas te stel of die respondent bereid sou wees om van die hulp en ondersteuning van iemand soos 'n portuurhelper gebruik te maak deur op 'n vierpuntskaal sy/haar mate van bereidwilligheid weer te gee.

***Vraag 5*** het die respondent die geleentheid gegee om die belangrikheid van die kenmerke waaraan 'n portuurhelper moet voldoen op 'n vierpuntskaal te evalueer. Die kenmerke/eienskappe is geselekteer vanuit die lys van tipiese eienskappe/kriteria waaraan portuurhelpers moet voldoen soos gestel in paragraaf 4.3.3.

***Vraag 6*** het aan die respondent 35 tipe probleme gestel wat hy/sy op 'n vyfpuntskaal moes evalueer ten opsigte van hoe dikwels die tipe probleme deur die respondent ervaar word. Die probleme is geselekteer vanuit die literatuurstudie (Hoofstuk 2), asook deur gebruik te gemaak het van inligting, wat tydens gesprekke met huisouers (inwonende personeel) van verskeie koshuise aan die Noordwes-Universiteit se Potchefstroomkampus (Vreken *et al.*, 2003) verskaf is oor probleme wat algemeen onder studente voorkom.

Tydens die laaste vraag is die respondent die geleentheid gebied om skriftelike kommentaar oor die saak of oor die vraelys te gee.

**Vraelys B: Vraelys oor die verwagtinge van die kursus**

Die doel van hierdie vraelys was om die verwagtinge, gesindhede en houdings waarmee kursusgangers na 'n portuurhelpersopleidingsgeleentheid toe gekom het, te evalueer. Die vraelys het uit 12 vrae bestaan (sien Bylaag B vir volledige vraelys). Die eerste tien vrae het die respondent die geleentheid gegee om sy/haar reaksie op 'n gegewe stelling weer te gee deur een van drie opsies te kies, naamlik of hy/sy saamstem met die stelling, nie saamstem nie, of onseker is oor die stelling. By twee van hierdie vrae is die respondent gevra om meer spesifieke inligting te verskaf. Die laaste

twee vrae van die vraelys was oop tipe vrae waarin die respondente gevra is om hulle kommentaar oor bepaalde aspekte te gee.

**Vraelys C: Evalueringsvraelys na afloop van die portuurhelperskursus**

Hierdie vraelys is ontwerp om na afloop van die opleidingsgeleentheid van portuurhelpers vir die universiteitskoshuisopset die sukses van die opleiding te evalueer. Die vraelys het uit 19 vrae bestaan (sien Bylaag C vir volledige vraelys):

***Vrae 1-3, 6-10, 13-15, 17 en 18*** was stellings waarop die respondent moes reageer deur aan te dui of hy/sy met die bepaalde stelling saamstem, nie saamstem nie of onseker is oor die stelling.

Met ***vraag 4*** is die respondent gevra om op 'n vyfpuntskaal te beoordeel of die onderskeie inhoude van die kursus relevant en interessant was.

***Vrae 11, 12, 16 en 19*** was oop tipe vrae en daar is van die respondente verwag om hulle opinie te gee en kommentaar te lewer oor bepaalde sake.

#### 5.3.2.2.1 Geldigheid en betroubaarheid van die vraelyste

Daar is gepoog om die werklike of geantisipeerde situasie in universiteitskoshuise te ondersoek. Om te verseker dat die vraelyste al die inligting inwin wat nodig is en wel meet wat dit veronderstel is om te meet, is die vraelyste ontwikkel in samewerking met die Statistiese Konsultasiediens van die Noordwes-Universiteit se Potchefstroom-kampus, asook met die leiding van twee van die huisouers (inwonende personeel) wat in twee verskillende universiteitskoshuise woon (Vreken *et al.*, 2003).

#### 5.3.2.2.2 Semi-gestruktureerde onderhoude

Semi-gestruktureerde onderhoude is gebruik as deel van die empiriese ondersoek. Hierdie onderhoude is gevoer met kundiges op die gebied van portuurhulp. Hierdie kundiges was die volgende:

- Persone by drie tersiêre opleidingsinstansies waar reeds op bepaalde wyses van portuurhulp gebruik gemaak word.

- 'n Persoon wat as koördineerder dien van 'n portuurhelpersprogram wat by 'n sekondêre skool geïmplementeer is.
- Drie persone wat verantwoordelik was vir die opleiding van portuurhelpers vir universiteitskoshuise aan die Noordwes-Universiteit se Potchefstroomkampus.

#### 5.3.2.3 Waarneming

Waarneming is deur die navorser gedoen tydens 'n opleidingsgeleentheid van portuurhelpers vir universiteitskoshuise.

### 5.3.3 Populasie

Die empiriese studie was beperk tot die koshuisstudente van die Noordwes-Universiteit se Potchefstroomkampus.

Vir Vraelys A is 'n steekproef van 566 studente in 17 verskillende koshuise gedoen. Die vraelyste is deur die Huiskomiteelid vir Aktualiteit van elke koshuis ontvang, versprei en weer terug besorg. Daar was 8 koshuise wat om verskillende redes nie aan die projek deelgeneem het nie.

Vraelyste B en C is deur 34 studente ingevul. Hierdie studente het 'n opleidingsgeleentheid vir portuurhelpers bygewoon in hulle hoedanighede as Studenteraadslid vir Prinsipiële leiding, Uitvoerende komiteelede van Prinsipiële Leiding, Huiskomiteelede vir Aktualiteit en verteenwoordigers van die onderskeie koshuise. Hierdie studente is gevra om voor en na afloop van die kursus vraelyste in te vul.

### 5.3.4 Statistiese tegnieke

Die Statistiese Konsultasiediens van die Noordwes-Universiteit se Potchefstroomkampus is geraadpleeg vir die verwerking van Vraelys A. Daar is hoofsaaklik van beskrywende statistiese tegnieke gebruik gemaak, naamlik die berekening van persentasies en rekenkundige gewigte.

## 5.4 RESULTATE

Vervolgens word die resultate van die empiriese ondersoek bespreek.

### 5.4.1 Resultate van die behoeftebepaling: Vraelys A

Die resultate van die behoeftebepaling wat verkry is deur die gebruik van Vraelys A sal vervolgens bespreek word.

#### 5.4.1.1 Aantal respondente per koshuis

Die aantal respondente per koshuis wat vraelyste voltooi het word in Tabel 5.1 uiteengesit:

**TABEL 5.1 AANTAL RESPONDENTE PER KOSHUIS**

| Koshuis | Aantal respondente | % |
|---|---|---|
| 1 | 133 | 23,5 |
| 2 | 26 | 4,6 |
| 3 | 31 | 5,5 |
| 4 | 30 | 5,3 |
| 5 | 29 | 5,1 |
| 6 | 16 | 2,8 |
| 7 | 22 | 3,9 |
| 8 | 26 | 4,6 |
| 9 | 23 | 4,1 |
| 10 | 23 | 4,1 |
| 11 | 30 | 5,3 |
| 12 | 28 | 4,9 |
| 13 | 44 | 7,8 |
| 14 | 22 | 3,9 |
| 15 | 20 | 3,5 |
| 16 | 26 | 4,6 |
| 17 | 37 | 6,5 |
| **Totaal** | **566** | **100** |

Uit Tabel 5.1 blyk dat die studentepopulasie redelik goed versprei was tussen die koshuise, behalwe in die geval van Koshuis 1. Koshuis 1 het 133 respondente gehad omdat die spesifieke koshuis graag 'n meer betroubare beeld van hulle inwoners se

opinie oor 'n portuurhelpersprogram wou hê. Hierdie koshuis het reeds die vorige jaar 'n groep portuurhelpers laat oplei en wou graag die resultate van die ondersoek gebruik om 'n effektiewe portuurhelpersprogram daar te stel.

Uit die groep van 25 koshuise aan die Noordwes-Universiteit se Potchefstroomkampus was daar agt koshuise wat nie aan die ondersoek deelgeneem het nie. Ses van die agt koshuise was manskoshuise en twee daarvan dameskoshuise. Redes aangevoer vir die gebrek aan deelname van hierdie koshuise was dat verteenwoordigers van die koshuise nie aanwesig was ten tyde van die geleentheid waar vraelyste versprei is nie, of dat vraelyste nie teen die gestelde sperdatum deur die onderskeie verteenwoordigers ingehandig kon word nie.

#### 5.4.1.2 Samestelling van die ondersoekpopulasie

Die respondente van die ondersoek word soos volg beskryf:

##### 5.4.1.2.1 Samestelling van die respondente ten opsigte van geslag

Die volgende tabel toon die samestelling van die respondente ten opsigte van geslag aan:

**TABEL 5.2 GESLAG VAN RESPONDENTE**

| Geslag | N | % |
|---|---|---|
| **Manlik** | 136 | 24 |
| **Vroulik** | 430 | 76 |
| **Totaal** | 566 | 100 |

Uit Tabel 5.2 blyk dat heelwat meer damestudente aan die ondersoek deelgeneem het as manstudente. Dit kan waarskynlik toegeskryf word aan die feit dat vyf manskoshuise nie aan die ondersoek deelgeneem het nie, asook die feit dat Koshuis 1 waar heelwat meer respondente was, 'n dameskoshuis is.

#### 5.4.1.2.2 Samestelling van die respondente ten opsigte van jaargroepe

Die volgende tabel toon die samestelling van die respondente volgens die jaargroep van die studente aan:

**TABEL 5.3 JAARGROEP VAN DIE RESPONDENTE**

| Jaargroep | N | % |
|---|---|---|
| 1 | 303 | 54 |
| 2 | 137 | 24 |
| 3 | 86 | 25 |
| 4 | 34 | 6 |
| 5+ | 6 | 1 |
| **Totaal** | **566** | **100** |

Uit die inligting in Tabel 5.3 blyk dat meer as die helfte van die respondente in hulle eerste jaar van studie was en dat die hoeveelheid respondente geleidelik afneem soos wat die aantal studiejare toeneem. Daar sal in die verdere bespreking van die resultate 'n onderskeid gemaak word tussen eerstejaarstudente en seniorstudente – wat al die ander jaargroepe insluit. Die verskynsel is verteenwoordigend van die samestelling van die populasie binne universiteitskoshuise aan die Noordwes-Universiteit se Potchefstroomkampus (Vreken *et al.*, 2003).

#### 5.4.1.2.3 Samestelling van die respondente volgens moedertaal

Met die vraelys is daar voorsiening gemaak vir studente om aan te toon of hulle moedertaal Afrikaans, Engels en Tswana is. Ander moedertale kon onder "ander" ingevul word.

**TABEL 5.4 TAALGROEP VAN DIE RESPONDENTE**

| Taalgroep | N | % |
|---|---|---|
| Afrikaans | 541 | 96,9 |
| Engels | 20 | 3,5 |
| Tswana | 1 | 0,2 |
| Ander | 2 | 0,4 |
| **Totaal:** | **564** | **100** |

Dit is duidelik dat die oorgrote meerderheid van die respondente se moedertaal Afrikaans is. Dit was te verwagte aangesien die studie uitgevoer is by die Noordwes Universiteit se Potchefstroomkampus waar Afrikaans die voorkeuronderrigmedium is.

#### 5.4.1.2.4 Samevattend

Uit gesprekke met huisouers (inwonende personeel) van verskeie koshuise op die Noordwes-Universiteit se Potchefstroomkampus (Vreken *et al.*, 2003) blyk die inligting verkry rondom die geslag, studiejaar en taalgroep van die studiepopulasie aanduidend te wees van 'n goed verteenwoordigende steefproef van studente wat in koshuise bly. Dit verhoog die geldigheid en betroubaarheid van hierdie studie.

Die verteenwoordiging uit die taalgroepe, anders as Afrikaans, was egter baie min en geldige afleidings uit die vraelyste kan nie vir hierdie groepe alleen gemaak word nie. Hulle inligting is wel in die totaal en in al die ander sub-groepe verwerk.

#### 5.4.1.2.5 Verskillende wyses van probleemoplossing

Daar is ondersoek ingestel na die mate waarin respondente van verskillende metodes gebruik maak wanneer probleme van 'n meer ernstige aard hanteer moet word. Die resultate word weergegee in Tabel 5.5:

## TABEL 5.5 MATE WAARIN RESPONDENTE VAN VERSKILLENDE WYSES GEBRUIK MAAK OM MEER ERNSTIGE TIPE PROBLEME TE HANTEER

| Wyse van probleemhantering | Mate – uitgedruk as 'n gewig uit 4 | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Hele groep | | Mans | | Dames | | Eerstejaars | | Seniors | |
| | Gewig | RO | Gewig | RO | Gewig | RO | Gewig | RO | Gewig | RO |
| Praat met ouers | 3,05 | 3 | 3,00 | 3 | 3,07 | 3 | 3,05 | 3 | 3,05 | 3 |
| Praat met predikant | 1,62 | 7 | 1,96 | 6 | 1,51 | 7 | 1,65 | 7 | 1,58 | 7 |
| Praat met goeie vriend/in | 3,42 | 2 | 3,40 | 2 | 3,34 | 2 | 3,40 | 2 | 3,44 | 2 |
| Praat met HK-Lid | 1,89 | 6 | 2,15 | 5 | 1,80 | 6 | 1,97 | 5 | 1,80 | 6 |
| Praat met Huisvader/ moeder | 1,35 | 8 | 1,56 | 8 | 1,28 | 8 | 1,41 | 8 | 1,28 | 8 |
| Afspraak met professionele persoon | 1,21 | 9 | 1,25 | 9 | 1,20 | 9 | 1,22 | 9 | 1,20 | 9 |
| Hanteer dit self | 2,53 | 4 | 2,67 | 4 | 2,49 | 4 | 2,51 | 4 | 2,56 | 4 |
| Bly stil | 1,91 | 5 | 1,91 | 7 | 1,86 | 5 | 1,85 | 6 | 1,90 | 5 |
| Bid daaroor | 3,59 | 1 | 3,49 | 1 | 3,62 | 1 | 3,59 | 1 | 3,59 | 1 |

*RO = Rangorde*

*Gewig is bereken as 'n gemiddelde gewig van 4 waar 1 = nooit; 2 = soms; 3 = dikwels; 4 = altyd.*

Uit Tabel 5.5 blyk dat die resultate van die onderskeie groepe tot 'n groot mate ooreenstem wat betref die rangorde waarin die verskillende wyses van die hantering van meer ernstige probleme, gelys is. Die resultate sal dus bespreek word met betrekking tot die hele groep. Verskille tussen die groepe sal slegs bespreek word wanneer daar redelike verskille is.

Eerstens is bevind dat die hele groep groot waarde (3,59 uit moontlike 4) geheg het aan gebed as 'n wyse waarop probleme hanteer kan word. Hierdie bevinding dui daarop dat studente groot waarde aan hulle godsdienstige belewenis heg en stem ooreen met die bevindinge dat studente wat aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit studeer, hulle met die Christelike karakter van die universiteit vereenselwig en dit as belangrikste rede vir hulle keuse van die universiteit aanvoer (Vreken & Rens, 2001:3). Hierdie wyse van probleemhantering word deur Du Toit (1997:198) beskryf as een van die konstruktiewe maniere om probleme te hanteer. Dit stel die persoon in staat om die positiewe uit 'n probleemsituasie te haal, iets uit die situasie te leer en die sin daarin raak te sien, maar steeds die realiteit van die situasie te erken.

Die tweede wyse van probleemhantering wat deur die respondente aangedui is as 'n metode wat in 'n baie groot mate deur hulle gebruik word, is om met 'n goeie vriend/in te praat oor die probleem (3,42 uit 'n moontlike 4). Hierdie resultaat bevestig die verskynsel wat in die literatuur beskryf word naamlik dat jeugdiges na hulle portuurgroep uitreik wanneer hulle probleme van 'n ernstige aard ervaar, alvorens hulle enige ander vorm van hulp oorweeg (verwys 3.2.1). Portuurhulp berus op die beginsel dat vriende na vriende uitreik in tye van nood. Studente in universiteitskoshuise behoort dus uiters baat te vind by die implementering van 'n Portuurhelpersprogram, juis omdat mede-studente opgelei word om meer effektief bystand te verleen in die hantering van probleme.

Die volgende wyse van probleemhantering wat deur die respondente aangedui is, is om met hulle ouers/voogde oor die probleem te praat (3,05). Hierdie verskynsel is positief aangesien dit aantoon dat studente wel die vrymoedigheid het om na hulle ouers/voogde te gaan wanneer hulle ernstige probleme ervaar. Volgens Du Toit (1997:183) is die soeke na sosiale en emosionele steun van onder andere die familie 'n konstruktiewe manier om probleme te hanteer. Ouers kan dikwels advies, informasie en tasbare hulp (bv. geld) gee, maar ook emosionele steun gee deurdat hulle onvoorwaardelik liefde aan 'n kind betoon. Dit moet egter in gedagte gehou word dat studente wat in die koshuisopset woon se ouers/voog nie altyd onmiddelik beskikbaar is met hulp en fisiese bystand nie. Wanneer koshuisstudente dus hierdie vorm van probleemoplossing verkies, geskied dit telefonies of elektronies (per elektroniese-pos), of die student moet wag totdat daar 'n geleentheid is om huis toe te gaan om die probleem met sy/haar ouers/voog te bespreek, of die ouers hom/haar kan besoek. Hierdie situasie is nie altyd ideaal wanneer dit by die hantering van krisisse kom nie.

Die vierde wyse wat deur die respondente verkies is as wyse waarop probleme van 'n ernstige aard hanteer word, is om die probleme self te hanteer en dit met niemand te bespreek nie (2,53). Hierdie wyse van probleemhantering is slegs effektief indien die persoon oor goeie probleemoplossingsvaardighede beskik en self deur die stappe van probleemoplossing kan gaan om by 'n oplossing uit te kom. In ernstige probleemsituasies is persone egter nie altyd in staat om rasioneel en objektief te dink of op te tree nie (Du Toit, 1997:183). Dikwels gebeur dit dat hierdie wyse van probleemhantering lei tot anti-sosiale gedrag soos verbale uitbarstings, onttrekking en ook meer ernstige

probleme soos depressie, selfmoordpogings (Du Toit, 1997:184; Tanaka & Reid, 1997:29).

'n Ander vorm van probleemhantering wat deur Du Toit (1997:184) beskryf word, is vermyding. Die persoon vermy die probleem deur nie daaraan te dink nie, te hoop die probleem verdwyn en alternatiewe dinge te doen eerder as om die probleem aan te spreek. Hierdie vorm van probleemhantering is vyfde in die rangorde geplaas deur die dames (1,86) en die hele groep (1,91), maar word deur die eerstejaars as sesde (1,85) en die mansrespondente as sewende (1,91) gelys. In gewigswaarde verskil die groepe egter nie baie nie en almal dui aan dat hulle soms van hierdie wyse van probleemhantering gebruik maak. Hierdie wyse van probleemhantering word egter beskou as 'n dekonstruktiewe manier van probleemhantering deurdat probleme nie hanteer word nie en "vermydingsaktiwiteite" destruktiewe vorme kan aanneem, soos oormatige rook en drankgebruik, dwelmmisbruik en selfs eetversteurings (Du Toit, 1997:184). 'n Portuurhelpersprogram in die koshuis bied aan hierdie persone die geleentheid om probleme te hanteer eerder as om dit te vermy.

Die volgende wyses van probleemhantering wat deur die hele groep aangedui is, is om met 'n huiskomiteelid (1,89), die predikant (1,62) of met die huisouers van die koshuis (1,35) te praat. Al drie die persone wat hier ter sprake is, is meer outoritêre figure en die respondente het aangedui dat hulle soms of nooit van hierdie vorm van hulpverlening gebruik sal maak nie. Dit stem ooreen met bevindinge soos gerapporteer in die literatuur (verwys 3.2.1).

'n Interessante verskynsel is dat die eerstejaarsgroep aangedui het dat hulle hulle probleme sal hanteer deur eers met 'n huiskomiteelid te praat voor hulle die opsie van ontkenning oorweeg. Hierdie verskynsel kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat daar 'n nouer verhouding tussen die eerstejaars en die huiskomitee van die koshuis bestaan, aangesien die huiskomitee verantwoordelik is vir die inskakeling en versorging van die eerstejaarstudente in die koshuis. Die huiskomiteelede staan in 'n meer persoonlike verhouding met die eerstejaarsgroep as met van die ander jaargroepe en het moontlik 'n vertrouensverhouding met die eerstejaarstudente opgebou.


Die mansrespondente het aangedui dat hulle in 'n groter mate sal gebruik maak van gesprekke met 'n huiskomiteelid (2,15) of die predikant (1,96) om probleme op te los, as die opsie om stil te bly oor 'n probleem en te hoop dit verdwyn. Dit beteken dat die

mansrespondente verkies om eerder 'n probleem aan te spreek deur advies en inligting in te win en steun van ander te ontvang as om dit te vermy.

Laastens blyk dit dat die hele groep respondente aangetoon het dat hulle byna nooit (1,21) van die hulp van professionele persoon gebruik maak wanneer hulle 'n ernstige probleem ervaar nie. Hierdie resultaat bevestig weereens dat jeugdiges eerder na hulle portuurgroep sal uitreik as om van kundiges se hulp gebruik te maak (Tanaka & Reid, 1997:29). Dit is kommerwekkend dat studente in universiteitskoshuise eerder hulle probleme self probeer hanteer of op vriende met geen ervaring in hulpverlening staatmaak, terwyl daar wel professionele persone op die kampus is wat gratis hulpverlening aan studente verskaf.

Ten slotte kan gestel word dat respondente tot 'n groot mate die neiging toon om probleme van 'n ernstige aard te hanteer deur dit te deel met mense waarmee hulle in 'n noue persoonlike verhouding staan (vriende/inne), of dit self te probeer oplos. Daar is 'n geneigdheid om al hoe minder van die hulp van individue/persone gebruik te maak hoe verder sodanige individue/persone uit die student se persoonlike leefruimte beweeg (bv. professionele persone). Dit word dus al hoe duideliker dat 'n portuurhelpersprogram in 'n universiteitskoshuis die geleentheid vir studente kan bied om vaardig te raak in basiese hulpverlening, sodat hulle mekaar beter sal kan ondersteun en probleme vroegtydig sal kan identifiseer. Portuurhulp is die kern van 'n gesonde omgee-omgewing. Figuur 5.1 stel hierdie verskynsel grafies voor:

**FIGUUR 5.1 VERSKILLENDE WYSES VAN PROBLEEMHANTERING VAN STUDENTE IN UNIVERSITEITSKOSHUISE**



### 5.4.1.3 Aantal respondente wat al van professionele hulp gebruik gemaak het

Die aantal respondente wat al van professionele hulp gebruik gemaak het, word soos volg saamgevat:

**TABEL 5.6 PROFESSIONELE HULPVERLENING**

| Kategorie respondente | N | % van kategorie |
|---|---|---|
| Hele groep | 97 | 17,4 |
| Mans | 17 | 12,8 |
| Dames | 80 | 18,9 |
| Eerstejaars | 50 | 16,8 |
| Seniors | 47 | 18,1 |

Uit die inligting blyk dat slegs 17,4 % van al die respondente al van professionele hulpverlening gebruik gemaak het. Ongeveer 6% minder mans- as damesstudente het van hierdie vorm van hulpverlening gebruik gemaak. Hierdie resultate bevestig die resultate in tabel 5.5 waar respondente 'n gewigswaarde van 1,21 (1=nooit) aan hierdie manier van hulpverlening toegeken het. Daar is al baie redes in die literatuur aangevoer waarom jeugdiges nie uitreik na professionele persone vir hulpverlening nie. Van die belangrikste redes wat moontlik in die universiteitskoshuisopset voorkom is die stigma wat kleef aan die gebruikmaking van professionele hulp die persepsie wat bestaan dat professionele hulp ontoereikend en te duur is en onkunde oor watter tipe dienste beskikbaar is en hoe jy daarby kan baat. Daar kan as deel van 'n portuurhelpers-program 'n bewusmakingsveldtog geloods word om professionele hulp beter en minder intimiderend voor te stel.

### 5.4.1.4 Vereistes wat aan portuurhelpers gestel word

Daar is gepoog om vas te stel watter vereistes respondente aan 'n portuurhelper sou stel voor hulle die vrymoedigheid sou neem om hom/haar te nader met 'n probleem, met ander woorde om die hulpverleningsproses te betree. In Tabel 5.7 word resultate vir die hele groep, sowel as vir die verskeie kategorieë respondente weergegee:

## TABEL 5.7 VEREISTES WAT AAN PORTUURHELPERS GESTEL WORD

| Vereiste | Hele groep | | Mans | | Dames | | Eerstejaars | | Seniors | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Gewig | RO | Gewig | RO | Gewig | RO | Gewig | RO | Gewig | RO |
| Eerlik- en opregtheid | 3,92 | 2 | 3,83 | 1 | 3,95 | 2 | 3,92 | 2 | 3.92 | 2 |
| Vertroulikheid | 3,94 | 1 | 3,82 | 2 | 3,97 | 1 | 3,94 | 1 | 3,93 | 1 |
| Goeie luistervaardighede | 3,63 | 5 | 3,43 | 8 | 3,70 | 4 | 3,59 | 7 | 3,68 | 4 |
| Moet respek toon | 3,62 | 6 | 3,65 | 4 | 3,62 | 8 | 3,64 | 6 | 3,61 | 7 |
| Konsekwentheid | 3,44 | 11 | 3,41 | 9 | 3,45 | 11 | 3,40 | 11 | 3,49 | 10 |
| Goeie "help"-vaardighede | 3,43 | 10 | 3,39 | 10 | 3,45 | 10 | 3,45 | 10 | 3,42 | 11 |
| Empatie | 3,29 | 12 | 3,25 | 12 | 3,30 | 12 | 3,22 | 12 | 3,36 | 12 |
| Vriendelikheid | 3,62 | 7 | 3,59 | 6 | 3,63 | 7 | 3,65 | 5 | 3,58 | 8 |
| Toeganklikheid | 3,61 | 8 | 3,48 | 7 | 3,66 | 6 | 3,58 | 8 | 3,66 | 5 |
| Objektiwiteit | 3,51 | 9 | 3,35 | 11 | 3,56 | 9 | 3,47 | 9 | 3,55 | 9 |
| Geduld | 3,66 | 4 | 3,66 | 3 | 3,66 | 5 | 3,69 | 4 | 3,64 | 6 |
| Volwassenheid | 3,72 | 3 | 3,64 | 5 | 3,74 | 3 | 3,70 | 3 | 3,74 | 3 |

*Belangrikheid is uitgedruk as die gemiddelde gewig uit die 4 waar 1= glad nie belangrik; 2=effens belangrik; 3=redelik belangrik en 4=uiters belangrik.*

Uit die resultate in Tabel 5.7 blyk dat al die vereistes wat in die vraelys ingesluit is as redelik tot uiters belangrik (tussen 3 en 4, uit 'n moontlike 4) beskou word. Daar het klein verskille ten opsigte van rangorde tussen die verskillende kategorieë respondente voorgekom. Die eerste vyf vereistes (volgens rangorde) wat as belangrik beskou word vir portuurhelpers gaan vervolgens bespreek word:

Die mees belangrike vereiste wat aan 'n portuurhelper gestel sou word is vertroulikheid (3,94). Hierdie aspek vorm 'n belangrike grondslag in enige hulpverleningsverhouding. Die persoon wat hulpgewend optree is verantwoordelik daarvoor om 'n vertrouensverhouding te sluit met die hulpsoeker. Nie alleen moet die hulpsoeker die hulpgewer vertrou nie, maar ook seker wees dat alle informasie wat daar gedeel word, met vertroulikheid hanteer gaan word (Brammer, 1988:7). Ook in die geval van portuurhelpers in die universiteitskoshuisopset is dit uiters belangrik dat die hulpsoeker voel dat die portuurhelper nie sy/haar probleme vir die hele koshuis gaan vertel nie. Hierdie

aspek behoort 'n belangrike deel van die opleiding van portuurhelpers te vorm. Portuurhelpers moet ingelig word oor die implikasies van vertroulikheid vir die hulpverleningsproses, die etiese implikasies, asook die situasies waaronder vertroulikheid verbreek word, byvoorbeeld in die geval waar die hulpsoeker se persoonlike welstand en veiligheid in gevaar is. Die daarstel van 'n gedragskode vir die portuurhelpers van 'n bepaalde koshuis word ook as riglyn gestel vir 'n effektiewe en suksesvolle portuurhelpersprogram (verwys 4.3.9).

Die tweede belangrikste vereiste wat aan portuurhelpers gestel word, is eerlikheid en opregtheid (3,92). Mansrespondente het hierdie vereiste as die belangrikste (3,83) beskou. Een van die belangrikste doelwitte van die hulpverleningsproses is om die hulpsoeker aan te moedig om vrylik oor sy/haar probleme en bekommernisse te praat. Die hulpsoeker gaan egter slegs selfopenbarend optree as hy/sy voel dat die hulpgewer eerlik en opreg is in sy optrede. Die hulpgewer moet dus bereid wees om openlik en eerlik oor sy/haar eie gevoelens en ervarings te praat, spontaan en eg optree en konsekwent wees - sy/haar woorde en optrede moet ooreenstem (Brammer, 1988:38; Egan, 1990:69). Hierdie vereiste sluit aan by die vereiste van toeganklikheid/ openheid wat deur die seniorgroep as vyfde belangrikste beskou is (3,66).

Volwassenheid is die volgende vereiste wat deur die hele groep as belangrik geag word (3,72). 'n Portuurhelper moet definitief gekenmerk word aan hierdie eienskap om in alle opsigte as gelyke, maar ook as rolmodel op te tree in die hulpverleningsproses. Dit vereis van 'n persoon volwassenheid, met ander woorde geestelike rypheid en verantwoordelikheid (HAT, 1984:1305).

'n Verdere vereiste wat as belangrik beskou word, is geduld. Die portuurhelper moet tydens die hulpverleningsproses toelaat dat die hulpsoeker groei in die rigting wat hy/sy self kies om sy/haar probleme op te los. Die portuurhelper fasiliteer bloot die proses en maak seker dat die hulpsoeker van al die alternatiewe in die probleemoplossing bewus is (Brammer, 1988:5). Hierdie proses kan die portuurhelper soms gefrustreerd laat en hy/sy kan in die versoeking beland om raad te gee en die proses aan te jaag. Dit is egter belangrik dat die portuurhelper geduldig bly, veral in die lig daarvan dat hulpsoekers dit as so 'n belangrike vereiste beskou.

Goeie luistervaardighede is in die vyfde plek (3,63) in die rangorde van belangrikheid. Tydens die hulpverleningsproses vind daar voortdurend kommunikasie tussen die helper en die hulpsoeker plaas. Dit is dus nie vreemd dat daar van die portuurhelper

vereis word dat hy/sy goeie luistervaardighede moet hê nie. Die portuurhelper word opgelei om effektief en empaties te luister en dit as instrument te gebruik in die hulpverleningsproses. Volgens Egan (1990:108) is luister: "the ability of helpers to capture and understand the messages clients communicate, whether these messages are transmitted verbally or nonverbally, clearly or vaguely".

Een vereiste wat ook onder die eerste vyf belangrikstes van die mansrespondente voorgekom het, is respek (3,65). Die behoefte aan respek word deur Egan (1990:65) beskou as een van die diepste menslike behoeftes en word beskryf as "prizing people simply because they are human". Die term agting, met ander woorde om iemand hoog aan te slaan, kan ook hier gebruik word en dit impliseer waardering, 'n gunstige opinie en eerbied vir ander (HAT, 1984:38). Tydens die hulpverleningsproses moet respek gesien word in die wyse waarop die portuurhelper met ander mense werk. Die portuurhelper behoort elke persoon as 'n individu te hanteer, nie 'n persoon te oordeel nie, beskikbaar wees vir ander, begrip toon vir ander, aanneem dat die hulpsoeker wil werk aan sy/haar probleem en die persoon bystaan om tot eie oplossings te kom (Egan, 1990:67).

Die eerstejaarsgroep beskou vriendelikheid (3,65) ook as 'n belangrike vereiste vir 'n portuurhelper. Aangesien eerstejaarstudente in 'n koshuis moet aanpas by 'n nuwe omgewing, is 'n persoon wat vriendelik is, met ander woorde iemand wat warmte uitstraal en op verbale- en nie-verbale wyse wys dat hulle omgee, baie meer toeganklik. Vriendelikheid word dikwels geassosieer met aanvaarding (Brammer, 1989:37).

Empatie word deur die hele groep laaste in die rangorde van belangrikheid geplaas alhoewel dit 'n uiters belangrike vaardigheid is waaroor portuurhelpers moet beskik. Uit 'n informele gesprek met die studente blyk dat hierdie lae telling moontlik toegeskryf kan word aan die feit dat die respondente nie bekend is met die woord nie.

#### 5.4.1.5 Bereidheid om van portuurhulp gebruik te maak

Daar is gepoog om vas te stel in watter mate die respondente bereid sou wees om van die hulp en ondersteuning van 'n baie betroubare persoon wat spesiaal opgelei is in hulpverleningsvaardighede, gebruik te maak. Die resultate word in Tabel 5.8 weergegee.

**TABEL 5.8 DIE MATE WAARIN RESPONDENTE BEREID SOU WEES OM VAN GOED OPGELEIDE PORTUURHELPERS GEBRUIK TE MAAK**

| Kategorie respondente | Nooit | | Soms | | Dikwels | | Altyd | | Gewig |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | %* | N | % | N | % | N | % | |
| Hele groep | 65 | 11,8 | 288 | 52,1 | 155 | 28,0 | 45 | 8,1 | 2,33 |
| Mans | 12 | 9,3 | 58 | 44,9 | 47 | 36,4 | 12 | 9,3 | 2,46 |
| Dames | 53 | 12,5 | 230 | 54,2 | 108 | 25,5 | 33 | 7,8 | 2,29 |
| Eerstejaars | 27 | 9,0 | 149 | 49,7 | 94 | 31,3 | 30 | 10,0 | 2,42 |
| Seniors | 38 | 15,0 | 139 | 54,9 | 61 | 24,1 | 15 | 5,9 | 2,21 |

** Persentasie van bepaalde groep respondente*

Uit die resultate blyk dat ongeveer die helfte (52,1%) van die hele groep respondente bereid sou wees om soms van portuurhulp gebruik te maak, terwyl 'n verdere 28% van die groep aangedui het dat hulle dikwels bereid sou wees om probleme met 'n portuurhelper te deel. Slegs 11,8% van die hele groep het aangedui dat hulle nooit van so 'n stelsel gebruik sou maak nie.

In die lig van bogenoemde resultate is dit duidelik dat daar wel 'n behoefte bestaan onder studente in universiteitskoshuise om hulle probleme met iemand soos 'n portuurhelper te bespreek.

'n Interessante waarneming wat gemaak is uit die verkreë resultate is dat byna die helfte (45,7%) van die mansrespondente en 41,3% van eerstejaarrespondente aangedui het dat hulle tot 'n groter mate as die ander groepe respondente, bereid sou wees om dikwels tot altyd van so 'n stelsel gebruik te maak. Dit is algemeen bekend dat mans hulle probleme met veral een of twee goeie vriende bespreek en dit blyk dus dat die Portuurhelpersprogram by hulle wyse van probleemhantering aanklank vind. Eerstejaarstudente is blootgestel aan 'n nuwe sosiale en akademiese omgewing en hulle kan aanpassingsprobleme ervaar. Aangesien hulle moontlik nog nie 'n goeie ondersteuningsnetwerk vir hulleself opgebou het in terme van nuwe vriende/inne nie en hulle ouers nie altyd onmiddelik beskikbaar is vir hulpgewing nie, sal hulle waarskynlik meer dikwels van 'n portuurhelper gebruik wil maak om probleme te bespreek. Slegs 9% van die eerstejaarrespondente het aangedui dat hulle nooit van so 'n stelsel gebruik sou maak nie.

### 5.4.1.6 Aard en frekwensie van probleme wat studente ervaar

In Tabel 5.9 word die aard en frekensie van probleme wat studente ervaar voorgestel:

**TABEL 5.9 AARD EN FREKWENSIE VAN PROBLEME WAT STUDENTE ERVAAR**

| Aard van probleme | Frekwensie (%) | | | | | Gewig uit 5 | Rang-orde (1-20) |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Voort-durend (elke dag) | Gereeld (meer as 1x per maand) | Soms (1 x per semester) | Selde (1 x per jaar) | Nooit | | |
| | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | | |
| 1. Emosioneel | 4,8 | 34,2 | 36,3 | 20,4 | 4,3 | 2,85 | 1 |
| 2. Liefdesprobleme | 3,9 | 14,3 | 31,1 | 38,3 | 12,4 | 3,41 | 9 |
| 3. Studieprobleme | 9,2 | 28,7 | 35,2 | 21,4 | 5,5 | 2,86 | 2 |
| 4. Loopbaanvooruitsigte | 4,8 | 16,3 | 29,8 | 30,7 | 18,4 | 3,42 | 11 |
| 5. Kamermaat | 3,3 | 8,3 | 14,7 | 22,3 | 51,4 | 4,10 | |
| 6. Algemene verhoudinge | 1,6 | 7,8 | 28,0 | 42,4 | 20,2 | 3,72 | 17 |
| 7. Dosente | 2,5 | 7,9 | 25,0 | 39,4 | 25,2 | 3,77 | |
| 8. Geloof | 1,8 | 8,0 | 17,9 | 36,3 | 36,1 | 3,97 | |
| 9. Finansies | 7,9 | 20,5 | 3,5 | 22,7 | 17,4 | 3,21 | 7 |
| 10. Verhouding met Ouers | 0,9 | 8,1 | 21,0 | 38,2 | 31,8 | 3,92 | |
| 11. Selfbeeld | 5,2 | 12,6 | 25,8 | 36,8 | 19,6 | 3,53 | 14 |
| 12. Ouers se huwelik | 2,7 | 6,1 | 8,4 | 21,5 | 61,4 | 4,33 | |
| 13. Selfgelding (gebrek) | 3,4 | 8,2 | 26,6 | 35,7 | 26,1 | 3,73 | 18 |
| 14. Drankmisbruik | 1,0 | 3,3 | 9,4 | 19,6 | 66,7 | 4,48 | |
| 15. Rook | 2,2 | 3,2 | 6,5 | 10,7 | 77,4 | 4,58 | |
| 16. Seksuele aktiwiteite | 2,4 | 6,0 | 3,6 | 11,9 | 76,2 | 4,53 | |
| 17. Algemene gedrag | 1,0 | 5,2 | 16,5 | 36,1 | 41,2 | 4,11 | |
| 18. Humeur/Agressie | 1,0 | 7,1 | 19,4 | 39,8 | 32,7 | 3,96 | |
| 19. Kru taalgebruik | 2,0 | 10,2 | 26,5 | 28,6 | 32,7 | 3,79 | |
| 20. Toekoms | 5,1 | 15,3 | 36,7 | 28,6 | 14,3 | 3,31 | 8 |
| 21. Politieke situasie | 4,1 | 4,1 | 19,6 | 42,3 | 29,9 | 3,90 | |
| 22. Misdaad/geweld | 9,2 | 20,4 | 30,6 | 27,6 | 12,2 | 3,13 | 5 |

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 23. Sin van lewe | 2,0 | 10,2 | 25,5 | 40,8 | 21,4 | 3,69 | 16 |
| 24. Sin van studies | 4,1 | 7,1 | 24,5 | 38,8 | 25,5 | 3,74 | 19 |
| 25. Selfdissipline (gebrek) | 3,1 | 13,3 | 25,5 | 35,7 | 22,5 | 3,61 | 15 |
| 26. Gesondheid | 2,0 | 4,1 | 5,1 | 20,4 | 68,4 | 4,49 | |
| 27. Eetgewoontes | 8,2 | 12,2 | 24,5 | 29,6 | 25,5 | 3,52 | 13 |
| 28. Voorkoms | 7,1 | 14,3 | 25,5 | 36,7 | 16,3 | 3,41 | 10 |
| 29. Algemene fiksheid | 10,2 | 18,4 | 31,6 | 24,5 | 15,3 | 3,16 | 6 |
| 30. Werksdrukte | 6,1 | 22,5 | 33,7 | 27,6 | 10,2 | 3,13 | 4 |
| 31. Spanning/stres | 9,2 | 29,6 | 29,6 | 23,5 | 8,2 | 2,92 | 3 |
| 32. Eensaamheid | 6,1 | 13,3 | 23,5 | 42,9 | 14,3 | 3,46 | 12 |
| 33. Kommunikasievrees | 5,1 | 11,2 | 20,4 | 29,6 | 33,7 | 3,75 | 20 |
| 34. Fobies | 4,1 | 5,1 | 13,3 | 38,8 | 38,8 | 4,03 | |

Uit die resultate in Tabel 5.9 is Tabel 5.10 saamgestel om die twintig belangrikste probleme wat studente in universiteitskoshuise ervaar in rangorde te lys:

**TABEL 5.10 TOP 20 PROBLEME**

| Rangorde | Probleem | Gewig uit 5<br>1=daagliks<br>5=nooit |
|---|---|---|
| 1 | Emosionele probleme | 2,85 |
| 2 | Studieprobleme | 2,86 |
| 3 | Spanning/stres | 2,92 |
| 4 | Probleme met werksdruk | 3,13 |
| 5 | Bekommernis oor misdaad en geweld | 3,13 |
| 6 | Gebrek aan fiksheid | 3,16 |
| 7 | Finansiële probleme | 3,21 |
| 8 | Bekommernis oor die toekoms | 3,31 |
| 9 | Liefdesprobleme | 3,41 |
| 10 | Probleme met jou voorkoms | 3,41 |
| 11 | Loopbaanvooruitsigte (gaan jy werk kry?) | 3,42 |
| 12 | Eensaamheid | 3,46 |
| 13 | Probleme met jou eetgewoontes | 3,52 |
| 14 | Selfbeeldprobleme | 3,53 |
| 15 | Probleme met selfdissipline | 3,61 |
| 16 | Bekommernis oor die sin van die lewe | 3,69 |
| 17 | Verhoudingsprobleme met ander studente (in die algemeen) | 3,72 |
| 18 | Jou onvermoë om jouself te laat geld/ standpunt in te neem | 3,73 |
| 19 | Bekommernis oor die sin van jou studies | 3,74 |
| 20 | Kommunikasievrees | 3,75 |

Wanneer daar na die twintig belangrikste probleme gekyk word wat die respondente ervaar, kan gesien word dat dit tipiese probleme is wat onder die studentepopulasie voorkom (verwys hoofstuk 2). Dit kan rofweg gegroepeer word as:

- emosionele probleme

- verhoudingsprobleme
- self-verwante probleme
- akademiese- of studieprobleme
- bekommernis oor misdaad en geweld (veiligheid).

Bogenoemde resultate hou verband met resultate van die ondersoek wat gedoen is rondom die waarde-oriëntering van studente (Vreken & Rens, 2001:3). Uit hierdie ondersoek het geblyk dat die ondersoekgroep, naamlik universiteitstudente, waardes soos religieuse-, morele-, selfstandigheid-, gemoeds- en intellektuele waardes as belangrikste waardes vir hulself geag het. Vir mede-studente is die volgende waardes as belangrikste waardes gelys naamlik: ontspannings-, liggaamlike-, veiligheids-, outoriteits- en intellektuele waardes. Mansrespondente het ontspannings- en lewenswaardes ook as belangrik beskou, terwyl die damesrespondente verhoudings- en veiligheidswaardes ook onder die belangrikstes ingesluit het. Daar is dus 'n ooreenkoms tussen die aspekte waaraan studente waarde heg en die tipe probleme wat hulle meer dikwels ervaar. As studente byvoorbeeld hoë waarde heg aan kennisverwerwing en akademiese vordering, sal hulle probleme in hierdie area soos swak prestasie en probleme met werksdruk gou identifiseer en wil aanspreek. Hierteenoor ervaar die respondentgroep selde of ooit probleme met iets soos die politieke situasie in Suid-Arika, net so is politieke waardes ook as een van die waardes wat die minste gewig dra geïdentifiseer in die studie van Vreken en Rens (2001:4).

Die resultate van die aard en tipe probleme wat deur ondersoekgroep ervaar word, moet aangewend word as riglyn in die ontwerp en implementering van die portuurhelpersprogram in universiteitskoshuise. Dit behoort eerstens die opleiding van portuurhelpers vir die universiteitskoshuisopset te rig deurdat daar tydens die opleiding veral gefokus moet word om portuurhelpers toe toerus met vaardighede om probleme wat op gereelde basis deur studente ervaar word, te kan hanteer. Die portuurhelper behoort in basiese hulpverleningsvaardighede opgelei te word om mede-studente te help om by oplossings vir hulle probleme uit te kom. Hierdie vaardighede word algemeen in die literatuur beskryf (verwys paragraaf 4.3.2) en word reeds met groot sukses by die opleiding van portuurhelpers vir die studentegemeenskap van die PE Technikon gebruik (Anon., 2004:3).

Uit die literatuurstudie het geblyk dat verdere opleiding van die portuurhelpers gefokus moet wees op probleemareas wat deur die populasie wat bedien moet word ervaar word (verwys paragraaf 4.3.2). Resultate in Tabel 5.9 kan as riglyn dien vir die ontwerp en implementering van hierdie voortgesette opleiding. Van hierdie areas wat volgens die resultate verdere aandag behoort te geniet by die opleiding van portuurhelpers in universiteitskoshuise is byvoorbeeld: studieprobleme, meer volledige inligting rondom emosionele- en verhoudingsprobleme, asook self-verwante probleme, streshanterings-vaardighede, konflikhanteringsvaardighede, ensomeer.

Nie alleen gee die resultate riglyne vir die ontwerp van die opleidingsprogram vir portuurhelpers nie, maar dit bied ook duidelike riglyne vir die implementering en bestuur van so 'n program.

Ten eerste behoort die portuurhelper met 'n verskeidenheid van kundiges saam te werk. So kan daar byvoorbeeld met die akademiese raadgewers in die koshuis (soos in die geval van die Noordwes-Universiteit se Potchefstroomkampus) saamgewerk word om studente wat studieprobleme ervaar effektief te ondersteun. Motiveringsprekers en kundiges kan genooi word om inligtingsessies of opleidingsgeleenthede aan te bied ten einde probleme wat algemeen deur koshuisstudente ervaar word, aan te spreek. Temas wat volgens die resultate sinvol kan wees is byvoorbeeld: gesonde leefstyl, effektiewe tydsbestuur, misdaadvoorkoming, selfverwesenliking, om net 'n paar te noem. Verwysings na professionele persone sou ook meer suksesvol gedoen kon word indien die portuurhelpers die professionele persone betrek by koshuisaktiwiteite en hulle dienste bekend stel onder die studente.

Die portuurhelper behoort ook verantwoordelik te wees vir inligtingsveldtogte. So behoort inwoners van die koshuise ingelig te word oor verskillende dienste wat op die spesifieke universiteitskampus beskikbaar is vir studente wat probleme ervaar. So 'n diens is byvoorbeeld die Finansiële Steundienste van 'n universiteit waar studente met finansiële probleme kan aanklop om finansiële hulp en advies. Hierdie tipe inligting moet altyd beskikbaar wees vir koshuisinwoners deur dit byvoorbeeld op 'n aansteek-bord aan te bring.

Die portuurhelper behoort ook voorkomend op te tree deur bewusmakingsveldtogte te loods oor spesifieke probleme. Een van die probleme is rook. Die oorgrote meerderheid van die respondente (77,4%) het aangedui dat hulle nooit skuldgevoelens ervaar oor hulle rookgewoontes nie. Daar is deur Vreken en Rens (2001) bepaal dat 23,4% van

studente wat aan hulle ondersoek deelgeneem het rokers is. 43% van hierdie studente het aangedui dat hulle dadelik met die gewoonte sal wil ophou en 35% het aangetoon dat hulle later sou wou ophou met die gewoonte. In die lig van die resultate van hierdie studie blyk dit egter nie of studente wat rook skuldgevoelens oor die gewoonte ervaar nie. Daar kan gevolglik 'n bewusmakingsveldtog geloods word om studente aan te moedig en te ondersteun om die rookgewoonte op te sê.

Drankmisbruik is ook 'n probleem wat algemeen onder studente voorkom. Daar is 'n sterk drankkultuur onder studente. In Vreken en Rens (2001:6) se ondersoek blyk dat 31% van die mansrespondente en 18% van die dames gereeld (1-3 keer 'n week) drink. 40% van die mansrespondente en 25% van die hele respondentgroep drink een tot twee keer per maand te veel. Resultate in hierdie ondersoek het gewys dat daar egter 'n groot persentasie (66,7%) van die respondente is wat nooit skuldig voel oor die misbruik van drank nie. 'n Portuurhelpersprogram behoort dus 'n bewusmakingsveldtog in te sluit oor die drankgewoontes van studente en die gevare wat dit inhou.

Die laaste voorbeeld van 'n tipiese probleem wat deur 'n bewusmakingsveldtog aangespreek behoort te word, is die hele kwessie rondom MIV/VIGS en seksualiteit. Soos in hoofstuk 2 aangedui, is MIV/VIGS 'n al hoe groter wordende probleem onder studente. 68,4% van respondente het egter aangedui dat hulle nooit bekommerd oor hulle gesondheid is nie. Die probleem van MIV/VIGS blyk dus nog nie 'n realiteit onder die studente in universiteitskoshuise te wees nie. 81% van die ondersoekgroep van Vreken en Rens (2001:7) het aangedui dat hulle nog nie seksueel aktief was nie. Dit mag moontlik verklaar waarom 76,2% van respondente in hierdie studie aangedui het dat hulle nooit skuldgevoelens ervaar oor hulle seksuele aktiwiteite nie. 19% van die studiepopulasie van die Vreken en Rens-ondersoek het egter aangedui dat hulle óf seksueel aktief is, óf soos die geleentheid hom voordoen, óf al 'n "glips" gehad het (Vreken & Rens, 2001:7). Dit mag dus wees dat studente skuldgevoelens of bekommernis hieroor ervaar. 23,8% van die respondente in hierdie studie het 'n mate van skuldgevoelens aangedui. 'n Bewusmakingsveldtog oor MIV/VIGS en die implikasies van seksuele aktiwiteite kan geloods word om studente van die werklike gevare en implikasies van voorhuwelikse seks bewus te maak.

### 5.4.2 Resultate van die evaluering van 'n portuurhelpersopleidingsgeleentheid vir universiteitskoshuisstudente

Tydens 'n opleidingsgeleentheid van portuurhelpers van universiteitskoshuise is die kursusgangers gevra om voor die aanvang van die kursus 'n vraelys (Vraelys B) oor hulle verwagtinge, gesindhede en houdings rondom die kursus, te voltooi. Na afloop van die kursus het die kursusgangers 'n evalueringsvraelys (Vraelys C) ingevul om die sukses van die kursus te evalueer. Daar het ook semi-gestruktureerde onderhoude met die opleiers plaasgevind waartydens terugvoer verkry is oor die effektiwiteit en sukses van die opleidingsgeleentheid. Laastens het die navorser vir die duur van die kursus informele waarneming gedoen en gesprekke met die kursusgangers gevoer.

Die doel van die opleidingsgeleentheid was om:

- studenteleiers die geleentheid te bied om as portuurhelpers opgelei te word en die vaardighede te verwerf
- studenteleiers bekend te stel aan en bewus te maak van die waarde en moontlikhede van 'n portuurhelpersprogram in universiteitskoshuise
- die effektiwiteit en sukses van die opleidingsprogram te evalueer veral in terme van bruikbaarheid en geskiktheid vir studente in universiteitskoshuise.

Die resultate sal vervolgens bespreek word.

#### 5.4.2.1 Resultate van Vraelys B: Verwagtinge van die kursus

##### 5.4.2.1.1 Aantal vraelyste ingevul

Daar is altesaam 31 vraelyste deur die respondente ingevul.

##### 5.4.2.1.2 Beskrywing van die respondentgroep

Die studente wat die opleidingsgeleentheid bygewoon het, het dit bygewoon in die hoedanigheid as huiskomiteelede wat die Aktualiteitsportefeulje beklee in die onderskeie koshuise, of verteenwoordigers van die onderskeie koshuise waar die huiskomiteelid nie die geleentheid kon bywoon nie, of uitvoerende komiteelede van die Studenteraad se portefeulje vir Prinsipiële Leiding. Dit is dus almal studente wat

leierskapsposisies in die studentegemeenskap en veral in die koshuisomgewing beklee. Dit is belangrik om te noem dat die Prinsipiële Leidingportefeulje in samewerking met die huiskomiteelede vir Aktualiteit in elke koshuis fokus op die beskerming en uitbou van waardes en die Christelike karakter op die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit. Die kernwaardes wat bevorder wil word is liefde, integriteit, diensbaarheid en respek (NWU, 2003). Hierdie studente is moontlik reeds in hierdie bepaalde posisies verkies omdat hulle bogenoemde waardes self uitleef en natuurlike hulpverleningsvaardighede uitstraal wat hulle ideale kandidate maak om as portuurhelpers opgelei te word, maar ook om die portuurhelpersprogram in die koshuise te help implementeer.

#### 5.4.2.1.3 Beskrywing van die respondente volgens geslag

Die respondentgroep sal beskryf word in terme van drie groepe naamlik mans, dames en die hele groep. In tabel 5.11 word die verdeling van die groep ten opsigte van mans en dames aangedui.

**TABEL 5.11 GESLAG VAN RESPONDENTE**

| Geslag | N | % |
|---|---|---|
| Manlik | 9 | 29 |
| Vroulik | 22 | 71 |
| Totaal | 31 | 100 |

Uit tabel 5.11 blyk dat daar heelwat meer damestudente die kursus bygewoon het as manstudente. Die damestudente was verteenwoordigend van 12 dameskoshuise. Twee dameskoshuise het geen verteenwoordigers gehad wat die opleidingsgeleentheid bygewoon het nie. Daar was agt manskoshuise verteenwoordig en drie het nie verteenwoordigers gestuur nie. Die koshuise op die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit was dus redelik goed verteenwoordig. 'n Moontlike rede wat aangevoer kan word waarom sekere koshuise nie verteenwoordig was nie, is moontlik omdat die opleiding oor 'n naweek plaasgevind het en dat die studente ander verpligtinge gehad het.

Verder kan as rede vir die meerderheid damestudente aangevoer word dat die dameskoshuise op kampus meer is as die manskoshuise en dat die uitvoerende komitee vir

prinsipiële leiding hoofsaaklik (7 teenoor 2) uit dames bestaan (NWU, 2003). Een van die dameskoshuise het meer as een verteenwoordiger na die opleidingsgeleentheid gestuur, waarskynlik omdat daar reeds portuurhelpers in die koshuis opgelei is en hulle met die opleiding bekend is.

#### 5.4.2.1.4 Deelname aan die opleidingsgeleentheid

Respondente moes aandui of hulle die opleidingsgeleentheid vrywillig bywoon en of hulle onder enige druk geplaas is om dit by te woon. Die rede waarom hierdie vrae ingesluit is, is om riglyne te verskaf vir die toekomstige opleiding van portuurhelpers van universiteitskoshuise. Dit is algemeen bekend dat indien iemand voel dat hy/sy verplig is om 'n geleentheid by te woon, die persoon negatief mag staan teenoor die gebeure by so 'n geleentheid. Soos reeds genoem in 5.4.2.1.2 is die respondente almal gevra om die opleidingsgeleentheid by te woon vanweë hulle bepaalde posisies as huiskomiteelede of uitvoerende komiteelede. Die moontlikheid het dus bestaan dat die respondente gevoel het dat hulle verplig is om die kursus by te woon en dat dit hulle houding en gesindheid teenoor die geleentheid negatief sou beïnvloed. Die resultate word in Tabel 5.12 en Tabel 5.13 saamgevat:

**TABEL 5.12 WOON JY DIE KURSUS VRYWILLIG BY?**

| | Ja | | Nee | | Onseker | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % |
| **Mans** | 7 | 78 | 1 | 11 | 1 | 11 |
| **Dames** | 21 | 95 | 1 | 4 | - | - |
| **Hele groep** | 28 | 90 | 2 | 7 | 1 | 3 |

Uit hierdie tabel blyk dat 90% van die respondente gevoel het dat hulle die opleidingsgeleentheid vrywillig bywoon. 'n Kleiner persentasie (78%) van die mans- as damesrespondente (95%) het gevoel dat die bywoning vrywillig was.

**TABEL 5.13 IS DAAR ENIGE DRUK GEPLAAS OM BY TE WOON?**

| | Ja | | Nee | | Onseker | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | **N** | **%** | **N** | **%** | **N** | **%** |
| **Mans** | 4 | 44,5 | 4 | 44,5 | 1 | 11 |
| **Dames** | 3 | 14 | 18 | 82 | 1 | 4 |
| **Hele groep** | 7 | 23 | 22 | 71 | 2 | 6 |

Uit die resultate blyk dat die mansrespondente redelik verdeeld was oor of hulle onder druk geplaas is om die opleidingsgeleentheid by te woon of nie. Die meerderheid van die dames (82%) was egter van mening dat hulle nie onder druk geplaas is om die opleidingsgeleentheid by te woon nie.

### 5.4.2.1.5 Houding teenoor die opleidingsgeleentheid

Om vas te stel wat die houding en gesindheid was waarmee respondente na die opleidingsgeleentheid gekom het, is daar gevra dat respondente aandui of hulle uitsien na die kursus. Die resultate word in Tabel 5.14 weergegee.

**TABEL 5.14 SIEN JY UIT NA DIE KURSUS?**

| | Ja | | Nee | | Onseker | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | **N** | **%** | **N** | **%** | **N** | **%** |
| **Mans** | 6 | 67 | - | - | 3 | 33 |
| **Dames** | 18 | 82 | 1 | 4 | 3 | 14 |
| **Hele groep** | 24 | 78 | 1 | 3 | 6 | 19 |

Uit die resultate blyk dat slegs 3% van die hele groep nie uitgesien het na die opleidingsgeleentheid nie. Dit is dus positief om te sien dat, alhoewel 23% van die respondente gevoel het dat hulle onder druk geplaas is om die opleidingsgeleentheid by te woon (Tabel 5.13), slegs 'n baie klein persentasie van die groep aangedui het dat hulle nie uitsien daarna nie. Daar was egter 22% van die groep wat onseker gevoel het oor hulle houding teenoor die kursus wat moontlik die houding van die groep wat onder druk geplaas is om die kursus by te woon, weerspieël. 'n Groot gedeelte van die groep (78%) het 'n positiewe gesindheid en houding teenoor die opleidingsgeleentheid gehad.

#### 5.4.2.1.6 Beskikbare inligting oor die opleidingsgeleentheid

Respondente moes aandui of hulle genoeg inligting vooraf oor die opleidingsgeleentheid ontvang het en of daar 'n behoefte aan meer inligting bestaan. Die resultate volg in Tabel 5.15:

**TABEL 5.15 SOU JY VOORAF MEER WOU GEWEET HET OOR DIE KURSUS?**

| | Ja | | Nee | | Onseker | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | **N** | **%** | **N** | **%** | **N** | **%** |
| **Mans** | 6 | 67 | 2 | 22 | 1 | 11 |
| **Dames** | 16 | 73 | 4 | 18 | 2 | 9 |
| **Hele groep** | 22 | 71 | 6 | 19 | 3 | 10 |

Uit die resultate blyk dat 71% van die respondentgroep vooraf meer informasie oor die kursus wou gehad het. Dit impliseer dat daar beslis meer omvattende inligting aan voornemende kursusgangers gegee moet word en dat dit as riglyn aanvaar kan word vir die suksesvolle implementering van portuurhelpersopleiding van koshuisstudente.

Respondente is gevra om meer spesifiek aan te dui watter tipe inligting hulle vooraf sou wou gehad het. Hierdie inligting kan as volg opgesom word naamlik:

- die doel van die opleidingsgeleentheid
- hoe die kursusganger by die geleentheid kan baat
- die program en tydskedule van die kursus
- die onderwerpe wat hanteer gaan word
- of daar enige voorbereiding gedoen moet word
- benodigdhede (indien enige) vir die kursus
- wat van elke kursusganger verwag word

Hierdie inligting behoort as riglyn te dien in die bemarking en bekendstelling van portuurhelpersopleidingsgeleenthede aan koshuisstudente.

#### 5.4.2.1.7 Verwagtinge van die kursus

Om die sukses en effektiwiteit van die opleidingsgeleentheid te bepaal is daar vooraf ondersoek ingestel na wat die verwagtinge van die voornemende kursusgangers was, sodat daar na afloop daarvan vasgestel kon word of daar aan die verwagtinge voldoen is. Die verwagtinge van die respondente is bepaal deurdat daar op verskeie vrae gereageer moes word. Die resultate word vervolgens weergegee:

**TABEL 5.16 VERWAG JY DAT DIE KURSUS INTERESSANT GAAN WEES?**

| | Ja | | Nee | | Onseker | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % |
| **Mans** | 8 | 89 | - | - | 1 | 11 |
| **Dames** | 22 | 100 | - | - | - | - |
| **Hele groep** | 30 | 97 | - | - | 1 | 3 |

Uit Tabel 5.16 blyk dat slegs een van die mansrespondente onseker was oor of die kursus interessant sou wees. Al die ander respondente het positief gevoel dat die kursus interessant sou wees.

**TABEL 5.17 VERWAG JY DAT DIE INHOUDE RELEVANT GAAN WEES?**

| | Ja | | Nee | | Onseker | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % |
| **Mans** | 8 | 89 | - | - | 1 | 11 |
| **Dames** | 22 | 100 | - | - | - | - |
| **Hele groep** | 30 | 97 | - | - | 1 | 3 |

Uit Tabel 5.17 blyk dat slegs een van die mansrespondente onseker was oor of die inhoude van die kursus relevant sou wees. Al die ander respondente het positief gevoel dat die inhoude relevant sou wees.

**TABEL 5.18 VERWAG JY DAT JY BAIE SAL MOET SIT EN LUISTER?**

| | Ja | | Nee | | Onseker | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % |
| **Mans** | 7 | 78 | 1 | 11 | 1 | 11 |
| **Dames** | 19 | 86 | 2 | 9 | 1 | 4 |
| **Hele groep** | 26 | 84 | 3 | 10 | 2 | 6 |

Volgens die resultate in Tabel 5.18 blyk dit dat 84% van die respondente verwag het dat die kursusaktiwiteite die vorm van lesings sou aanneem.

**TABEL 5.19 SOU JY GRAAG WOU HÊ DAT JY AKTIEF DEELNEEM AAN DIE KURSUS?**

| | Ja | | Nee | | Onseker | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % |
| **Mans** | 9 | 100 | - | - | - | - |
| **Dames** | 19 | 86 | 3 | 14 | - | - |
| **Hele groep** | 28 | 90 | 3 | 10 | - | - |

Die resultate in Tabel 5.19 dui egter daarop dat alhoewel studente verwag het dat hulle baie sou moes sit en luister, hulle in die meerderheid (90%) ten gunste was van aktiewe deelname aan die kursus om inhoude te bemeester. Hierdie resultaat is baie positief aangesien die werkswyse wat in die literatuur voorgestel word vir die opleiding van portuurhelpers juis interaktief en prakties van aard is (verwys paragraaf 4.3.4) en kan dien as riglyn vir die ontwerp van opleidingsprogramme van portuurhelpers in universiteitskoshuise.

TABEL 5.20 VERWAG JY:

a) dat jy nuwe kennis gaan opdoen?

| | Ja | | Nee | | Onseker | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % |
| **Mans** | 8 | 89 | 1 | 11 | - | - |
| **Dames** | 20 | 91 | 1 | 4 | 1 | 4 |
| **Hele groep** | 28 | 90 | 2 | 7 | 1 | 3 |

b) jy bepaalde vaardighede gaan ontwikkel?

| | Ja | | Nee | | Onseker | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % |
| **Mans** | 9 | 100 | - | - | - | - |
| **Dames** | 22 | 100 | - | - | - | - |
| **Hele groep** | 31 | 100 | - | - | - | - |

c) jy bepaalde waardes gaan aanleer?

| | Ja | | Nee | | Onseker | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % |
| **Mans** | 6 | 67 | 2 | 22 | 1 | 11 |
| **Dames** | 19 | 90 | 3 | 10 | - | - |
| **Hele groep** | 25 | 81 | 5 | 16 | 1 | 3 |

d) jou gesindheid teenoor mede-studente gaan verander?

| | Ja | | Nee | | Onseker | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % |
| **Mans** | 4 | 44 | 2 | 11 | 3 | 33 |
| **Dames** | 16 | 73 | 2 | 9 | 4 | 18 |
| **Hele groep** | 20 | 65 | 4 | 13 | 7 | 22 |

Uit die resultate van Tabel 5.20 (a, b en c) kan gestel word dat die respondente oor die algemeen baie positiewe verwagtinge gehad het oor die kursus. Volgens die bevindinge was die oorgrote meerderheid respondente positief dat hulle iets sou leer (90%), nuwe vaardighede sou ontwikkel (100%) en nuwe waardes sou aanleer (81%).

Uit die resultate van Tabel 5.20 (d) blyk dit egter dat net 65% van die respondente verwag het dat hulle gesindheid teenoor mede-studente sou verander. Slegs 44% van die mansrespondente het verwag dat hulle anders oor hulle mede-studente sou voel na afloop van die kursus. 'n Redelike hoë persentasie was onseker hieroor.

#### 5.4.2.1.8 Hulpverlening deur respondente

In 5.4.2.1.1 word die respondente beskryf as jeugleiers wat waarskynlik oor natuurlike hulpverleningsvaardighede beskik. Om vas te stel of dit wel die geval is, is respondente gevra om aan te dui of hulle wel op 'n informele wyse as helpers optree. Tabel 5.21 dui die resultate aan:

**TABEL 5.21 ERVAAR JY DAT MENSE NA JOU TOE KOM MET HULLE PROBLEME?**

| | Ja | | Nee | | Onseker | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | **N** | **%** | **N** | **%** | **N** | **%** |
| **Mans** | 7 | 78 | - | - | 2 | 22 |
| **Dames** | 21 | 95 | 1 | 5 | - | - |
| **Hele groep** | 28 | 90 | 1 | 3 | 2 | 6 |

Dit blyk dat 90% van die respondente gevoel het dat mense hulle wel nader met hulle probleme. Slegs een damesrespondent het gevoel dat mense haar nie nader as hulle probleme ervaar nie. 'n Groter gedeelte (22%) van die mansrespondente was onseker of mense spesifiek na hulle toe uitreik wanneer hulle probleme ervaar. Oor die algemeen tree die respondentgroep dus wel as informele helpers in hulle omgewing op. Hulle verskaf dus steun en hulp na gelang van die veranderende behoeftes van die mense in hulle omgewing en is nie spesifiek opgelei om hulpverlening te verskaf nie. Hulle sal dus in die hoedanigheid as vriend optree (Egan, 1990:4).

TABEL 5.22 VOEL JY BEVOEG OM HULLE TE HELP?

| | Ja | | Nee | | Onseker | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % |
| **Mans** | 7 | 78 | - | - | 2 | 22 |
| **Dames** | 11 | 50 | 5 | 25 | 5 | 25 |
| **Hele groep** | 18 | 58 | 5 | 16 | 7 | 22 |

In reaksie op die vraag of die respondente bevoeg gevoel het om persone wat na hulle toe kom vir hulp te kan help, het slegs 58% van die hele groep respondente gevoel dat hulle wel bevoeg is om dit te doen. 16% van die groep het aangedui dat hulle glad nie toegerus voel nie en 22% van die respondente het getwyfel of hulle bevoeg is om hulpverlening te verskaf. 'n Groter persentasie (78%) van die mansrespondente was positief oor hulle bevoegdheid om hulp te verleen.

Dit blyk uit die bogenoemde resultate dat respondente reeds as helpers optree en dat daar 'n behoefte bestaan om opleiding te ontvang in basiese hulpverleningsvaardighede soos deur 'n portuurhelpersopleidingsprogram voorgestel.

Tabel 5.23 gee 'n uiteensetting van in watter verskillende hoedanighede mense hulpverlening benodig het volgens die respondente.

TABEL 5.23 IN WATTER HOEDANIGHEID KOM MENSE NA JOU TOE?

| | Mans | | Dames | | Hele groep | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % |
| **Vriend/in** | 8 | 89 | 21 | 100 | 29 | 97 |
| **Huiskomiteelid** | - | - | 8 | 38 | 8 | 27 |
| **Op geestelike vlak** | 1 | 11 | 2 | 10 | 3 | 10 |
| **Groepleier op kampe** | - | - | 1 | 5 | 1 | 3 |

Dit blyk uit bogenoemde inligting dat die meeste respondente aangedui het dat hulle in die hoedanigheid van vriend/in al genader is vir hulpverlening (97%). Slegs van die damesrespondente (38%) het aangedui dat hulle as huiskomiteelede genader is vir hulpverlening. 10% van die respondente het aangedui dat hulle op 'n geestelike (religieuse) vlak genader is vir hulpverlening. Hierdie resultate is weereens 'n bewys

van die feit dat studente uitreik na hulle vriende om hulle probleme mee te bespreek en dat studente meestal nie as gevolg van hulle posisies as hulpverleners optree nie.

#### 5.4.2.1.9 Die omskrywing van die begrip portuurhelper

Respondente is gevra om 'n beskrywing te gee van wat hulle dink 'n portuurhelper is. Die kernelemente van die beskrywings kan soos volg saamgevat word:

Die meeste respondente het saamgestem dat 'n portuurhelper iemand van dieselfde ouderdom is, wat ander help om hulle eie probleme op te los. Ander kenmerke wat in die beskrywings voorgekom het, is:

- kan probleme identifiseer
- bevoeg om probleme te hanteer
- bereid om te luister
- bied ondersteuning in moeilike omstandighede
- 'n vriend
- enige tyd daar vir jou
- gee raad

Van die mansrespondente het ook probleme gelys waarmee die portuurhelper volgens hulle kan hulp gee naamlik: stres, depressie, selfmoord, vriendskaps- en verhoudingsprobleme, probleme met jou verhouding met God en met die hantering van druk. Geen van die damesrespondente het na spesifieke probleme verwys nie.

In die lig van die resultate blyk dit dat die respondente 'n redelike idee gehad het van wat portuurhulp behels. Meeste van die respondente is al by vorige geleenthede (vergaderings) ingelig oor die beoogde opleiding as portuurhelpers en kon gevolglik 'n redelike algemene definisie gegee het.

#### 5.4.2.1.10 Laaste opmerkings

Die respondente is die geleentheid gegee om addisionele opmerkings te maak. Aspekte wat hier ter sprake gekom het, het direk uit die resultate van die vorige vrae gespruit soos byvoorbeeld die behoefte aan meer inligting voor die aanvang van die geleentheid, die verwagting om kennis en vaardighede op te doen en beter toegerus te wees as helper van ander mense, die hoop om aktief deel te neem aan die kursusaktiwiteite, asook 'n positiewe gesindheid oor die geleentheid. Van die respondente het kommer uitgespreek oor die verwagting dat die kursusure te lank sou wees.

### 5.4.2.2 Resultate van Vraelys C: Evalueringsvraelys na afloop van die portuurhelpersopleidingsgeleentheid

#### 5.4.2.2.1 Aantal vraelyste ingevul

Daar is 34 evalueringsvraelyste voltooi na afloop van die opleidingsgeleentheid. Dit impliseer dat daar drie meer respondente was aan die einde van die opleidingsgeleentheid. Hierdie respondente het gedurende die verloop van die kursus by die groep aangesluit, aangesien hulle eers ander verpligtinge gehad het.

#### 5.4.2.2.2 Beskrywing van die respondentgroep

Verwys 5.4.2.1.2

#### 5.4.2.2.3 Beskrywing van die respondente volgens geslag

Die respondentgroep sal weereens beskryf word in terme van drie groepe naamlik mans, dames en die hele groep. In Tabel 5.24 word die verdeling van die groep ten opsigte van mans en dames weer aangedui aangesien die respondentgroep vergroot het.

**TABEL 5.24 GESLAG VAN RESPONDENTE**

| Geslag | N | % |
|---|---|---|
| **Manlik** | 10 | 29 |
| **Vroulik** | 24 | 71 |
| **Totaal** | **34** | **100** |

Alhoewel die aantal respondente toegeneem het, het die verdeling in terme van persentasies dieselfde gebly.

### 5.4.2.2.4 Houding na afloop van die opleidingsgeleentheid

Die respondentgroep het voor die aanvang van die opleidingsgeleentheid aangetoon dat 78% van hulle positief gevoel het oor die kursus en uitgesien het daarna, maar die ander 22% van die respondentgroep was onseker of negatief (3%) oor die kursus. Om te bepaal of die houding van respondente gedurende die kursus verander het, is die respondente eerstens gevra om aan te dui of hulle die kursus geniet het. Die resultate word in Tabel 5.25 saamgevat:

**TABEL 5.25 HET JY DIE KURSUS GENIET?**

| | Ja | | Nee | | Onseker | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | **N** | **%** | **N** | **%** | **N** | **%** |
| **Mans** | 10 | 100 | - | - | - | - |
| **Dames** | 23 | 96 | - | - | 1 | 4 |
| **Hele groep** | 33 | 97 | - | - | 1 | 3 |

Uit die resultate blyk dat 97% van die hele groep 'n positiewe houding oor die kursus gehad het en gevoel het dat hulle dit geniet het. Slegs een van die damesrespondente het aangetoon dat sy onseker oor die vraag voel omdat baie van die inhoude in haar graadkursus gedek word. Daar is dus geslaag om 19% van die negatiewe en onseker groep van die respondente se houding te swaai tot 'n positiewe houding. Dit kan dus gestel word dat hierdie opleidingsgeleentheid van portuurhelpers geslaagd was ten opsigte van die feit dat die populasie waarvoor dit ontwerp is, naamlik koshuisstudente, 'n oorweldigende positiewe houding daaromtrent gehad het.

#### 5.4.2.2.5 Verwagtinge oor die kursus

Volgens die resultate van Vraelys B het die respondentgroep aangedui dat hulle hoë verwagtinge van die opleidingsgeleentheid gehad het. Respondente is dus gevra om na afloop van die opleidingsgeleentheid aan te dui of die kursus aan hulle verwagtinge voldoen het. Die resultate word in Tabel 5.26 weergegee

**TABEL 5.26 HET DIE KURSUS AAN JOU VERWAGTINGE VOLDOEN?**

| | Ja | | Nee | | Onseker | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | **N** | **%** | **N** | **%** | **N** | **%** |
| **Mans** | 9 | 90 | - | - | 1 | 10 |
| **Dames** | 23 | 96 | 1 | 4 | - | - |
| **Hele groep** | 32 | 94 | 1 | 3 | 1 | 3 |

Uit die resultate blyk dat die kursus aan 94% van die hele respondentgroep se verwagtinge voldoen het. Daar blyk dus 'n goeie korrelasie te wees tussen die verwagtinge voor en na afloop van die opleidingsgeleentheid.

Respondente het ook voor die aanvang van die kursus bepaalde verwagtinge gestel rondom die ontwikkeling van bepaalde vaardighede, die aanleer van bepaalde waardes en die verandering in gesindhede teenoor mede-studente. Na-afloop van die kursus het die respondente aangedui of daar aan hierdie verwagtinge voldoen is:

**TABEL 5.27 HET JY...**

**a) Bepaalde vaardighede ontwikkel?**

| | Ja | | Nee | | Onseker | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | **N** | **%** | **N** | **%** | **N** | **%** |
| **Mans** | 10 | 100 | - | - | - | - |
| **Dames** | 22 | 92 | - | - | 2 | 8 |
| **Hele groep** | 32 | 94 | - | - | 2 | 6 |

Uit Tabel 27(a) blyk dat 94% van die respondente gevoel het dat hulle bepaalde vaardighede geleer het terwyl 6% onseker was daaroor. Geen respondent het gevoel dat hy/sy geen vaardighede ontwikkel het nie. In die lig van hierdie bevindinge kan

gestel word dat, aangesien hierdie kursus juis daarop gemik was om mense vaardig te maak in basiese hulpverlening, daar in die doel van die kursus geslaag is. Daar is 'n goeie korrelasie tussen die verwagtinge voor die aanvang van die kursus waar 100% van die respondente verwag het om meer vaardig te raak en hierdie resultate.

**b) Bepaalde waardes aangeleer?**

| | Ja | | Nee | | Onseker | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % |
| **Mans** | 8 | 80 | 1 | 10 | 1 | 10 |
| **Dames** | 16 | 67 | 5 | 21 | 3 | 12 |
| **Hele groep** | 24 | 70 | 6 | 18 | 4 | 12 |

Voor die aanvang van die kursus het 81% van die kursusgangers verwag dat hulle bepaalde waardes sou aanleer (verwys Tabel 5.20(c)). Uit die resultate in Tabel 2.27(b) blyk dat 70% van die respondente gevoel het dat hulle wel bepaalde waardes gedurende die kursus aangeleer het. Heelwat meer respondente (12%) het onseker gevoel of hulle bepaalde waardes aangeleer het in vergelyking met die 3% voor die kursus (verwys Tabel 5.20(c)), terwyl ongeveer dieselfde persentasie respondente (18% teenoor 16%) gevoel het dat hulle nie bepaalde waardes aangeleer het nie. Hierdie resultate kan moontlik verklaar word aan die hand van die feit dat van die respondente aangedui het dat hulle reeds as informele hulpgewers optree en dalk reeds bepaalde waardes ontwikkel het wat met die gestelde waardes in die kursus oor basiese hulpverlening ooreenstem. Hierdie groep respondente sal dus nie voel dat hulle nuwe waardes aangeleer het nie. Daar is egter nog 'n groot groep wat wel voel dat hulle bepaalde waardes aangeleer het.

**c) 'n Gesindheidsverandering teenoor hulp aan jou mede-studente ondergaan?**

| | Ja | | Nee | | Onseker | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % |
| **Mans** | 10 | 100 | - | - | - | - |
| **Dames** | 19 | 80 | 2 | 8 | 3 | 12 |
| **Hele groep** | 29 | 85 | 2 | 6 | 3 | 9 |

Uit bogenoemde Tabel 5.27(c) blyk dat 85% van die respondente aangedui het dat hulle 'n gesindheidsverandering ondergaan het teenoor hulpgewing aan mede-studente.

Hierdie resultaat is verblydend aangesien slegs 65% van die respondente verwag het om 'n gesindheidsverandering teenoor mede-studente te ondergaan (verwys Tabel 2.20(d)). Hierdie resultaat is gevolglik aanduidend dat hierdie opleidingsgeleentheid van portuurhelpers vir die universiteitskoshuisopset effektief was.

#### 5.4.2.2.6 Evaluering van die kursusinhoud

Om te bepaal of die inhoud van die kursus relevant en interessant was vir die teikengroep waarvoor dit ontwerp is, naamlik koshuisstudente, is die respondentgroep, wat verteenwoordigend van hierdie teikengroep was, gevra om die verskillende temas of inhoude van die kursus op 'n vyfpuntskaal te evalueer. Resultate vir al die inhoude word vervolgens weergegee.

**TABEL 5.28 WAS DIE INHOUDE VAN DIE KURSUSSE RELEVANT EN INTERESSANT?**

| Kursusinhoud | Kategorie Respondente | 1 | | 2 | | 3 | | 4 | | 5 | | Gewig uit 5 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | |
| Kenmekaar | Mans | 0 | 0 | 0 | 0 | 2 | 20 | 5 | 50 | 3 | 30 | 4,10 |
| | Dames | 0 | 0 | 1 | 4 | 3 | 12 | 9 | 38 | 11 | 46 | 4,25 |
| | Hele groep | 0 | 0 | 1 | 3 | 5 | 15 | 14 | 41 | 14 | 41 | 4,21 |
| Ken jouself | Mans | 0 | 0 | 0 | 0 | 2 | 20 | 6 | 60 | 2 | 20 | 4,00 |
| | Dames | 0 | 0 | 0 | 0 | 4 | 16 | 9 | 38 | 11 | 46 | 4,29 |
| | Hele groep | 0 | 0 | 0 | 0 | 6 | 18 | 15 | 44 | 13 | 38 | 4,21 |
| FELORI | Mans | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 3 | 30 | 7 | 70 | 4,70 |
| | Dames | 0 | 0 | 0 | 0 | 3 | 12 | 6 | 25 | 15 | 63 | 4,50 |
| | Hele groep | 0 | 0 | 0 | 0 | 3 | 9 | 9 | 26 | 22 | 65 | 4,56 |
| Padblokkades | Mans | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 4 | 40 | 6 | 60 | 4,60 |
| | Dames | 0 | 0 | 0 | 0 | 2 | 8 | 6 | 25 | 16 | 66 | 4,58 |
| | Hele groep | 0 | 0 | 0 | 0 | 2 | 6 | 10 | 29 | 22 | 65 | 4,59 |
| Luister Empaties | Mans | 0 | 0 | 0 | 0 | 1 | 10 | 3 | 30 | 6 | 60 | 4,50 |
| | Dames | 0 | 0 | 0 | 0 | 2 | 8 | 11 | 46 | 11 | 46 | 4,38 |
| | Hele groep | 0 | 0 | 0 | 0 | 3 | 9 | 14 | 41 | 17 | 50 | 4,41 |

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Vraagstelling** | Mans | 0 | 0 | 0 | 0 | 2 | 20 | 4 | 40 | 4 | 40 | 4,20 |
| | Dames | 0 | 0 | 1 | 4 | 3 | 12 | 9 | 38 | 11 | 46 | 4,25 |
| | Hele groep | 0 | 0 | 1 | 3 | 5 | 15 | 13 | 38 | 15 | 44 | 4,24 |
| **Selfopen-baring** | Mans | 0 | 0 | 0 | 0 | 2 | 20 | 6 | 60 | 2 | 20 | 4,00 |
| | Dames | 0 | 0 | 0 | 0 | 3 | 12 | 11 | 46 | 10 | 42 | 4,29 |
| | Hele groep | 0 | 0 | 0 | 0 | 5 | 15 | 17 | 50 | 12 | 35 | 4,21 |
| **Ek-en-Jy boodskappe** | Mans | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 5 | 50 | 5 | 50 | 4,50 |
| | Dames | 0 | 0 | 0 | 0 | 1 | 4 | 12 | 50 | 11 | 46 | 4,42 |
| | Hele groep | 0 | 0 | 0 | 0 | 1 | 3 | 17 | 50 | 16 | 47 | 4,44 |
| **Ego-rolle** | Mans | 1 | 10 | 0 | 0 | 1 | 10 | 2 | 20 | 6 | 60 | 4,20 |
| | Dames | 0 | 0 | 1 | 4 | 1 | 4 | 11 | 46 | 11 | 46 | 4,33 |
| | Hele groep | 1 | 3 | 1 | 3 | 2 | 6 | 13 | 38 | 17 | 50 | 4,29 |
| **Waardes** | Mans | 0 | 0 | 0 | 0 | 1 | 10 | 5 | 50 | 4 | 40 | 4,30 |
| | Dames | 0 | 0 | 0 | 0 | 1 | 4 | 7 | 29 | 16 | 67 | 4,63 |
| | Hele groep | 0 | 0 | 0 | 0 | 2 | 6 | 12 | 35 | 20 | 59 | 4,53 |
| **Probleem-hantering** | Mans | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 4 | 40 | 6 | 60 | 4,60 |
| | Dames | 0 | 0 | 0 | 0 | 2 | 8 | 6 | 25 | 16 | 67 | 4,58 |
| | Hele groep | 0 | 0 | 0 | 0 | 2 | 6 | 10 | 29 | 22 | 65 | 4,59 |
| **Verhoudings-probleme** | Mans | 0 | 0 | 1 | 10 | 1 | 10 | 4 | 40 | 4 | 40 | 4,10 |
| | Dames | 0 | 0 | 0 | 0 | 1 | 4 | 5 | 21 | 18 | 75 | 4,70 |
| | Hele groep | 0 | 0 | 1 | 3 | 2 | 6 | 9 | 26 | 22 | 65 | 4,53 |
| **Vertroulikheid/ Etiek** | Mans | 0 | 0 | 0 | 0 | 2 | 20 | 3 | 30 | 5 | 50 | 4,30 |
| | Dames | 0 | 0 | 0 | 0 | 2 | 8 | 8 | 33 | 14 | 59 | 4,50 |
| | Hele groep | 0 | 0 | 0 | 0 | 4 | 12 | 11 | 32 | 19 | 56 | 4,44 |

1 = glad nie; 5 = uitstekend

Uit bogenoemde resultate blyk dat die respondente al die onderskeie inhoude as "baie goed" en "uitstekend" beoordeel het ('n gewig tussen 4 en 5 uit 'n moontlike 5). Die respondente was dus baie tevrede met die samestelling van die kursusinhoud en het dit as uiters relevant en interessant beskou.

Die inhoude waaraan die meeste gewig toegeken is, is Padblokkades, Probleemhantering, FELORI (Nie-verbale kommunikasie) en Waardes. Die damesrespondente het Verhoudingsprobleme (4,70) as die beste inhoud beoordeel, terwyl dit by die mansrespondente 'n heelwat laer posisie in 'n rangorde volgens gewig (4,10) inneem. Die mansrespondente het FELORI (4,70) as die mees relevante en interessante inhoud gelys. Dit blyk dat die respondente veral die inhoude wat gefokus het op praktiese riglyne om ander te help om tot oplossings vir hulle eie probleme te kom, as waardevol beskou het.

Inhoude wat laaste in die rangorde volgens gewig van al die respondentgroepe geval het, was Kenmekaar, Ken jouself en Selfopenbaring. Hierdie inhoude is egter steeds as baie interessant en relevant beskryf met gewigswaardes wat almal bo 4 val (verwys Tabel 5.28).

Enige kursus het 'n beperkte aantal inhoude of temas wat aangespreek word. Alhoewel die respondente aangedui het dat hulle positief voel oor al die ingeslote inhoude, kan daar areas wees wat volgens die respondente nie of nie genoeg aangespreek is in die kursus nie.

**TABEL 5.29 IS DAAR ENIGE AREAS WAT VOLGENS JOU NIE AANGESPREEK IS IN DIE KURSUS NIE?**

| | Ja | | Nee | | Onseker | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % |
| **Mans** | 1 | 10 | 8 | 80 | 1 | 10 |
| **Dames** | 3 | 12 | 17 | 71 | 4 | 17 |
| **Hele groep** | 4 | 12 | 25 | 73 | 5 | 15 |

Volgens Tabel 5.29 het 73% van die respondente gevoel dat die kursusinhoud voldoende was. 12% van die hele respondentgroep het egter aangedui dat daar wel areas was wat volgens hulle nie of nie genoeg in die kursus aangespreek is nie. 15% van die respondente was onseker of hulle verdere areas by die kursusinhoud sou wou voeg. Respondente is gevra om kommentaar te lewer oor die areas waarin hulle graag meer opleiding sou wou gehad het. Die volgende areas is aangedui naamlik:

- algemene riglyne, vanuit 'n Christelike perspektief, oor die hantering van spesifieke probleme soos byvoorbeeld: selfmoord, dwelm- en drankmisbruik

- meer oor verhoudingsprobleme
- meer oor algemene kommunikasievaardighede, maar veral nie-verbale kommunikasie
- wat die persoonlike implikasies daarvan is om 'n portuurhelper te wees en hoe om dit te hanteer
- die organisering, strukturering en administrasie van 'n portuurhelpersprogram in 'n koshuis.

Bogenoemde areas is aanduidend van tipiese onderwerpe wat by die opleiding van portuurhelpers vir universiteitskoshuise ingesluit kan word of waaraan meer aandag gegee kan word. Van hierdie onderwerpe kan byvoorbeeld deel vorm van die voortgesette opleidingsprogram van portuurhelpers na afloop van die inisiële opleiding, soos voorgestel in 4.3.2. Dit is wel interessant dat respondente aangedui het dat daar 'n behoefte bestaan vir meer inligting oor spesifiek dwelm- en drankmisbruik. Hierdie resultaat bevestig dat studente wel soos in Hoofstuk 2 genoem en deur die resultate van Vreken en Rens (2001:6) se ondersoek voorgestel, al hoe meer probleme in hierdie areas ervaar.

#### 5.4.2.2.7 Metode van aanbieding

Volgens die resultate van Vraelys B het die voornemende kursusgangers aangedui dat hulle graag aktief aan die kursusaktiwiteite sou wou deelneem, eerder as om slegs na lesings te sit en luister. Om te bepaal of daar aan hierdie behoefte voldoen is, is respondente gevra om die metode van aanbieding en die aktiwiteite te evalueer.

**TABEL 5.30 WAS DIE METODE VAN AANBIEDING EFFEKTIEF?**

| | Ja | | Nee | | Onseker | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % |
| Mans | 10 | 100 | - | - | - | - |
| Dames | 23 | 96 | - | - | 1 | 4 |

TABEL 5.31 WAS DIE AKTIWITEITE VAN DIE KURSUS EFFEKTIEF?

| | Ja | | Nee | | Onseker | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % |
| Mans | 10 | 100 | - | - | - | - |
| Dames | 23 | 96 | - | - | 1 | 4 |
| Hele groep | 33 | 97 | - | - | 1 | 3 |

Uit die resultate in Tabel 5.30 en Tabel 5.31 blyk dat 97% van die kursusgangers van mening was dat die metode van aanbieding, asook die kursusaktiwiteite effektief was. Daar kan dus met redelike sekerheid aanvaar word dat die riglyne vir opleiding wat voorgestel is in 4.3.4, naamlik interaktiewe en ervaringsgerigte leer, met groot sukses aangewend kan word in die opleiding van portuurhelpers vir universiteitskoshuise.

Daar is ook ondersoek ingestel na die effektiwiteit van die kursusmateriaal.

TABEL 5.32 WAS DIE KURSUSMATERIAAL VOLDOENDE EN EFFEKTIEF?

| | Ja | | Nee | | Onseker | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % |
| Mans | 9 | 90 | - | - | 1 | 10 |
| Dames | 22 | 92 | - | - | 2 | 8 |
| Hele groep | 31 | 91 | - | - | 3 | 9 |

Uit Tabel 5.32 blyk dat 91% van die respondente gevoel het dat die kursusmateriaal effektief en voldoende is. Die kursusmateriaal het bestaan uit 'n handleiding vir fasiliteerders, asook 'n handleiding vir die kursusgangers. Die handleiding vir die kursusgangers het vraelyste, aktiwiteite, mini-lesings en inligtingstukke bevat. Daar is geleentheid gebied om aanvullende aantekeninge te maak en die handleiding is dus ook as 'n werkboek gebruik. Aangesien die respondente oorweldigend positief gereageer het op die kursusmateriaal, kan die wyse waarop kursusmateriaal aangebied word, as riglyn gebruik word vir die opleiding van portuurhelpers in universiteitskoshuise.

Aangesien van die kursusgangers voor die aanvang van die kursus kommentaar gelewer het oor die duur van die kursus, is respondente gevra om aan te dui hoe hulle na afloop van die kursus oor hierdie saak voel.

TABEL 5.33 SOU JY VERKIES DAT DIE KURSUS OOR 'N LANGER TYDPERK STREK?

| | Ja | | Nee | | Onseker | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | **N** | **%** | **N** | **%** | **N** | **%** |
| **Mans** | 3 | 30 | 6 | 60 | 1 | 10 |
| **Dames** | 8 | 33 | 15 | 63 | 1 | 4 |
| **Hele groep** | 11 | 32 | 21 | 62 | 2 | 6 |

Uit die resultate blyk dat ongeveer een derde van die respondentgroep van mening was dat die kursus oor 'n langer tydperk moes strek. In die universiteitskoshuisopset is dit egter nie altyd moontlik om 'n groep studente vir 'n langer tydperk almal beskikbaar te hê nie. Daar kan dus na gelang van 'n bepaalde groep se behoeftes besluit word om die aantal kursusure per dag te verminder deur 'n ekstra dag by die opleidingsgeleentheid te voeg. Die tydskedule van die kursus as geheel kan dus ooreenkomstig die behoeftes van die studente aangepas word, aangesien daar reeds bepaal is wat die toegekende tydsduur aan elke kursustema is.

Laastens is die respondente gevra om kommentaar te lewer oor die fasiliteerders van die kursus om te bepaal of hulle aan die gestelde riglyne (verwys 1.3.4) vir opleiers van portuurhelpers voldoen. Die kommentaar oor elk van die drie fasiliteerders kan as volg saamgevat word:

**Fasiliteerder 1**

Hierdie fasiliteerder was goed voorberei en het die kursusmateriaal effektief oorgedra. Hy het almal gemaklik laat voel en op die respondente se vlak gekommunikeer. Hy is beskryf as dinamies, geloofwaardig en professioneel. Alhoewel sommige respondente gevoel het dat hy te veel persoonlike voorbeelde gebruik, ervaar ander dit as positief en vorm dit deel van relevante voorbeelde van ervaring en van lewenswysheid. Sy humorsin is vermeld.

**Fasiliteerder 2**

Hierdie fasiliteerder is deur respondente beskryf as 'n goeie fasiliteerder, 'n perfekte voorbeeld van 'n portuurhelper. Haar mensekennis, begrip en openheid het bygedra tot 'n gemaklike atmosfeer waar respondente vrylik kon deelneem sonder die vrees vir veroordeling. Respondente het haar verder beskryf as 'n wonderlike, warm mens wat

haar storie ken. Sy was deugsaam en behulpsaam. Een respondent meld dat daar soms van die punt afgedwaal is.

**Fasiliteerder 3**

Hierdie fasiliteerder is beskryf as entoesiasties en vriendelik. Sy het 'n opgewekte positiewe atmosfeer geskep waar almal gemaklik kon voel en het almal gemotiveerd gehou. Aangesien respondente gevoel het dat hulle met haar kon assosieer, was hulle nie bang om hulle opinie te gee nie en 'n vry gesprek is toegelaat en aangehelp. Haar aanbieding was interessant, 'n leerskool en kursusmateriaal is goed oorgedra.

Uit bogenoemde samevattings kan afgelei word dat die fasiliteerders in alle opsigte voldoen het aan die gestelde riglyne wat daar aan opleiers van portuurhelpers gestel word.

#### 5.4.2.2.8 Algemene tevredenheid met die opleidingsgeleentheid

Respondente is gevra om aan te dui of hulle die kursus aan iemand anders sal aanbeveel. Resultate word in Tabel 5.34 weergegee:

**TABEL 5.34 SOU JY DIE KURSUS AANBEVEEL AAN IEMAND ANDERS?**

| | Ja | | Nee | | Onseker | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % |
| **Mans** | 10 | 100 | - | - | - | - |
| **Dames** | 24 | 100 | - | - | - | - |
| **Hele groep** | 34 | 100 | - | - | - | - |

100% van die respondentgroep het aangedui dat hulle die kursus aan iemand ander sal aanbeveel. Hierdie resultaat bevestig dat hierdie opleidingsgeleentheid van portuurhelpers uiters geslaagd was.

#### 5.4.2.2.9 Riglyne vir die ontwerp en implementering van 'n portuurhelpersprogram

Daar is tydens die opleidingsgeleentheid geen inligting deurgegee rakende die organisering, strukturering, implementering en bestuur van 'n portuurhelpersprogram in universiteitskoshuise of op 'n universiteitskampus nie aangesien die opleidingsgeleentheid slegs ten doel gehad het om studente in basiese hulpverleningsvaardighede op te lei. Dit het die geleentheid geskep om na afloop van die geleentheid studente se eie mening te kry oor portuurhulp en die genoemde aspekte.

Respondente moes, soos voor die aanvang van die kursus, aantoon wat hulle definisie van portuurhulp is. Al die respondente het die korrekte weergawe van wat portuurhulp behels kortliks weergegee. Hulle het veral klem gelê op die feit dat die portuurhelper slegs die hulpsoeker begelei om by eie oplossings van probleme uit te kom. Ander aspekte wat prominent in die definisies was, was dat 'n portuurhelper:

- bewus is van ander se probleme
- die hulpsoeker help om probleme te identifiseer, alternatiewe te stel, ens.
- empaties luister
- nie oordeel nie
- iemand is wat jy kan vertrou
- na professionele persone verwys indien die probleem van so aard is
- lid is van jou eie portuurgroep.

Uit bogenoemde is dit duidelik dat die respondente 'n goeie begrip het van wat portuurhulp behels en wat die beperkinge van die portuurhelper se rol is. Die kursus het dus daarin geslaag om hierdie baie belangrike begrip by die kursusgangers tuis te bring.

Respondente moes verder aandui of hulle dink dat daar 'n behoefte aan 'n portuurhelpersprogram bestaan en waar hulle die grootste, indien enige, behoefte aan so 'n program identifiseer.

TABEL 5. 35 DINK JY 'N PORTUURHELPERSPROGRAM:

a) is nodig?

| | Ja | | Nee | | Onseker | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % |
| Mans | 10 | 100 | - | - | - | - |
| Dames | 24 | 96 | - | - | 1 | 4 |
| Hele groep | 33 | 97 | - | - | 1 | 3 |

b) kan werk?

| | Ja | | Nee | | Onseker | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % |
| Mans | 10 | 100 | - | - | - | - |
| Dames | 22 | 92 | - | - | 2 | 8 |
| Hele groep | 32 | 94 | - | - | 2 | 6 |

97% van al die respondente het aangedui dat 'n portuurhelpersprogram nodig is in die studentegemeenskap. Hierdie resultaat bevestig die navorsing dat jongmense die behoefte aan hulpverlening binne hulle eie portuurgroep ervaar. Dit sluit ook aan by die resultate van die behoeftebepaling waar gevind is dat slegs 11,8% van die respondentgroep nie bereid sou wees om van 'n portuurhelper gebruik te maak nie. Uit Tabel 5.35(b) blyk verder dat 94% van die respondente van mening was dat 'n portuurhelpersprogram kan werk.

TABEL 5.36 DINK JY DAAR IS 'N BEHOEFTE AAN 'N PORTUURHELPERSPROGRAM:

a) op kampus?

| | Ja | | Nee | | Onseker | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % |
| Mans | 6 | 60 | 2 | 20 | 2 | 20 |
| Dames | 21 | 88 | 1 | 4 | 2 | 8 |
| Hele groep | 27 | 79 | 3 | 9 | 4 | 12 |

b) in koshuise?

| | Ja | | Nee | | Onseker | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % |
| **Mans** | 9 | 90 | - | - | 1 | 10 |
| **Dames** | 24 | 100 | - | - | - | - |
| **Hele groep** | 33 | 97 | - | - | 1 | 3 |

c) ander plekke?

| | Ja | | Nee | | Onseker | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % |
| **Mans** | 9 | 90 | 1 | 10 | - | - |
| **Dames** | 20 | 83 | 1 | 4 | 3 | 13 |
| **Hele groep** | 29 | 85 | 2 | 6 | 3 | 9 |

Uit die resultate in Tabel 3.36 (a,b,c) blyk dat die grootste behoefte aan 'n portuurhelpersprogram bestaan in koshuise. 97% van die respondente het aangedui dat daar 'n behoefte aan 'n portuurhelpersprogram in koshuise bestaan teenoor 85% by ander plekke (bv. selgroepe) en 79% op kampus. Wanneer daar dus na die implementering van portuurhelpersprogramme binne die universiteitsopset gekyk word, kan daar met groot sekerheid gestel word dat dit 'n behoefte by studente in koshuise sal aanspreek.

Die respondente is verder gevra om aan te dui wie op kampus hulle voel betrokke moet wees by die implementering en bestuur van 'n portuurhelpersprogram.

**TABEL 5.37 WIE OP KAMPUS DINK JY MOET ALMAL BETROKKE WEES BY 'N PORTUURHELPERSPROGRAM?**

| | | Ja | | Nee | | Onseker | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | **N** | **%** | **N** | **%** | **N** | **%** |
| **SVD** | Mans | 10 | 100 | 0 | 0 | 0 | 0 |
| | Dames | 18 | 75 | 3 | 12,5 | 3 | 12,5 |
| | Hele groep | 28 | 82 | 3 | 9 | 3 | 9 |
| **Studentedekaan** | Mans | 8 | 80 | 2 | 20 | 0 | 0 |
| | Dames | 14 | 58 | 7 | 29 | 3 | 13 |
| | Hele groep | 22 | 65 | 9 | 26 | 3 | 9 |
| **Studenteraad (Prinsipiële Leiding)** | Mans | 8 | 80 | 2 | 20 | 0 | 0 |
| | Dames | 23 | 96 | 0 | | 1 | 4 |
| | Hele groep | 31 | 91 | 2 | 6 | 1 | 3 |
| **Huisouers** | Mans | 9 | 90 | 1 | 10 | 0 | 0 |
| | Dames | 20 | 83 | 3 | 13 | 1 | 4 |
| | Hele groep | 29 | 85 | 4 | 12 | 1 | 3 |
| **Huiskomitees** | Mans | 8 | 80 | 1 | 10 | 1 | 10 |
| | Dames | 20 | 83 | 4 | 17 | 0 | 0 |
| | Hele groep | 28 | 82 | 5 | 15 | 1 | 3 |
| **Fakulteit Opvoedings-wetenskappe** | Mans | 6 | 60 | 4 | 40 | 0 | 0 |
| | Dames | 13 | 54 | 6 | 25 | 5 | 21 |
| | Hele groep | 19 | 56 | 10 | 29 | 5 | 15 |

Uit die resultate in Tabel 5.37 blyk dat die respondentgroep as 'n geheel die volgende volgorde van betrokkenheid bepaal het: eerstens die studenteraadslid vir Prinsipiële Leiding (91%), daarna die huisouers (inwonende personeel) van koshuise (85%), dan volg die Studentevoorligtingsdiens en huiskomitees van koshuise (82%), die Studente-dekaan (65%) en laastens Fakulteit Opvoedingswetenskappe (56%).

In antwoord op die vraag wie respondente sien in beheer van 'n portuurhelpersprogram, het die meerderheid studente aangetoon dat dit die studenteraadslid vir prinsipiële leiding moet wees.

Dit blyk dus duidelik dat die respondente voel dat studente self betrokke moet wees en beheer moet neem by 'n portuurhelpersprogram op kampus. Dit is verder belangrik om kennis te neem van die waarde wat respondente heg aan die betrokkenheid van huisouers van koshuise by 'n portuurhelpersprogram in die koshuise. Dit is verder gepas dat die Studentevoorligtingsdiens (of enige soortgelyke struktuur op 'n universiteitskampus) se betrokkenheid belangrik is, aangesien dit deur professionele hulpgewers bestuur word. Daar word egter duidelik deur die respondente aangetoon dat studente self in beheer van so 'n stelsel/program moet staan. Die hele gedagte agter portuurhulp, naamlik dat daar na lede van dieselfde portuur uitgereik word, word weer deur hierdie resultate bevestig.

#### 5.4.2.3 Resultate van semi-gestruktureerde onderhoude met fasiliteerders van die portuurhelpersopleidingsgeleentheid vir universiteitskoshuisstudente

Na afloop van die portuurhelpersopleidingsgeleentheid vir universiteitskoshuistudente is daar semi-gestruktureerde onderhoude met die drie fasiliteerders van die opleidingsgeleentheid gevoer. Volledige inligting oor die fasiliteerders is beskikbaar in Bylaag D. Hulle terugvoer oor die geleentheid is gevra.

##### 5.4.2.3.1 Agtergrond:

- Al drie die fasiliteerders is opgelei as opleiers van portuurhelpers.
- Al drie die fasiliteerders het vorige ervaring van kursusaanbieding met studentegroepe.
- Die program wat aangebied is, is saamgestel deur Prof. N.J. Vreken en is gebaseer op die program wat deur me. Marina de Jager van die Port Elizabethse Technikon aangebied word. Die materiaal in die program is verwerk en gebruik

met goedkeuring van Peer Resources, British Colombia, Kanada (www.peer.ca). Hulle volledige adres is voor in die handleidings.

- Die fasiliteerders het elk 'n handleiding ontvang waarin die program stapsgewys uiteengesit is. Die handleiding is aangevul met 'n bylaag waarin al die aktiwiteite en inhoude van die mini-lesings breedvoerig beskryf is. Die studente het elk 'n handleiding ontvang wat al die aktiwiteite en die inhoude van die mini-lesings bevat het.
- Weens verskeie faktore moes die kursus se aanbiedingstyd ingepas word in 'n Vrydagmiddag en –aand, saam met die Saterdagoggend, -middag, en –aand. Om tyd te wen is vraelyste voor die tyd (Woensdag) aan die voornemende kursusgangers uitgedeel om ingevul te word.
- Die fasiliteerders het die program en die handleiding die oggend voor die kursus ontvang. Die program is vooraf met mekaar bespreek en stapsgewys deurgegaan. Geen probleme is vooraf geïdentifiseer nie.

#### 5.4.2.3.2 Terugvoer:

**Tydsduur van die kursus:**

Al drie die fasiliteerders is van mening dat die tydsduur voldoende was om die kursus deur te werk, die aktiwiteite uit te voer en die nodige vaardighede in te oefen. Die algemene gevoel is dat Saterdagoggend se sessies miskien meer en/of andersoortige aktiwiteite moet insluit, omdat kursusgangers moontlik, vanweë die laat sessie Vrydagaand, moeilik aandag gegee het.

Hierdie terugvoer stem ooreen met die algemene gevoel wat deur die kursusgangers weergegee is, naamlik dat die tydsduur aanvaarbaar was, maar dat die lang ure vir sommige van die kursusgangers moeilik was (verwys 5.4.2.2.7).

**Tempo van aanbieding:**

Die gevoel was dat die tempo van aanbieding nie te stadig of te vinnig was nie en dat elke tema goed afgerond kon word. Die opmerking is gemaak dat die kursusgangers tot 'n groot mate self die tempo bepaal het en dat die program op so wyse saamgestel is

dat aanpassings gemaak kon word. Die aanbieders het byvoorbeeld nie al die voorbeelde deurgewerk of opdragte laat uitvoer wanneer daar gevoel is dat die kursusgangers die begrip of vaardigheid bemeester het nie.

**Inhoud van die kursus:**

Die gevoel was dat die inhoude baie geskik is vir die bepaalde teikengroep. Die nuwe temas wat deur Prof. Vreken spesifiek vir hierdie teikengroep ingebou is, het baie goed verloop.

Hierdie resultate stem ooreen met die bevindinge vanuit die vraelyste aan die kursusgangers waar al die onderskeie inhoude as "baie goed" en "uitstekend" beoordeel is (verwys 5.4.2.2.6).

**Aktiwiteite:**

Die fasiliteerders was tevrede met die aktiwiteite wat in die program ingebou is. Die kursusgangers het met oorgawe deelgeneem aan die rolspel-aktiwiteite en groepsgesprekke. Hulle meen egter dat die Saterdagoggend se aktiwiteite meer afgewissel sou kon word.

Die oorweldigende positiewe reaksie wat die kursusgangers op die aktiwiteite gehad het, naamlik 97% wat voel dat dit effektief was, bevestig die terugvoer wat deur die fasiliteerders gegee is (verwys 5.4.2.2.7).

**Handleidings:**

Die fasiliteerders was oortuig dat hulle handleidings baie goed gewerk het. Die studente se handleidings het ook baie goed gewerk.

Weereens bevestig die bevindinge van vraelys C hierdie terugvoer van die fasiliteerders, naamlik dat 91% van die kursusgangers tevrede was met die kursusmateriaal (verwys Tabel 5.32)

**Hulpmiddels:**

Die hulpmiddels wat aan die fasiliteerders verskaf is, het goed gewerk. Daar is nie 'n behoefte aan meer of ander hulpmiddels nie.

**Fisiese fasiliteite:**

Die fisiese fasiliteite het bestaan uit een groot lokaal (goed toegerus met truprojektor en skryfborde) wat gebruik is vir groot groepsessies. Die drie wegbreeklokale met los tafeltjies en stoele, asook skryfborde het uitstekend gefunksioneer. Die tafeltjies is in 'n sirkel gerangskik sodat groepslede na mekaar gekyk het.

**Deelname van kursusgangers:**

Al drie die fasiliteerders het getuig dat die studente meelewend was, aktief deelgeneem het en baie volwasse opgetree het tydens die hele kursus.

**Persoonlike belewing:**

Al drie die fasiliteerders het laat blyk dat dit vir hulle baie verrykend was om die kursus aan te bied en dat dit baie aangenaam was om dit vir die studente aan te bied. Die feit dat die aanbieders die kursus sonder vergoeding aangebied het, spreek boekdele.

**Slotopmerking:**

Die fasiliteerders was eenparig in hulle gevoel dat die kursus baie suksesvol verloop het en dat dit van hulle kant af aan alle verwagtinge voldoen het.

#### 5.4.2.4 Waarneming tydens die portuurhelpersopleidingsgeleentheid vir universiteitskoshuisstudente

Die navorser het die hele kursus as waarnemer bygewoon en kan soos volg rapporteer:

***Tydsduur van die kursus:***

Daar is waargeneem dat die tydsduur van die kursus voldoende was. Alle aktiwiteite is binne die beplande tydsduur voltooi sonder dat die aktiwiteite gejaag moes word, of daar onnodig lank tyd aan 'n tema spandeer is. Alhoewel van die kursusgangers opgemerk het dat die ure te lank was, is waargeneem dat die deelname aan aktiwiteite laat in die aand steeds aktief was. Selfs tydens die laaste tema op die program wat Saterdagaand aangebied is, naamlik Verhoudingsprobleme, is daar met groot entoesiasme deelgeneem.

***Tempo van aanbieding:***

Die tempo van aanbieding was deurlopend baie gepas gewees. Die waarnemer is van mening dat dit veral vir 'n studentegroep wat van 'n vinnige tempo hou toepaslik was, sonder om die kursusinhoud af te skeep. Soos deur die fasiliteerders vermeld, is die tempo grootliks deur die kursusgangers self bepaal. Dit het ook van groep tot groep verskil. Sekere groepe was gouer klaar met die besprekings van sekere inhoude, maar het weer langer geneem met ander. 'n Aspek wat volgens die waarnemer bygedra het tot die suksesvolle handhawing van die tempo van aanbieding, ongeag die vol kursusprogram, is die feit daar daar gereeld pouses geneem is waartydens verversings geniet is. Kursusgangers het dan van die geleentheid gebruik gemaak om hulle ervarings tydens die afgelope sessies te bespreek en onderlinge vergelykings tussen die groepe te tref. Daar is ook waargeneem dat die kursusgangers baie gesteld was op stiptelikheid.

***Inhoud van die kursus:***

Daar is deurlopend waargeneem dat die kursusgangers die inhoud van elke sessie aktueel gevind het en 'n lewendige belangstelling daarin getoon het. Hierdie waarneming is deur die reeds bespreekte resultate van Vraelys C bevestig.

***Aktiwiteite*:**

Daar is voortdurend van die kursusgangers verwag om aktief deel te neem aan die aktiwiteite van die kursus. Groepbesprekings was lewendig en geslaagd. Die moontlike redes vir hierdie sukses wat uit die waarneming spruit, kan soos volg saamgevat word:

- Elke groepslid is betrek deurdat die fasiliteerders aan elkeen die geleentheid gegee het om terugvoer te gee oor sy/haar belewenis of ervaring van die inhoud en aktiwiteite. Alle groepslede het dus aanvanklik noodgedwonge, maar later uit vrye keuse deelgeneem om daarvan 'n ware groepsaktiwiteit te maak. Groepslede was ook versoek om met elke aktiwiteit waar 'n maat voor nodig was, telkens 'n ander groepslid te kies. Dit het tot gevolg gehad dat groepslede mekaar beter leer ken het.
- Daar is waargeneem dat die grootte van die groepe, naamlik ongeveer tien groeplede, baie goed gewerk het.
- Die kenmekaaraktiwiteite was geslaagd deurdat die groepslede na afloop daarvan mekaar se name onthou het en dat daar onmiddelik 'n meer persoonlike verhouding onder die groepslede was.
- Groepslede het onder mekaar reëls vir die kursus (gedragskode) opgestel waarby gehou moes word. Daar is waargeneem dat die groepslede mekaar voortdurend aan hierdie reëls herinner het wanneer daar nie daarby gehou is nie. Hierdie aktiwiteit het die vertrouensverhouding tussen groepslede versterk.
- Groepslede het tydens groepbesprekings nie geskroom om van mekaar te verskil nie en dit het soms lewendige besprekings ontlok, byvoorbeeld tydens die aktiwiteit rondom die waarde-oriëntering van die groepslede. Daar is egter waargeneem dat die groepslede mekaar nooit persoonlik aangeval het nie. Dit bevestig die waarneming van die fasiliteerders dat die groep as geheel 'n volwasse benadering tot die kursusinhoud en –aktiwiteite gehad het .

Daar is met entoesiasme aan rolspelaktiwiteite deelgeneem.

'n Aktiwiteit wat baie geslaagd was, was die bespreking van "onafgehandelde sake" voor die aanvang van elke sessie. Tydens hierdie aktiwiteit is alle probleme, vrae en

kommentaar oor die vorige sessie bespreek en het dit die geleentheid gebied aan die fasiliteerders om die effektiwiteit van die inhoud en verloop van die kursus te monitor.

Daar is waargeneem dat die aktiwiteite van die Saterdagoggend meer afwisseling nodig gehad het soos deur die fasiliteerders aanbeveel is, aangesien daar kursusgangers minder lewendige deelname getoon het.

***Kursusmateriaal:***

Die waarneming is gemaak dat die kursusmateriaal goed gestruktureerd en duidelik was en dat die kursusgangers dit moeiteloos kon gebruik.

***Fisiese fasiliteite:***

Die fisiese fasiliteite was effektief en het bygedra tot die vlot verloop van die kursus. Een faktor wat bygedra het tot die sukses was dat die groot lesinglokaal, wegbreek-lokale, verversingsarea en toiletgeriewe almal naby mekaar geleë was. Dit het praktiese probleme soos tyd wat verlore gaan om na die verversingsarea te beweeg of gebrekkige kommunikasie tussen die groepe, uitgesluit. Die fasiliteite was ook aan die studente bekend, in 'n veilige omgewing en naby aan hulle woonplekke geleë, wat dit moontlik gemaak het om die kursus tot laat in die aande te laat loop.

***Slotopmerking:***

Uit die waarnemings wat gemaak is tydens die opleidingsgeleentheid van portuur-helpers vir universiteitskoshuise, kan gestel word dat die studente, wat aan die geleentheid deelgeneem het, dit baie geniet het en baat daarby gevind het. Dit bevestig die resultate wat uit die vraelyste en onderhoude met die fasiliteerders verkry is.

### 5.4.3 Resultate van semi-gestruktureerde onderhoude met kundiges

Semi-gestruktureerde onderhoude is gebruik as deel van die empiriese ondersoek. Hierdie onderhoude is gevoer met kundiges op die gebied van portuurhulp.

#### 5.4.3.1 Semi-gestruktureerde onderhoude met persone by drie tersiêre opleidingsinstansies waar reeds op bepaalde wyses van portuurhulp gebruik gemaak word.

Semi-gestruktureerde onderhoude is gevoer met kundiges by drie tersiêre opleidingsinstansies om te bepaal op watter wyse daar van portuurhulp gebruik gemaak word. Volledige informasie oor die kundiges is in Bylaag E beskikbaar.

##### 5.4.3.1.1 Opleidingsinstansie 1

'n Fokusgroeponderhoud is gevoer met kundiges by Opleidingsinstansie 1 wat die Port Elizabethse Technikon en die Universiteit van Port Elizabeth insluit. Dit blyk uit die onderhoud dat daar 'n gevestigde portuurhelpersprogram bestaan wat deur die Departement vir Studenteberading en -ontwikkeling (Department of Student Counselling and Development Centre) by Port Elizabethse Technikon in 1994 geïnisieer is. Daar is noue samewerking tussen die twee onderskeie instansies wat onder Opleidingsinstansie 1 gegroepeer is.

**Behoefte aan 'n portuurhelpersprogram**:

Volgens die kundiges by Opleidingsinstansie 1 bestaan daar verskille tussen die verskillende bevolkingsgroepe wanneer dit by die behoefte aan 'n portuurhelpersprogram kom. Uit 'n behoeftebepaling wat by hierdie instansie gedoen is, is bepaal dat die blanke respondente nie 'n groot behoefte aan portuurhulp het nie, maar dat daar 'n groter behoefte onder anderskleurige studente bestaan. As rede vir hierdie bevinding word aangevoer dat die blanke studente hulle probleme nie graag met "vreemdes" bespreek nie en eerder hulle ouers nader vir hulp. Indien hulle wel na 'n portuurhelper sou uitreik, sou dit oor beroepsgerigte probleme wees. Verder het dit geblyk dat die anderskleurige studente 'n groot behoefte aan hulpverlening deur die portuurhelper het, veral wanneer dit by akademiese steun kom. Hulle stel hulle vertroue in die geloofwaardigheid van die portuurhelpersprogram.

Kundiges by Opleidingsinstansie 1 was dit eens dat wanneer daar beoog word om 'n portuurhelpersprogram te implementeer, daar eers 'n behoeftebepaling gedoen moet word om die ware behoefte van die teikengroep waarvoor die program bestem word, te

bepaal. Een van die kundiges was van mening dat daar soveel moontlik studente opgelei behoort te word as portuurhelpers aangesien dit persoonlike groei by individue teweegbring en hulle toerus om nie alleen meer effektief hulp en steun aan ander mede-studente te bied nie, maar ook persoonlike probleme beter te kan hanteer.

**Riglyne vir die implementering van die portuurhelpersprogram:**

Uit die onderhoud met die kundiges by Opleidingsinstansie 1 is daar bevind dat daar reeds 'n suksesvolle portuurhelpersprogram geïmplementeer is. Die volgende aspekte is deur die kundiges meegedeel en is ook vervat in beleidsdokumente wat vir die portuurhelpersprogram ontwikkel is.

**Werkswyse:**

Die portuurhelpersprogram by die Port Elizabethse Technikon bestaan uit opgeleide portuurhelpers wat vanuit 'n kantoor by die Departement vir Studentevoorligting en -Ontwikkeling (Student Counselling and Development) funksioneer. Dit blyk uit die onderhoude dat hulle eerstens ten doel het om sigbaar te wees op kampus deur aan kampusaktiwiteite byvoorbeeld Eerstejaarsontvangs en VIGS-voorkomingsveldtogte deel te neem en van die aktiwiteite te organiseer. Verder blyk dit dat hulpstasies geskep is waar portuurhelpers hulpverlening aan mede-studente kan verskaf. Volgens die kundiges by die Universiteit van Port Elizabeth word daar weer in die universiteits-koshuise portuurhelpers opgelei vir steungewing en hulpverlening aan spesifiek eerstejaarkoshuisstudente. Die aantal portuurhelpers wat opgelei word, word volgens 'n 1:10 (portuurhelper:eerstejaars) verhouding bepaal. Daar is gevind dat hulpverlening dikwels by minder persoonlike probleme begin soos akademiese- of studieprobleme totdat daar 'n mate van rapport met die portuurhelpers bewerkstellig is. Hulpverlening word veral op eerstejaarstudente gefokus om sosiale en emosionele integrasie en aanpassing te help fasiliteer, maar daar word ook op die algemene "wellness" van die studentegemeenskap gefokus.

**Seleksie van portuurhelpers:**

Uit die onderhoud blyk dat voornemende portuurhelpers aan duidelik gestelde kriteria moet voldoen om as amptelike portuurhelpers te kwalifiseer. Die seleksie van portuurhelpers vind plaas deurdat voornemende portuurhelpers genomineer word deur personeel of mede-studente, of self aansoek doen om vir seleksie oorweeg te word. Die kundiges het laat blyk dat aansoekvorms - "Showing Interest"-vorms - ingevul word en saam met 'n Curriculum Vitae van elke persoon ingedien word. Geskikte kandidate word vir onderhoude genooi. Die seleksie van die portuurhelpers word op die volgende oorwegings gebaseer:

- aantal poste beskikbaar
- die beskouing van wie 'n portuurhelper behoort te wees
- akademiese prestasie
- vorige ervaring of opleiding

**Opleiding van portuurhelpers:**

Tydens die onderhoude met die kundiges by Opleidingsinstansie 1 is vasgestel dat die opleiding van portuurhelpers by hierdie instansies soos volg gedoen word:

Verpligte basiese opleiding: behels vaardigheidsopleiding van die portuurhelper. Die volgende areas waarin opleiding plaasvind is deur die kundiges vermeld:

- verbale en nie-verbale kommunikasie
- empatiese luistervaardighede
- vraagstellingsvaardighede
- die gee van terugvoer
- besluitnemings- en probleemoplossingsvaardighede
- waarde-oriëntering en etiek
- vertroulikheid en verwysing na professionele persone

Opvolgopleiding: dit neem die vorm aan van opleidingsessies in die vorm van seminare of werksessies wat elke vier tot ses weke gehou word oor bepaalde onderwerpe, soos byvoorbeeld MIV/VIGS-bewustheid,. Die opvolgopleiding word versprei oor die hele jaar.

**Metode van opleiding:**

Dit blyk uit die onderhoud dat daar van 'n ervaringsleermodel gebruik gemaak word tydens die opleiding van portuurhelpers en dat opleiding gevolglik interaktief van aard is.

**Begeleiding deur professionele persone:**

Daar word sterk aanbeveel deur die kundiges dat die portuurhelpersprogram en die werk van die portuurhelpers onder streng supervisie van professionele en kundige mense geskied. So kan die kwaliteit van dienslewering verseker word. By Opleidings-instansie 1 word hierdie supervisie deur personeel van die Departement vir Studente-voorligting en -Ontwikkeling (Department of Student Counselling and Development) gedoen.

**Portuurhelper portfolios:**

Daar is tydens die onderhoud heelwat klem geplaas op die skep en instandhouding van portfolios deur elke portuurhelper by hierdie instansies. Portfolios word nie alleen deur die portuurhelper gebruik om vordering en werkswyse te monitor nie, maar dit word ook deur fasiliteerders/supervisors gebruik vir die evaluering van die portuurhelper se werk deur die jaar.

**Erkenningstelsel:**

Studente wat as portuurhelpers optree ontvang aan die einde van 'n suksesvolle termyn 'n sertifikaat van erkenning vir hulle werk. Hierdie sertifikaat word op grond van bywoning van opleidingsgeleenthede, sowel as die portfolio van die student toegeken. Studente ontvang ook soms geldelik vergoeding vir hulle werksaamhede.

**Gedragskode:**

Volgens kundiges van hierdie opleidingsinstansies is dit belangrik om 'n gedragskode vir portuurhelpers te ontwikkel sodat die portuurhelpers se gedrag gerig en gemonitor kan word en enige wangedrag aangespreek kan word. Portuurhelpers neem self deel aan die formulering van 'n gedragskode.

### 5.4.3.1.2 Opleidingsinstansie 2

Semi-gestruktureerde onderhoude is gevoer met kundiges by die Universiteit van Wes-Kaapland om te bepaal op watter wyse daar by hierdie universiteit van portuurhulp gebruik gemaak word. Uit die onderhoude het geblyk dat daar 'n gevestigde MIV/VIGS-program op die kampus bestaan wat op die beginsels van portuurhulp berus. Hierdie program is gefokus op die bewusmaking, voorkoming en hantering van MIV/VIGS-gevalle. Die program word bestuur deur die MIV/VIGS-programkoördineerder op die kampus in samewerking met die personeel van die "Student Health Centre" op die kampus.

**Behoefte aan 'n MIV/VIGS-program:**

Uit die onderhoude met kundiges blyk dat die Universiteit van Wes-Kaapland die MIV/VIGS-program daargestel het nadat daar bewus geraak is van die geweldige impak wat MIV/VIGS op die personeel en studente van hierdie opleidingsinstansie het. Daar het dus 'n groot behoefte ontstaan om die sosiale-, ekonomiese- en menseregte implikasies van MIV/VIGS by hierdie instansie aan te spreek.

**Werkswyse:**

Uit die onderhoude is vasgestel dat daar 'n wye verskeidenheid van dienste verskaf word deur die personeel van die MIV/VIGS-program en die Studente Gesondheid-sentrum wat veral gerig is op die voorkoming van MIV/VIGS naamlik:

- advies oor die beoefening van veilige seks en die verskaffing van gratis manlike en vroulike kondome
- wenke vir 'n gesonde leefstyl

- die organisering van MIV/VIGS bewusmakingsveldtogte deur middel van filmvertonings, werkswinkels en besprekings, asook die versameling en verspreiding van informasie oor MIV/VIGS in die vorm van byvoorbeeld pamflette en plakkate. Dit blyk uit die onderhoude dat daar veral op die eerstejaarstudente in koshuise gefokus word. Die inligtingsveldtogte word deur studentevrywilligers en die PWA's (People living with Aids)-groep georganiseer en aangebied.
- die "People living with Aids (PWA's)"-program waar studente wat MIV-positief is beskikbaar is vir byvoorbeeld praatjies of vir die fasilitering van inligtingsgeleenthede.
- die "Peer Educators"-program waarin studente opgelei word in lewensvaardighede spesifiek gemik op die voorkoming en bekamping van MIV/VIGS
- kursusse word aangebied vir personeel en studente
- gratis vertroulike en vrywillige toetsing van MIV-status en beradingsfasiliteite genaamd die "Voluntary Confidential Counseling and Testing (VCCT) service"
- berading en steungewing van persone wat MIV-positief is of op een of ander wyse deur MIV/VIGS geaffekteer word
- 'n steungroep vir MIV-positiewe persone wat twee keer per week bymekaar kom
- uitreikprogramme na die gemeenskap

Die benadering wat deurlopend gevolg word, is om alles op 'n vrywillige basis te hou en nie die informasie en opleiding af te forseer nie. Daar word ook hoofsaaklik van portuurgroeplede (met ander woorde mede-studente) gebruik gemaak in die uitlewing van die doelwitte van die MIV/VIGS-program.

Uit die inligting versamel uit die onderhoude wat gevoer is, blyk dit dat die program wat by Opleidingsinstansie 2 voorkom, in wese 'n "Peer Educators-program" is soos in Tabel 3.1 beskryf is. Daar kom ook 'n mate van berading voor, maar hierdie berading word soos dit uit die onderhoude blyk, deur professionele persone en spesiaal opgeleide persone gedoen.

#### 5.4.3.1.3 Opleidingsinstansie 3

'n Semi-gestruktureerde onderhoud is gevoer met 'n kundige by die Universiteit van Stellenbosch om te bepaal op watter wyse daar by hierdie universiteit van portuurhulp gebruik gemaak word. Uit die onderhoud blyk dat hierdie opleidingsinstansie geen formele portuurhelpersprogram geïmplementeer het nie, maar slegs van 'n "Peertutor"-stelsel (verwys Tabel 3.1) in die universiteitskoshuise gebruik maak waar eerstejaar-studente gehelp word met hulle akademiese vordering deur 'n aangewese senior-student. Hierdie raadgewers is onder direkte toesig van die Inwonende Hoof (huisouers) en die Hoofdirekteur: Studentesake.

### 5.4.3.2 Semi-gestruktureerde onderhoud met 'n persoon wat as koördineerder dien van 'n portuurhelpersprogram wat by 'n sekondêre skool geïmplementeer is

'n Onderhoud is gevoer met 'n onderwyser wat as koördineerder optree van 'n portuur-helpersprogram wat by 'n sekondêre skool geïmplementeer is. Daar is gepoog om meer te wete te kom oor die implementering en funksionering van 'n portuurhelpersprogram in 'n sekondêre skoolsituasie.

**Die rol en funksie van 'n portuurhelper in die sekondêre skool:**

Portuurhelpers word geselekteer om hulp- en steungewing aan portuurgroeplede te verskaf, tydige verwysings na professionele hulpgewers of beraders te doen, inligting te deel of bewusmakingsveldtogte te loods, en ook om die algemene omgee-omgewing in die skool te verbeter. Dit word gedoen deur onder andere verjaarsdae van skoliere aan te kondig, nuwe skoliere te verwelkom en touwys te maak, aansteekborde te gebruik vir die deurgee van belangrike informasie of aanhalings, bemoedigende opmerkings, ensomeer. Daar word hoë waarde geheg aan die rol van die portuurhelpers by hierdie instansie en hulle dra 'n "balkie" om aan te dui dat hulle as portuurhelpers verkies is.

**Seleksie van portuurhelpers:**

Uit die onderhoud blyk dat die groep portuurhelpers by die skool bestaan uit 8 ervare portuurhelpers en 8 nuwelinge. Tydens die seleksie van die nuwe portuurhelpers word daar eerstens 'n kortlys opgestel vanuit die kandidate wat aansoek gedoen het of genomineer is as moontlike portuurhelpers. Hierdie eerste rondte in die keuringsproses vind plaas op grond van vooraf gestelde kriteria waaraan 'n portuurhelper moet voldoen. Daarna word onderhoude met die kandidate gevoer deur die ervare portuurhelpers onder die toesig van die programkoördineerder. Daar word veral na aspekte soos vertroulikheid, toewyding, volwassenheid, en natuurlike hulpverleningsvaardighede gekyk, en ook na die vermoë van die kandidate om as deel van 'n span te funksioneer. Wanneer die kandidate verkies is, word hulle ouers in kennis gestel om skriftelike goedkeuring te gee dat hulle kind 'n portuurhelper kan word.

**Opleiding van portuurhelpers:**

Daar word 'n wegbreekgeleentheid gehou waartydens die basiese hulpverleningsvaardighede waaroor 'n portuurhelper moet beskik, aangespreek word. Opvolgopleiding word deurlopend gedoen. Tydens die opleidingsgeleenthede word daar baie geleentheid vir ontspanning gebied ten einde groepskohesie te bevorder en portuurhelpers die geleentheid te gee om spanning te ontlaai. Die opleiding word deur die programkoördineerder in samewerking met kundiges by die Port Elizabethse Technikon gedoen.

**Portuurhelperportfolios:**

Tydens die onderhoud is dit gestel dat daar op 'n deurlopende basis van portuurhelper portfolios gebruik gemaak word. Die portfolios sluit die volgende aspekte in: bepaalde opleidingstake in die vorm van selfstudie wat voltooi moet word, verslaggewing van alle geleenthede waar die portuurhelper hulpverlenend opgetree het, asook alle nodige informasie oor hulpdienste wat beskikbaar is en waarheen hulpsoekers verwys kan word.

**Begeleiding deur programkoördineerder:**

Alle aktiwiteite van portuurhelpers vind onder die supervisie van die programkoördineerder plaas.

**Slotopmerking:**

Uit die onderhoud blyk dat 'n portuurhelpersprogram met groot sukses in 'n sekondêre skool geïmplementeer kan word.

### 5.4.4 Samevattende bevindings uit die empiriese ondersoek

Die resultate van die empiriese ondersoek kan soos volg saamgevat word, naamlik dat:

- die respondentgroep, naamlik universiteitskoshuisstudente, aangedui het dat hulle tot 'n groot mate toe ('n gewigswaarde van 3,42 uit 'n moontlike 4) van die hulpverlening deur 'n goeie vriend/in gebruik maak in die hantering van meer ernstige probleme
- slegs 17,4 % van al die respondente al in die verlede van professionele hulpverlening gebruik gemaak het
- die helfte (52,1%) van die hele groep respondente bereid sou wees om soms van portuurhulp gebruik te maak, terwyl 'n verdere 28% van die groep aangedui het dat hulle dikwels bereid sou wees om probleme met 'n portuurhelper te deel
- daar gevolglik 'n behoefte aan portuurhulp by universiteitskoshuisstudente bestaan
- definitiewe vereistes aan 'n portuurhelper in die universiteitkoshuisopset gestel moet word
- emosionele probleme, verhoudingsprobleme, self-verwante probleme, akademiese- of studieprobleme en bekommernis oor misdaad en geweld (veiligheid) as die mees algemene probleme wat onder die respondentgroep voorkom, beskryf kan word
- die opleidingsgeleentheid van portuurhelpers vir universiteitskoshuise uiters geskik en toepaslik vir die teikengroep was deurdat:

* dit aan 94% van die hele respondentgroep se verwagtinge voldoen het

* die onderskeie inhoude as "baie goed" en "uitstekend" beoordeel is

* die metode van opleiding, naamlik interaktiewe en ervaringsgerigte leer, as uiters suksesvol beoordeel is

* 91% van die respondente gevoel het dat die kursusmateriaal effektief en voldoende was

* die tydskedule van die kursus as geheel ooreenkomstig die behoeftes van die teikengroep aangepas kan word, aangesien daar reeds bepaal is wat die toegekende tydsduur aan elke kursusinhoud is

* die fasiliteerders in alle opsigte voldoen het aan die gestelde riglyne wat daar aan opleiers van portuurhelpers gestel word

- 97% van al die respondente wat die opleidingsgeleentheid vir portuurhelpers vir universiteitskoshuise bygewoon het, aangedui het dat 'n portuurhelpersprogram nodig is in die studentegemeenskap

- 97% van die respondente aangedui het dat daar 'n behoefte aan 'n portuurhelpersprogram in koshuise bestaan

- studente self betrokke moet wees by en in beheer moet wees van 'n portuurhelpersprogram op kampus

- die betrokkenheid van huisouers (inwonende personeel) van koshuise by 'n portuurhelpersprogram in die koshuise as belangrik geag is

- die Studentevoorligtingsdiens (of 'n soortgelyke struktuur op 'n universiteitskampus) se betrokkenheid belangrik is, aangesien dit deur professionele hulpgewers bestuur word

- die fasiliteerders van die opleidingsgeleentheid van portuurhelpers vir universiteitskoshuise eenparig was in hulle gevoel dat die kursus baie suksesvol verloop het en aan alle verwagtinge voldoen het

- volgens kundiges op die gebied van portuurhulp dit belangrik is om die behoefte aan portuurhelperprogram vooraf deeglik te ondersoek aangesien dit grootliks bydra tot die effektiewe ontwerp en implementering van 'n portuurhelpersprogram

- daar by Opleidingsinstansie 1 met groot sukses 'n portuurhelperprogram op kampus en in koshuise geïmplementeer is en dat daar aan die duidelik gestelde riglyne voldoen word, wat grootliks met riglyne uit die literatuur ooreenstem
- nie alle tersiêre opleidingsinstansies van 'n portuurhelpersprogram (soos in Tabel 3.1 beskryf) gebruik maak nie, maar dat portuurgroeplede op ander wyses betrek word byvoorbeeld as "Peer educators" en "Peer tutors"
- 'n portuurhelpersprogram suksesvol by 'n Sekondere skool geïmplementeer kan word.

### 5.4.5 Samevatting

In hierdie hoofstuk is die werklike behoefte aan portuurhulp as 'n vorm van hulpverlening onder studente wat in universiteitskoshuise woon, vasgestel, die aard en omvang van probleme wat tans deur hierdie studente ervaar ondersoek, ondersoek ingestel na riglyne vir die suksesvolle implementering van 'n portuurhelpersprogram in universiteitskoshuise, en ondersoek ingestel na die suksesvolle opleiding van portuurhelpers vir universiteitskoshuise.

Die resultate is weergegee, geïnterpreteer en volledig bespreek. Die bevindinge is bespreek en daar is tot bepaalde gevolgtrekkings gekom.

In Hoofstuk 6 sal algemene gevolgtrekkings en aanbevelings gemaak word.

# HOOFSTUK 6

# SAMEVATTING, ALGEMENE GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

## 6.1 INLEIDING

Aan die begin van hierdie ondersoek is die stelling gemaak dat studente op universiteitskampusse, met spesifieke verwysing na koshuisstudente, toenemend meer probleme ervaar. Die vraag is gevra waarheen hierdie studente wat probleme ervaar gaan vir hulp, ondersteuning en bystand en 'n portuurhelpersprogram is as 'n moontlike wyse van hulpverlening voorgestel.

Twee navorsingsdoelstellings is na aanleiding van die probleemstelling geformuleer, naamlik om 'n omvattende beskrywing te gee van wat 'n portuurhelpersprogram behels, asook om riglyne voor te stel vir die suksesvolle en effektiewe implementering van 'n portuurhelpersprogram in universiteitskoshuise.

In hierdie hoofstuk gaan daar eerstens 'n samevatting gegee word van die verloop van die ondersoek en hoe die navorsingsdoelstellings bereik is. Verder sal bepaalde gevolgtrekkings gemaak word en laastens gaan daar aanbevelings gemaak word vir verdere navorsing in die studieveld.

## 6.2 SAMEVATTING

In **Hoofstuk 1** is die probleemstelling, probleemvrae, navorsingsdoelstellings, metodes van ondersoek, die navorsingsprogram en die hoofstukindeling uiteengesit.

In **Hoofstuk 2** is daar gepoog om 'n omvattende beskrywing te gee van die mees algemene probleme wat studente ervaar. Daar is tot die gevolgtrekking gekom dat studente aan tersiêre opleidingsinstansies in 'n hoërisikogroep val vir verskeie ernstige probleme naamlik: uitbranding, depressie, selfmoord, eetversteurings, rook, dwelm-

misbruik en –afhanklikheid, drankmisbruik, en seksueel-verwante probleme soos byvoorbeeld onbeplande swangerskappe en MIV/VIGS.

In **Hoofstuk 3** is die begrippe portuurhulp, portuurhelper en 'n portuurhelpersprogram vanuit die literatuur omskryf en daar is ook gekyk na die verskillende tipe hulpverleningsprogramme wat op die beginsels van portuurhulp gebaseer is. Daar is bevind dat portuurhulp baie effektief as 'n vorm van hulpverlening vir die studentepopulasie gebruik kan word, aangesien dit berus op die beginsel dat daar na vriende, met ander woorde lede van dieselfde portuurgroep, uitgereik word wanneer probleme ervaar word. 'n Portuurhelpersprogram waar portuurhelpers volgens streng kriteria geselekteer word, opgelei word in basiese hulpverleningsvaardighede en volgehoue steun en opleiding deur professionele persone ontvang, kan in universiteitskoshuise geïmplementeer word, sodat hierdie portuurhelpers hulp en bystand aan mede-studente met probleme kan bied. Om effektief en doelgerig te funksioneer in die universiteitskoshuisopset is daar bepaalde riglyne vir so 'n portuurhelpersprogram gestel.

In **Hoofstuk 4** is riglyne vir die ontwerp en implementering van 'n portuurhelpersprogram vir universiteitskoshuise bespreek. Plomp se algemene onderwyskundige model is as vertrekpunt gebruik vir die ontwerp en implementering van 'n portuurhelpersprogram vir universiteitskoshuise en riglyne is vanuit die literatuur daargestel.

In **Hoofstuk 5** is die resultate van die empiriese ondersoek weergegee en bespreek. Die samevattende bevindinge is in paragraaf 5.4.4 bespreek.

Uit bostaande inligting blyk dit dat beide die gestelde navorsingsdoelstellings bereik is deurdat 'n omvattende beskrywing gegee is van wat 'n portuurhelpersprogram behels en riglyne vir die ontwerp en implementering van 'n portuurhelpersprogram vir universiteitskoshuise vasgestel is. Die volgende algemene gevolgtrekkings volg hieruit naamlik dat:

- Studente tot 'n groot mate die neiging toon om probleme van 'n ernstige aard te hanteer deur dit met vriende of vriendinne waarmee hulle in 'n noue persoonlike verhouding staan, te deel
- Daar 'n behoefte aan 'n portuurhelpersprogram vir universiteitskoshuise bestaan, dat studente bereid sou wees om van so 'n program gebruik te maak en dat

studente graag aan die voorpunt wil staan in die organisering en bestuur van so 'n program

- Ten einde 'n portuurhelpersprogram in 'n universiteitskoshuisopset suksesvol en toepaslik te ontwerp en te implementeer, die riglyne vir die ontwerp en implementering van so 'n program, soos in Hoofstuk 4 voorgestel en in Hoofstuk 5 ondersoek is, gevolg behoort te word

## 6.3 AANBEVELINGS

Aangesien hierdie studie slegs by die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit uitgevoer is, kan aanbeveel word dat hierdie ondersoek uitgebrei word na meer universiteite en tersiêre opleidingsinstansies in Suid-Afrika. Daar word verder aanbeveel dat owerhede van tersiêre opleidingsinstansies waar daar nog nie van portuurhulp gebruik gemaak word nie, kennis moet neem van die bevindinge van hierdie studie, asook die suksesse wat reeds by ander tersiêre opleidingsinstansies met hierdie programme behaal is (verwys paragraaf 5.4.3), sodat hulle erns sal maak met die implementering van portuurhelpersprogramme op daardie kampusse.

In die "Draft Policy Document" van die Portuurhelpersprogram van die PE Technikon staan: "This Peer Helping Programme is, above all, a useful tool in the hands of those who care about educating people. By using this tool correctly, they can be assured of effective interventions, since it is a tool that taps from a positive, intrinsic power that resides within individuals, namely the power generated by the relationship between human beings." (Anon., 2004:6).

'n Portuurhelpersprogram behoort in elke universiteitskoshuis (of -kampus) na gelang van bepaalde riglyne, in samewerking met die studente self en universiteitsowerhede, geïmplementeer te word om effektiewe hulp, bystand en ondersteuning aan studente in nood te bied en 'n algemene omgee-omgewing in daardie opset te bevorder.

### 6.3.1 Aanbevelings vir verdere navorsing

- Meer navorsing moet gedoen word oor die aard en omvang van spesifieke probleme onder studente by tersiêre opleidingsinstansies in Suid-Afrika.
- Verdere navorsing behoort gedoen te word om die implementering van 'n portuurhelpersprogram in universiteitskoshuise te monitor en te evalueer.
- Daar behoort ondersoek ingestel te word na die effektiewe bestuur van so 'n portuurhelpersprogram op kampus en in koshuise en op watter wyse die verskillende rolspelers soos huisouers (inwonende personeel) en instansies soos die Studentevoorligtingsdiens betrek word.
- Verdere navorsing kan ook gedoen word om oor die vereistes wat aan portuurhelpers gestel moet word en die eienskappe van portuurhelpers wat hulle suksesvol en effektief binne 'n tersiêre opleidingsomgewing kan laat optree.
- Daar behoort verdere navorsing gedoen te word na die redes waarom studente nie van die professionele hulpdienste wat op kampusse beskikbaar is, gebruik maak nie.

## 6.4 TEN SLOTTE

Die doel van hierdie studie is bereik deurdat beide navorsingsdoelstellings suksesvol aangespreek is en duidelike riglyne geïdentifiseer kon word vir die suksesvolle en effektiewe implementering van 'n portuurhelpersprogram in universiteitskoshuise.

Die hoop word uitgespreek dat hierdie studie 'n bydrae sal lewer sodat daar met nuwe oë gekyk sal word na studente met probleme en dat daar op 'n kreatiewe en konstruktiewe wyse meer effektief steun aan hierdie studente gebied sal word deur studente self te bemagtig en deel te maak van die oplossing.

# BRONNELYS

ABOUT. 2004. Alcohol Disorders among College students: One in Three Meet Diagnosis for Alcohol Problem. [Web:] http://alcoholism.about.com/library/blcas020614.htm.

ALVAREZ, P. 2000. The Nature of Hate Crimes: A Literature Review. [Web:] http://www.stophate.org/stophate/STH%Program/STH%20files/litreview_alvarez.pdf.

ANON. 2003. Peer Helping Brochure and National Standards. [Web:] www.mentors.ca/broch.html.

ANON. 2004. The Peer Helper Programme at PE Technikon: Draft Policy Document. PE Technikon. Port Elizabeth.

BLACK, D.R., FOSTER-HARRISON, E., TINDALL, J., JOHNSON, J., VARENHORST, B. & MOSCATO, S. 2001. Key Information: Selected Peer Resource Literature. *The Peer Facilitator Quarterly*, 17(1):14-21.

BRAMMER, L.M. 1988. The Helping Relationship: Process and Skills. 4de uitg. New Jersey : Prentice Hall. 181 p.

COD (The Concise Oxford Dictionary). 1982. 7de uitg. Oxford: Oxford University Press. 1258 p.

DE JAGER, M. 2003a. Inligtingsbrosjure. Port Elizabeth: PE Technikon.

DE JAGER, M. 2003b. Some Criteria for the selection of peer helpers/educators. Port Elizabeth: PE Technikon.

DE JAGER, M. 2004. PEER HELPING: At the Port Elizabeth Technikon. [Web:] http://www.petech.ac.za/sc/whatis.htm.

DUKE STUDENT HEALTH CENTER. 2004. Peer Educators. [Web:] http://healthydevil.studentaffairs.duke.edu/peer_educators/.

DUKE UNIVERSITY. 2004. Peer Tutoring Program. [Web:] http://aaswebsv.aas.duke.edu/skills/PTPwebsite/index.html.

DU TOIT, M. 1997. Constructive vs. Deconstructive coping strategies. (*In* Du Toit, M., Nienaber, A., Hammes-Kirsten, D., Kirsten, T., Claassens, E., Du Plessis, W. &

Wissing, M. A. Lifeskills & Coping programme for Adolescents: A Manual for Teachers. Department of Psychology. Potchefstroom Campus, North-West University. p. 181-224).

EATON, L., FLISHERA, A.J. & AAROB, L.E. 2002. Social Science & Medicine: Unsafe sexual behaviour in South African Youth.
[Web:] http://www.speakout.org.za/medical/hiv/hiv_social_science.htm.

EGAN, G. 1990. The Skilled Helper: A Systematic Approach to Effective Helping. 4de uitg. California : Brooks/Cole Publishing Company. 445 p.

ELS, J. 2003. Wat word van ons studente? *Sarie*, 11:54-58, November.

FERREIRA, R. & MATTHEUS, A. 2003. Ervaringe van 'n Portuurgroepondersteuningspan in 'n Suid-Afrikaanse Hoërskool. *Education as Change/Onderwys as verandering*, 7(2):103-125, Desember.

FITZSIMONS, T. & WARREN, A. 2004. Kiwi students prefer boozing to studying.
[Web:] http://www.stuff.co.nz/stuff/print/0,1478,3045900a10,00.html.

FOLEY, J. 2004. Officials say violence on rise at University.
[Web:] http://www.cavalierdaily.com/CVArticle_print.asp?ID20433&pid1179.

GERBER, S. 1999. Does peer mediation really work? *Professional School Counseling*, 2(3):169, February.

GERRICK, R & SABELLA, R.A. 2004. Profiles of Pioneers: Ira Sachnoff.
[Web:] http://www.peerhelping.org/Profiles/Irasachnoff.htm.

GOOGLE ANSWERS. 2004. Stats on college kids (university students) and mental health in US. [Web:] http://answers.google.com/answers/threadview?id=392764.

GRACE-KOBAS, L. 1998. Core Institute Press Releases: National study finds 43% of college students report episodes of violence and harassment caused by substance abuse. [Web:] http:www.siu.edu/departments/coreinst/public_html/press.html.

HALL, G. 2004. College Students and Smoking.
[Web:] http://www.campusblues.com/smoking.asp.

HAT (Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal) 1984. 2de uitg. Johannesburg : Perskor. 1378 p.

HECAODP (The Higher Education Center for Alcohol and Other Drug Prevention). 2004a. Marijuana Use Among Students at Institutions of Higher Education. [Web:] http://www.campusblues.com/drugs8.asp.

HECAODP (The Higher Education Center for Alcohol and Other Drug Prevention). 2004b. Infofacts Resources: Racial and EthnicDifferences in Alcohol and Other Drug. [Web:] http://www.campusblues.com/drugs9.asp.

HECAODP (The Higher Education Center for Alcohol and Other Drug Prevention). 2004c. Infofacts Resources: Interpersonal Violence and Alcohol and Other Drug. [Web:] http://www.campusblues.com/drugs6.asp.

HECAODP (The Higher Education Center for Alcohol and Other Drug Prevention). 2004d. Alcohol and Acquaintance Rape: Strategies to protect yourself and each other. [Web:] http://www.campusblues.com/drugs1.asp.

HOLLAND, P. 2004. UCSC Psychiatry Service: Depression and Suicide. [Web:] http://www2.ucsc.edu/psychiatry/depression.html.

HONG, L. & LUCKEY, R.H. 2000. Kansas State University Campaign for Nonviolence: American College Health Association Task Force on Campus Violence. [Web:] http://www.ksu.edu/nonviolence/Documents/CVTF.White.Paper.htm.

ICT (Infection Control Today). 2003. College Students Expose Themselves to the Dangers of Sexually Transmitted Diseases. [Web:] http://www.infectioncontroltoday.com/hotnews/38h611131.html.

JOHNSTON, R. 2004. Historical abortion statistics, South Africa. [Web:] http://www.johnstonsarchive.net/policy/abortion/ab-southafrica.html.

LE GRANGE, D., TELCH, C.F. & TIBBS, J. 1998. Eating Attitudes and Behaviours in 1,435 South African Caucasian and Non-Caucasian College Students. [Web:] http://ajp.psychiatryonline.org/cgi/content/full/q55/2/250.

LEWIS, M.W. & LEWIS, A.C. 1996. Peer helping programs: helper role, supervisor training, and suicidal behaviour. *Journal of Counseling & Development*, 74(3):307, January/February.

LOCKE, K. & SABELLA, R.A. 2004. Profiles of Pioneers: Barbara B. Varenhorst, PhD. [Web:] http://www.peerhelping.org/Profiles/Barbaravarenhorst.htm.

LOUW, D.A. 1990. Dwelmmiddelmisbruik en –afhanklikheid. (*In* Louw, D.A., *red.* Suid-Afrikaanse Handboek van Abnormale Gedrag. Johannesburg : Southern Boekuitgewers. p. 341-368.)

LOUW, D.A. & GOUWS, L.A. 1990. Alkoholmisbruik en –afhanklikheid. (*In* Louw, D.A., *red.* Suid-Afrikaanse Handboek van Abnormale Gedrag. Johannesburg : Southern Boekuitgewers. p. 369-391.)

LOUW, D.A. & LOUW, A.E. 1990. Diverse psigopatologiese toestande. (*In* Louw, D.A., *red.* Suid-Afrikaanse Handboek van Abnormale Gedrag. Johannesburg : Southern Boekuitgewers. p. 471-516.)

LOUW, D.A. & VAN JAARSVELD, P.E. 1990. Gemoedsversteurings. (*In* Louw, D.A., *red.* Suid-Afrikaanse Handboek van Abnormale Gedrag. Johannesburg : Southern Boekuitgewers. p. 167-188.)

MARTIN, M. 1997. Peer Tutoring. *Issues of Teaching and Learning*, 3(3). [Web:] http://www.csd.uwa.edu.au/newsletter/issue0397/peer .html.

NATIONAL EATING DISORDERS ASSOCIATION. 2004. Anorexia Nervosa. [Web:] http://www.campusblues.com/body_image2_3.asp.

NBCC (New Brunswick Community College) SAINT JOHN. 2004. Peer Tutoring. [Web:] http://www.saintjohn.nbcc.nb.ca/Student/PeerTutoring.asp.

NMHA (National Mental Health Association). 2004. Campaign for America's Mental Health: Finding Hope & Help - College Student and Depression Pilot Initiative. [Web:] http://www.nmha.org/camh/college/index.cfm.

NPHA (National Peer Helpers Association). 2002. National Peer Helpers Association Programmatic Standards Checklist. [Web:] http://www.peerhelping.org/NPHAPublications/standards.htm.

NPHA (National Peer Helpers Association). 2004. Background on the National Peer Helpers Association. [Web:] http://www.peerhelping.org/AboutNPHA/NPHA%20Background.htm .

NWU (Noordwes-Universiteit). 2003. Studenteraad: Prinsipiële Leiding. [Web:] http://www.puk.ac.za/studentelewe/ssr/.

ONDCP (Office of National Drug Control Policy). 2002. FACT SHEET: Drug Use Trends October 2002.
[Web:] http://www.whitehousedrugpolicy.gov/publications/factsheet/druguse/.

OPPELT, P. 1999. SA students fighting fit, but being fat is a problem.
[Web:] http://www.suntimes.co.za/1999/07/04/news/news05.htm.

PATTERSON, K. 2003. College students report more stress, depression. [Web:] http://www.billingsgazette.com/index.php?tl=1&display=rednews/2003/03/17/build/health/**stress**-campus.inc

PEER COUNSELING SERVICES. 2004. Peer Counseling Services.
[Web:] http://www.trcil.50megs.com/peer.html.

PEER MINISTRY (The National Peer Ministry Training Centre). 2004. About Peer Ministry. [Web:] http://www.peerministry.org/about/pmdo.html.

PLOMP, TJ. 1992. Onderwijskundig ontwerpen: een inleiding. (*In* Plomp, Tj., Feteris, A., Pieters, J.M. & Tomic, W., *red.* Ontwerpen van Onderwijs en Training. Utrecht : Lemma Uitgeverij. p.19-30.)

POWELL, J. & SHARPE, M. 2002. Anorexia Nervosa.
[Web:] http://www.netdoctor.co.uk/diseases/facts/anorexianervosa.htm.

PRINSLOO, J.F. & LOUW, D.A. 1990. Selfmoord. (*In* Louw, D.A., *red.* Suid-Afrikaanse Handboek van Abnormale Gedrag. Johannesburg : Southern Boekuitgewers. p. 189-204.)

REPAK, N. 2004. Emotional Fatigue: Coping with Academic Pressure.
[Web:] http://www.gradresources.org/articles/emotional_fatigue.shtml.

SABCNEWS. 2004. More than 5 000 suicides could be committed in 2004.
[Web:] http:/www.sabcnews.com/Article/PrintWholeStory/0,2160,74611,00.html.

SAHRC (South African Human Rights Commission). 2003. Hate Crimes and Hate Speech in South Africa. [Web:] http://www.sahrc.org.za/hate_crimes_paper.PDF.

SALZWEDEL, I. 2004. Selfmoord: dood aan eie hand. *Taalgenoot:*14-16, November/Desember.

SAUVE, L. 2003. Oregon Daily Emerald: University Health Centre reports Student Pregnancy Statistics.
[Web:] http://www.dailyemerald.com/news/display.v/ART/2003/06/04/3ede174d61237.

SHALALA, D.E. 1995. NIAAA Publications: Alcohol Alert - Message From Secretary of Health and Human Services. [Web:] http://www.niaaa.nih.gov.publications/aa29.htm.

SHARMA, V.P. 1996. Mind Publications: Suicide continues on the Rise in Our Society. [Web:] http://www.mindpub.com/art176.htm.

SMITH, C. 2004. Rape has become a way of life in South Africa. [Web:] http://www.sundayindependent.co.za/index.php?fSectionId=1042&fArticleId=2238856.

TANAKA, G. & REID, K. 1997. Peer helpers: Encouraging kids to confide. *Educational Leadership*, 55(2):29-31, October.

THE NATIONAL INSTITUTE ON DRUG ABUSE. 2003. Epidemiologic Trends in Drug Abuse: Advance Report, December 2002.
[Web:] www.nida.nih.gov/about/organization/CEWG/AdvancedRep/1202adv.html.

THE PEACE FOUNDATION. 2004. Cool Schools Secondary Programme.
[Web:] http://www.peace.net.nz/secondaryprogramme.htm.

UCPS (University Counseling and Psychological Service). 2002. Oregan State University: Bulimia. [Web:] http://oregonstate.edu/dept/counsel/bulimia.html.

UNIVERSITY OF OZARKS. 2004. Syllabus for Peer Mentors.
[Web:] http://departments.ozarks.edu/mentors/syllabus_for_peer_mentors.htm.

USF (University of South Florida). 2004. The Counseling Centre for Human Development: Depression.
[Web:] http:isis.fastmail.usf.edu/counsel/self-hlp/depress.htm.

VAN DE WOLDE, J. 1992. Het algemeen model voor systematische probleemaanpak. (*In* Plomp, Tj., Feteris, A., Pieters, J.M. & Tomic, W., *red.* Ontwerpen van Onderwijs en Training. Utrecht : Lemma Uitgeverij. p.65-86.)

VREKEN, N.J. & RENS, J.A. 2001. 'n Bestuursopsomming van die ondersoek na die waarde-oriëntering van studente aan die PU vir CHO. (Verslag.) Potchefstroom. 14 p. (Ongepubliseerd.)

VREKEN, N.J., VREKEN, R., RENS, J.A., RENS, A.P.J. & DU PLOOY, J.F. 2003. Gesprekke gevoer met huisouers van koshuise aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit op 11 Junie 2003 te Potchefstroom.

WHOLISTIC STRESS CONTROL INSTITUTE. 2004. What is burnout? [Web:] http://www.mindspring.com/~wholistic/burnout.html.

ZEELIE, C. 2004. AIDS - The latest statistics. [Web:] http://www.petech.ac.za/aids/.

# BYLAES

## BYLAAG A

**VRAELYS OOR DIE MOONTLIKE BEHOEFTE AAN PORTUURHULP IN KOSHUISE**

**Koshuis**

| | |
|---|---|
| | |

1. Algemene inligting (merk met 'n kruisie)

1.1 Geslag

| | |
|---|---|
| M | V |

1.2 Hoeveelste jaar is jy?

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5+ |

1.3 Moedertaal

| | | | |
|---|---|---|---|
| Afr | Eng | Tswana | Ander |

2. Hoe hanteer jy probleme?

Elke mens ervaar van tyd tot tyd probleme. Soms is dit eenvoudige probleme wat jy maklik self oplos, maar soms is dit moeilike probleme wat baie van jou tyd en gedagtes in beslag neem.

Daar is verskeie maniere om probleme te hanteer en by oplossings uit te kom. Ons wil graag by jou weet hoe dikwels jy van elk van die volgende metodes gebruik maak wanneer jy probleme van 'n meer ernstige aard moet hanteer (Gee asb. 'n antwoord op elkeen van onderstaande metodes).

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1 = Nooit | 2 = Soms | 3 = Dikwels | 4 = Altyd | 5 = NVT |

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 2.1 | Praat met my ouers/voogde | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 2.2 | Praat met my predikant | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 2.3 | Praat met 'n goeie vriend(in) | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 2.4 | Praat met 'n HK-lid | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 2.5 | Praat met die Huisvader/-moeder | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 2.6 | Reël 'n afspraak met 'n professionele persoon bv. Sielkundige, berader, ens. | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 2.7 | Bly stil en probeer om dit self te hanteer | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 2.8 | Bly stil en hoop maar die probleem sal weggaan of homself oplos | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 2.9 | Bid daaroor | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 2.10 | Ander maniere (spesifiseer asb. | | | | | |
| 2.10.1 | | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 2.10.2 | | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 2.10.3 | | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

3. Moes jy al van professionele hulp gebruik maak?

| Ja | Nee |
|---|---|

4. In watter mate sou jy bereid wees om van die hulp en ondersteuning van 'n baie betroubare persoon op jou vloer/gang gebruik te maak indien jy weet dat so 'n persoon spesiaal opgelei is om vertroulik na jou te luister en jou dan te help om by 'n oplossing vir jou probleem uit te kom?

| Nooit | Soms | Dikwels | Altyd |
|---|---|---|---|

5. Daar is baie vereistes wat 'n mens aan 'n persoon/helper stel voordat jy die vrymoedigheid sal hê om na haar/hom toe te gaan met 'n probleem. Hoe belangrik beskou jy elk van die volgende kenmerke waaroor so 'n persoon/helper moet beskik?

| | |
|---|---|
| 1 = Glad nie belangrik | 2 = Effens belangrik |
| 3 = Redelik belangrik | 4 = Uiters belangrik |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 5.1 | Eerlikheid en opregheid | 1 | 2 | 3 | 4 |
| 5.2 | Vertroulikheid | 1 | 2 | 3 | 4 |
| 5.3 | Goeie luisteraarvaardighede | 1 | 2 | 3 | 4 |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 5.4 | Respek toon | 1 | 2 | 3 | 4 |
| 5.5 | Konsekwentheid | 1 | 2 | 3 | 4 |
| 5.6 | Goeie "help"-vaardighede | 1 | 2 | 3 | 4 |
| 5.7 | Empatie | 1 | 2 | 3 | 4 |
| 5.8 | Vriendelikheid | 1 | 2 | 3 | 4 |
| 5.9 | Toeganklikheid/openheid | 1 | 2 | 3 | 4 |
| 5.10 | Objektiwiteit | 1 | 2 | 3 | 4 |
| 5.11 | Geduld | 1 | 2 | 3 | 4 |
| 5.12 | Volwassenheid | 1 | 2 | 3 | 4 |

6. Hoe dikwels ervaar jy elke van die volgende tipe probleme (verskaf asb. 'n antwoord op elkeen van die tipe probleme).

| | |
|---|---|
| 1 = Voortdurend (elke dag) | 2 = Gereeld (meer as 1 x per maand) |
| 3 = Soms (1 x per semester) | 4 = Af-en-toe (1 x per jaar) |
| 5 = Nooit | |

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 6.1 | Emosionele probleme | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 6.2 | Liefdesprobleme | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 6.3 | Studieprobleme | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 6.4 | Loopbaanvooruitsigte (gaan ek werk kry?) | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 6.5 | Verhoudingsprobleme met kamermaat (waar van toepassing) | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 6.6 | Verhoudingsprobleme met ander studente (in die algemeen) | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 6.7 | Probleme met dosente | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 6.8 | Geloofsprobleme | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 6.9 | Finansiële probleme | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 6.10 | Probleme met jou ouers | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 6.11 | Selfbeeldprobleme | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 6.12 | Huweliksprobleme van jou ouers | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 6.13 | Jou onvermoë om jouself te laat geld/standpunt in te neem | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 6.14 | Skuldgevoelens oor jou drankmisbruik (waar van toepassing) | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 6.15 | Skuldgevoelens oor jou rookgewoontes (waar van toepassing) | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 6.16 | Skuldgevoelens oor jou seksuele aktiwiteite (waar van toepassing) | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 6.17 | Skuldgevoelens oor jou gedrag in die algemeen | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 6.18 | Skuldgevoelens oor jou humeur/aggressie | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 6.19 | Skuldgevoelens oor jou taalgebruik (vloek/krutaal) | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 6.20 | Bekommernis oor die toekoms | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 6.21 | Bekommernis oor die politieke situasie in SA | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 6.22 | Bekommernis oor die misdaad en geweld | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 6.23 | Bekommernis oor die sin van die lewe | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 6.24 | Bekommernis oor die sin van jou studies | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 6.25 | Probleme met selfdissipline | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 6.26 | Probleme met jou gesondheid (w.o. vigs, kanker, vrugbaarheid, diabetes, ens.) | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 6.27 | Probleme met jou eetgewoontes | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 6.28 | Probleme met jou voorkoms | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 6.29 | Probleme met jou fiksheid | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 6.30 | Probleme met jou werksdruk | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 6.31 Spanning/stress | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 6.32 Eensaamheid | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 6.33 Kommunikasievrees | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 6.34 Fobies (hoogtevrees, ens.) | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 6.35 Enige ander probleme (Spesifiseer asb.) | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 6.35.1 | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 6.35.2 | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 6.35.3 | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

7. Enige kommentaar wat jy wil lewer oor hierdie saak of oor die vraelys?

.............................................................................................................................

.............................................................................................................................

.............................................................................................................................

.............................................................................................................................

.............................................................................................................................

.............................................................................................................................

***Baie dankie vir jou samewerking***

Mev. R. du Plooy

**BYLAAG B**

**VRAELYS OOR DIE VERWAGTINGE VAN DIE KURSUS**

Geslag: | Manlik | Vroulik |

In watter hoedanigheid woon jy die kursus by? ______________________

Koshuis: ______________________________________

Antwoord die volgende vrae asb. so eerlik as moontlik.

Die doel van die vraelys is om die verwagtinge, gesindhede en houdings waarmee kursusgangers na die kursus toe kom, te evalueer.

| | **Ja** | **Nee** | **?** |
|---|---|---|---|
| 1. Woon jy die kursus vrywillig by? | | | |
| 2. Is daar enige druk op jou geplaas om die kursus by te woon? | | | |
| 3. Sien jy uit na die kursus? | | | |
| 4. Sou jy vooraf meer wou geweet het oor die kursus? | | | |
| Indien "ja" wat sou jy wou weet? Spesifiseer asb<br>______________________<br>______________________<br>______________________ | | | |
| 5. Verwag jy dat die kursus interessant gaan wees? | | | |
| 6. Verwag jy dat die inhoude relevant gaan wees? | | | |
| 7. Verwag jy dat jy baie sal moet sit en luister? | | | |
| 8. Sou jy graag wou hê dat jy aktief moet deelneem aan die kursus? | | | |
| 9. Verwag jy dat | | | |
| (a) jy baie nuwe kennis gaan opdoen? | | | |
| (b) jy bepaalde vaardighede gaan ontwikkel? | | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| (c) jy bepaalde waardes gaan aanleer? | | | |
| (d) jou gesindheid teenoor mede-studente gaan verander? | | | |
| 10. Ervaar jy dit dat mense na jou toe kom met hulle probleme? | | | |
| Indien "ja" | | | |
| (a) Voel jy bevoegd om hulle te help? | | | |

(b) In watter hoedanigheid kom mense na jou toe (as vriend, HK-lid, ens)? Spesifiseer asb.

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

11. Skryf asb neer wat jy tans verstaan onder 'n portuurhelper?

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

12. Enige iets anders wat jy nou graag wil sê: ____________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

Baie dankie

Riana du Plooy

**BYLAAG C**

**EVALUERINGSVRAELYS NA AFLOOP VAN DIE KURSUS**

Geslag:

| Manlik | Vroulik |
|---|---|
| | |

In watter hoedanigheid het jy die kursus bygewoon? ______________________

Koshuis: ______________________________________________

In watter groep was jy? [ ]

Antwoord die volgende vrae asb. so **eerlik** as moontlik. Die doel van die vraelys is om na afloop van die kursus die sukses van die kursus te evalueer.

| | **Ja** | **Nee** | **?** |
|---|---|---|---|
| 1. Het jy die kursus geniet? | | | |
| 2. Het die kursus aan jou verwagtinge voldoen? | | | |
| 3. Voel jy dat jy waardevolle vaardighede bygeleer het? | | | |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 4. Was die inhoude van die kursus relevant en interessant? Evalueer die inhoud op 'n 5 punt skaal (1 = Glad nie - 5 Uitstekend) | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Sessie 1 Kenmekaar | | | | | |
| Sessie 2 Ken jouself | | | | | |
| Sessie 3 Nie-verbale kommunikasie (FELORI) | | | | | |
| Sessie 4 Padblokkades ("Dirty Dozen") | | | | | |
| Sessie 5 Luister empaties | | | | | |
| Sessie 6 Vraagstelling | | | | | |
| Sessie 7 Self-openbaring | | | | | |
| Sessie 8a Ek-en-jy-boodskappe | | | | | |
| Sessie 8b Ego-rolle in kommunikasie | | | | | |

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Sessie 9 Waardes | | | | | |
| | Sessie 10 Probleemhantering | | | | | |
| | Sessie 11 Verhoudingsprobleme (Mars:Venus) | | | | | |
| | Sessie 12 Vertroulikheid/Etiek | | | | | |

| | | Ja | Nee | ? |
|---|---|---|---|---|
| 6. | Is daar enige areas wat volgens jou nie aangespreek is in die kursus nie? | | | |
| | Waarin sou jy graag meer opleiding wou hê? ______________________ ______________________ | | | |

| | | Ja | Nee | ? |
|---|---|---|---|---|
| 7. | Was die metode van aanbieding bv. rolspel, probleemoplossing, groepwerk effektief gewees? | | | |
| 8. | Was die aktiwiteite van die kursus effektief? | | | |
| 9. | Was die kursusmateriaal voldoende en effektief? | | | |
| 10. | Het jy | | | |
| | (a) bepaalde vaardighede ontwikkel? | | | |
| | (b) bepaalde waardes aangeleer? | | | |
| | (c) het jy 'n gesindheidsverandering teenoor hulp aan jou medestudente ondergaan? | | | |
| 11. | Wat is jou opinie oor die aanbieder van die kursus? ______________________ ______________________ | | | |
| 12. | Sou jy dit verkies dat die kursus oor 'n langer tydperk strek? | | | |
| 13. | Sou jy die kursus aanbeveel aan iemand anders? | | | |
| 14. | Enige laaste opmerking? ______________________ ______________________ | | | |

## BYLAAG D

## OPLEIDINGSGELEENTHEID VAN PORTUURHELPERS VIR DIE UNIVERSITEITS-KOSHUISOPSET TE POTCHEFSTROOMKAMPUS VAN DIE NOORDWES-UNIVERSITEIT OP 20-21 FEBRUARIE 2004

**Besonderhede van fasiliteerders**

**Fasiliteerder 1**

Prof. N.J. Vreken
Skool vir Opvoedkunde en Opleiding
Fakulteit Opvoedingswetenskappe
Potchefstroomkampus Noordwes-Universiteit
Telnr: (018) 299 1894
Epos: soonjv@puk.ac.za

**Fasiliteerder 2**

Dr. M. Drinkwater
Skool vir Opvoedkunde en Opleiding
Fakulteit Opvoedingswetenskappe
Potchefstroomkampus Noordwes-Universiteit
Telnr: (018) 299 1892
Epos: soomd@puk.ac.za

**Fasiliteerder 3**

Mev. J.A. Rens
Skool vir Opvoedkunde en Opleiding
Fakulteit Opvoedingswetenskappe
Potchefstroomkampus Noordwes-Universiteit
Telnr: (018) 299 1893
Epos: soojar@puk.ac.za

**BYLAAG E**

**BESONDERHEDE VAN KUNDIGES BY TERSIÊRE OPLEIDINGSINSTANSIES WAARMEE SEMI-GESTRUKTUREERDE ONDERHOUDE GEVOER IS**

**Opleidingsinstansie 1**

**MARINA DE JAGER**

Student Counselling and Development
Port Elizabeth Technikon (Main Campus)
Private Bag X6011
Port Elizabeth 6000
Tel: (041) 5043222
Email: marina@petech.ac.za

**MMAMPHO TOKOTA**

Student Counselling and Development
Port Elizabeth Technikon (College Campus)
Private Bag X6011
Port Elizabeth 6000
Tel: (041) 5043854
Email: beatrice@petech.ac.za

**ZOLEKA SOJI**

Unit for Student Counselling
University of Port Elizabeth
PO Box 1600
Port Elizabeth 6000
Tel: (041) 5042511
Email: zoleka.soji@upe.ac.za

**Opleidingsinstansie 2**

**TANIA VERGNANI**

Director: HIV-AIDS Programme

Room11, A Block

University of the Western Cape

Private Bag X17

Bellville, 7535

Tel: (021) 959 2247/2432

Email: tvergnani@uwc.ac.za

**SISTER LIZ SMITH**

Campus Health Nurse

Student Health Services

University of the Western Cape

Private Bag X17

Bellville, 7535

Tel: (021) 959 2875/3967

Email: esmith@uwc.ac.za

**Opleidingsinstansie 3**

**DR. J. DE KLERK**

Lektor in Filosofie van die Opvoeding

Departement Opvoedkunde

Universiteit van Stellenbosch

Tel: (021) 808 2281

Epos: jdkl@sun.ac.za

**BYLAAG F**

**BESONDERHEDE VAN KUNDIGE BY SEKONDÊRE OPLEIDINGSINSTANSIES WAARMEE SEMI-GESTRUKTUREERDE ONDERHOUD GEVOER IS**

**MRS. SANDY PROTHEROE**

Tel: (041) 582 4677

Cell: 084 513 0226

Email: protheroe@freemail.absa.co.za

Pearson Secondary School

Summerstrand

Port Elizabeth 6000

Tel: (041) 583 2111